

**DIE VERBAND TUSSEN STUDIEGEWOONTES EN -HOUDINGS EN ENKELE
TYDBENUTTINGSPATRONE VAN STANDERD AGT-LEERLINGE**

Ingedien deur

Petrus Hendrik du Preez, B.A., B.Ed.

Verhandeling goedgekeur vir gedeeltelike nakoming
van die vereistes vir die graad

Magister Educationis

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir

Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Professor H.B. Kruger

Potchefstroom

1977

Opgedra aan my Ouers, Annalouise,
Gert en Betsie

Hiermee betuig ek my opregte dank aan almal wat 'n aandeel gehad het in hierdie ondersoek.

My besondere dank aan:

DIE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING vir die vrystelling van die gegewens wat in die verhandeling gebruik is.

My studieleier, Professor H.B. Kruger, vir sy deskundige leiding en hulp. Dit was 'n voorreg en verrykende ervaring om onder sy leiding te studeer.

Mnr. P. Crouse vir die taalkundige versorging.

My eggenote vir haar aanmoediging, belangstelling en ondersteuning.

My ouers vir hulle jarelange ondersteuning, hulp en voorbidding.

Aan Hom alle eer.

P.H. DU PREEZ

ERKENNING WORD HIERMEE VERLEEN AAN DIE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING VIR ALLE GEGEWENS EN VERWERKINGS WAT IN HIERDIE VERHANDELING GEBRUIK IS. MENINGS IN HIERDIE WERK UITGESPREK OF GEVOLGTREKKINGS WAARTOE GERAAK IS, IS DIÉ VAN DIE SKRYWER EN MOET IN GEEN GEVAL BESKOU WORD AS 'N WEERGAWA VAN DIE MENINGS OF GEVOLGTREKKINGS VAN DIE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING NIE.

oooOooo

HOOFSTUK

1	DIE VRAAGSTUK, DOEL EN METODE	1
1.1	Inleiding	1
1.2	Die vraagstuk	2
1.3	Doelstellings	3
1.4	Hipoteses	4
1.5	Die proefpersone	4
1.6	Die metode	4
1.7	Die aanbieding	5
1.8	Samevatting	5
2	LITERATUURORSIG	6
2.1	Inleiding	6
2.2	Benaderings ten opsigte van suksesvolle en onsuksesvolle studie	6
2.2.1	Intellektuele en nie-intellektuele faktore as voorspellers	7
2.2.2	Intellektuele en nie-intellektuele faktore as kriteria sowel as voorspellers	8
2.3	Studiegewoontes en -houdings	10
2.3.1	Inleiding	10
2.3.2	Studiegewoontes	11
2.3.2.1	Omskrywing en definisies van studiegewoontes	11
2.3.3	Studiehoudings	12
2.3.3.1	Omskrywing en definisies van houdings	12
2.3.4	Studiegewoontes en -houdings en akademiese prestasie	15
2.3.5	Bespreking van bepaalde navorsingsprojekte	21
2.4	Biografiese gegewens	30
2.4.1	Inleiding	30
2.4.2	Biografiese veranderlikes as voorspellers van akademiese prestasie	31
2.5	Tydbenutting en vrye tyd	38
2.5.1	Inleiding	38
2.5.2	Die begrippe vrye tyd en vryetydsbesteding	38
2.5.3	Tydbenutting	40
2.6	Samevatting	41
3	EKSPERIMENTELE ONTWERP	43
3.1	Inleiding	43
3.2	Die steekproef	43
3.2.1	Samestelling van die steekproef	43
3.3	Meetinstrumente	46
3.3.1	Opname van studiegewoontes en -houdings (OSGH)	46
3.3.1.1	Inleiding	46
3.3.1.2	Die doel met die vraelys	46
3.3.1.3	Gebruike van die OSGH	46
3.3.1.4	Die skale van die vraelys	47
3.3.1.5	Betroubaarheid van die OSGH	48
3.3.2	Biografiese vraelys	48
3.3.2.1	Seleksie van vrae	49
3.3.2.2	Vrae gebruik in ondersoek	49

3.3.3	Tydbenuttingsvraelys	51
3.3.3.1	Seleksie van vrae	51
3.3.3.2	Vrae gebruik in ondersoek	51
3.4	Toepassing en nasien van die meetinstrumente	54
3.4.1	Inleiding	54
3.4.2	Opleiding van toetsafnemers	54
3.4.3	Voorbereiding en versending van toetsmateriaal	55
3.4.4	Toetsprosedure	56
3.4.5	Omstandighede waaronder toetse toegepas is	57
3.4.6	Terugontvangs van die toetsmateriaal	57
3.4.7	Kontrolering en kodering	57
3.4.8	Pons en redigering van gegewens	58
3.4.9	Statistiese verwerkings	58
3.5	Samevatting	59
4	BIOGRAFIESE GEGEWENS, TYDBENUTTINGSPATRONE EN OSGH-TELLINGS	60
4.1	Inleiding	60
4.2	Biografiese gegewens	60
4.3	Tydbenuttingsvraelys	78
4.4	Opname van studiegewoontes en -houdings	101
4.5	Samevatting	104
5	AANBIEDING EN BESPREKING VAN DIE RESULTATE	105
5.1	Inleiding	105
5.2	Toets vir reglynigheid van die verband	105
5.3	Die verband tussen die skaal Vermydning van uitstel (VJ/DA) en tydbenutting- en biografiese veranderlikes	113
5.3.1	Afrikaanssprekende seuns en meisies	113
5.3.2	Engelssprekende seuns en meisies	115
5.4	Die verband tussen die skaal Werkmetodes (WM/WM) en tydbenutting- en biografiese veranderlikes	115
5.4.1	Afrikaanssprekende seuns en meisies	115
5.4.2	Engelssprekende seuns en meisies	120
5.5	Die verband tussen die skaal Studiegewoontes (SG/SH) en tydbenutting- en biografiese veranderlikes	120
5.5.1	Afrikaanssprekende seuns en meisies	123
5.5.2	Engelssprekende seuns en meisies	125
5.6	Die verband tussen die skaal Onderwyser-goedkeuring (OG/IA) en tydbenutting- en biografiese veranderlikes	128
5.6.1	Afrikaanssprekende seuns en meisies	128
5.6.2	Engelssprekende seuns en meisies	130
5.7	Die verband tussen die skaal Aanvaarding van onderwys (AO/EA) en tydbenutting- en biografiese veranderlikes	133
5.7.1	Afrikaanssprekende seuns en meisies	133
5.7.2	Engelssprekende seuns en meisies	135
5.8	Die verband tussen die skaal Studiehoudings (SH/SA) en tydbenutting- en biografiese veranderlikes	136
5.8.1	Afrikaanssprekende seuns en meisies	140
5.8.2	Engelssprekende seuns en meisies	140
5.9	Die verband tussen die skaal Studie-oriëntasie (SO) en tydbenutting- en biografiese veranderlikes	143
5.9.1	Afrikaanssprekende seuns en meisies	143
5.9.2	Engelssprekende seuns en meisies	145
5.10	Samevatting	147

6	SAMEVATTING EN AANBEVELINGS	148
6.1	Inleiding	148
6.2	Doel met die ondersoek	148
6.3	Metode van ondersoek	148
6.3.1	Die steekproef	148
6.3.2	Meetinstrumente	149
6.3.3	Statistiese tegnieke	149
6.4	Bevindinge	149
6.4.1	Biografiese- en agtergrondgegevens	149
6.4.2	Tydbenuttingveranderlikes	153
6.5	Aanbevelings	159
6.5.1	Aanbevelings ten opsigte van die voorligter en onderwyser	159
6.5.2	Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing	161
6.6	Slotopmerking	162
	Summary	163
	Bibliografie	165

TABEL

2.1	VOORSPELLER- KRITERIUM- KOMBINASIES	9
3.1	TOTALE STEEKPROEF	44
3.2	VERDELING VAN STEEKPROEF VOLGENS TAAL WAARIN ONDERRIG ONTVANG WORD	45
3.3	VERDELING VAN STEEKPROEF VOLGENS WOONPLEK GEDURENDE SKOOLKWARTALE	45
3.4	GEKORRIGEERDE HALFVERDELINGSBETROUBAARHEID VIR DIE VIER PRIMÊRE SKALE VAN DIE OSGH	48
4.1	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS VADER SE BEROEP	61
4.2	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS MOEDER SE BEROEP	62
4.3	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE BEROEPSKEUSE	63
4.4	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS BRON VAN INLIGTING IN VERBAND MET HULLE BEROEPSKEUSE	65
4.5	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS BESKIKBAARHEID VAN 'N PLEK OM HUISWERK TE KAN DOEN	66
4.6	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE VERANDERING VAN WOON= PLEK VAN HUL OERS	68
4.7	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS SKOOLVERWISSELING	69
4.8	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DRUIPING OP SKOOL	71
4.9	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS STUDIE-ASPIRASIE	72
4.10	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GESONDHEIDSTOESTAND	73
4.11	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GEMIDDELDE IK-PUNTE	74
4.12	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS SKOOLPRESTASIE	76
4.13	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TYD WAT HULLE PER DAG AAN HUISWERK BESTEE. (MAANDAG TOT DONDERDAG)	79
4.14	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TYD WAT HULLE OOR NAWEKE AAN HUISWERK BESTEE	80
4.15	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TYD WAT HULLE PER WEEK AAN LEES BESTEE	81
4.16	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL KERE PER WEEK WAT HULLE GEDURENDE SKOOLKWARTALE TOEGELAAT WORD OM ALLEEN IN DIE AAND UIT TE GAAN	82
4.17	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DEELNAME AAN SPORTAKTI= WITEITE	84
4.18	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TYD WAT AAN SPORTAKTIWI= TEITE BESTEE WORD	85
4.19	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DEELNAME AAN KULTURELE AKTIWITEITE	87
4.20	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TYD WAT AAN KULTURELE AKTIWITEITE BESTEE WORD	88

4.21	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL STOKPERDJIES	89
4.22	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TYD WAT AAN STOKPERDJIES BESTEE WORD	90
4.23	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TYD PER DAG WAT HULLE NA DIE RADIO LUISTER (MAANDAG TOT DONDERDAG GEDURENDE SKOOLKWARTALE)	92
4.24	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE BIOSKOOPBESOEK	94
4.25	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE INRYTEATERBESOEK	95
4.26	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TYD WAT HULLE SAANS GAAN SLAAP (MAANDAE TOT DONDERDAE)	96
4.27	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS OPSTAANTYD (MAANDAE TOT VRYDAE)	97
4.28	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS AKTIWITEITVOORKEUR	99
4.29	RESULTATE VAN DIE OSGH	101
4.30	VERSKILLE SEUNS TEENoor MEISIES IN DIE 7 VELDE VAN DIE OSGH	103
5.1	KORRELASIES TUSSEN SKAAL (VJ/DA) VAN OSGH EN TYDBENUT= TING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES (AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE)	111
5.2	KORRELASIES TUSSEN SKAAL (VJ/DA) VAN OSGH EN TYDBENUT= TING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES (ENGELSSPREKENDE LEERLINGE)	114
5.3	KORRELASIES TUSSEN SKAAL (WM/WM) VAN OSGH EN TYDBENUT= TING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES (AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE)	116
5.4	KORRELASIES TUSSEN SKAAL (WM/WM) VAN OSGH EN TYDBENUT= TING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES (ENGELSSPREKENDE LEERLINGE)	118
5.5	KORRELASIES TUSSEN SKAAL (SG/SH) VAN OSGH EN TYDBENUT= TING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES (AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE)	121
5.6	KORRELASIES TUSSEN SKAAL (SG/SH) VAN OSGH EN TYDBENUT= TING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES (ENGELSSPREKENDES)	124
5.7	KORRELASIES TUSSEN SKAAL (OG/TA) VAN OSGH EN TYDBENUT= TING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES (AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE)	126
5.8	KORRELASIES TUSSEN SKAAL (OG/TA) VAN OSGH EN TYDBENUT= TING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES (ENGELSSPREKENDE LEERLINGE)	129
5.9	KORRELASIES TUSSEN SKAAL (AO/EA) VAN OSGH EN TYDBENUT= TING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES (AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE)	131
5.10	KORRELASIES TUSSEN SKAAL (AO/EA) VAN OSGH EN TYDBENUT= TING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES (ENGELSSPREKENDE LEERLINGE)	134
5.11	KORRELASIES TUSSEN SKAAL (SH/SA) VAN OSGH EN TYDBENUT= TING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES (AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE)	137

5.12	KORRELASIES TUSSEN SKAAL (SH/SA) VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES (ENGELSSPREKENDE LEERLINGE)	139
5.13	KORRELASIES TUSSEN SKAAL (SO) VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES (AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE)	141
5.14	KORRELASIES TUSSEN SKAAL (SO) VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES (ENGELSSPREKENDE LEERLINGE)	144
6.1	KORRELASIES TUSSEN DIE SEWE SKALE VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES (AFRIKAANSSPREKENDE SEUNS)	150
6.2	KORRELASIES TUSSEN DIE SEWE SKALE VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES (AFRIKAANSSPREKENDE MEISIES)	151
6.3	KORRELASIES TUSSEN DIE SEWE SKALE VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES (ENGELSSPREKENDE SEUNS)	154
6.4	KORRELASIES TUSSEN DIE SEWE SKALE VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES (ENGELSSPREKENDE MEISIES)	155

GRAFIEKE

BLADSY

5.1	KORRELASIES TUSSEN SKAAL (VJ/DA) EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES	112
5.2	KORRELASIES TUSSEN SKAAL (WM/WM) EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES	119
5.3	KORRELASIES TUSSEN SKAAL (SG/SH) EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES	122
5.4	KORRELASIES TUSSEN SKAAL (OG/TA) EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES	127
5.5	KORRELASIES TUSSEN SKAAL (AO/EA) EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES	132
5.6	KORRELASIES TUSSEN SKAAL (SH/SA) EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES	138
5.7	KORRELASIES TUSSEN SKAAL (SO) EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES	142

DIE VRAAGSTUK, DOEL EN METOOE

1.1 INLEIDING

As gevolg van die daarstelling van die televisienetwerk in Suid-Afrika in 1976 kan daar grootskaalse veranderinge in die lewenspatroon van die gemeenskap verwag word. Televisie as kragtige massakommunikasiemiddel bring noodwendig mee dat die tyd wat die kind, student en volwassene voor die televisiestel bestee iewers vandaan gehaal moet word. Sekere aktiwiteite sal dus deur televisie-kyk geraak en gewysig word en daar vind 'n herorganisasie in tydbenutting en die gebruik van ander media plaas. Indien die kind te veel van sy tyd aan televisie bestee bestaan die moontlikheid dat hy ander aktiwiteite kan misloop wat noodsaaklik is vir sy normale ontwikkeling.

Besorgdheid met betrekking tot die invloed van televisie word deur ondersoekers, opvoedkundiges, ouers en onderwysers veral ten opsigte van die blootstelling van die kind daaraan uitgespreek. Enkele kwelvrae wat gewoonlik in die verband gestel word, is die volgende: Wat is die invloed van televisie op die kind se tydbenutting en studiegewoontes en -houdings? Hoe beïnvloed televisie kinders se skoolprestasie, huiswerk en leesgewoontes? Maak televisie kinders passief? Word 'n kind se lewensuitkyk en waardes beïnvloed? Is daar 'n verband tussen televisie en aggressiewe gedrag? Wat is die effek van geweld wat op televisie uitgebeeld word op die gedragspatrone van kinders? Beïnvloed televisie die kind se persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudings? Dit is geen maklike taak om antwoorde op hierdie vrae te vind nie. Oorsese ondersoeke wat reeds op die gebied gedoen is, soos o.a. dié van Schramm, Lyle en Parker (1961), Furu (1962), Himmelweit, Oppenheim en Vince (1958) en Robinson (1969), het sommige van die vrae beantwoord, maar by 'n groot aantal vrae nog geen helderheid gebring nie. Baie van die ondersoeke het verder in lande plaasgevind waar daar reeds vir 'n hele aantal jare televisie-uitsendings was, en dit toe onmoontlik was om 'n voor-blootstellingsbasis te kry vir latere vergelykingsdoeleindes. Daar is ook nog baie min gedoen ten opsigte van kumulatiewe invloede, deels ook as gevolg van die gebrek aan 'n voor-blootstellingsbasis.

Die instelling van televisie kompliseer die navorsing oor die studiegewoontes en -houdings en tydbenutting van die skoolgaande jeug en beklemtoon die noodsaaklikheid van ondersoeke wat kan dien as voor-blootstellingsbasis vir latere

vergelykingsdoeleindes, met die oog op kort-, middel- en langtermyn navorsing. Landman (1972, p. 185) konstateer dan ook onder andere in die verband: "Dit is gevolglik noodsaaklik om die aard van vryetydspatrone voor en na die instelling van hierdie massakommunikasiemiddel vas te stel om sodoende 'n beeld van sekere aspekte van die invloed daarvan te kry."

Hierdie ondersoek na die verband tussen studiegewoontes en -houdings en enkele tydsbenuttingspatrone van standaard agt-leerlinge vorm deel van 'n groter projek wat deur die RGN onderneem word met die doel om mettertyd die invloed van televisie in Suid-Afrika te bepaal. Die gegewens wat in die huidige ondersoek gebruik word is in 1974, dus voor die koms van televisie, ingesamel. Die gegewens kan dus gebruik word as basis vir latere vergelykingsdoeleindes in televisienavorsing.

In hierdie hoofstuk word die vraagstuk gestel, die doel en metode beskryf, die hipoteses om die ondersoek te rig en te organiseer geformuleer en 'n kort uiteensetting van die wyse van aanbieding gegee.

1.2 DIE VRAAGSTUK

Waarom presteer sommige leerlinge met 'n skynbaar hoë skolastiese aanleg swak op skool, terwyl ander met 'n skynbaar middelmatige aanleg goed presteer? Die vraag rig nie alleen 'n uitdaging aan persone wat met die probleem gemoeid is nie, maar het ook gelei tot vele ondersoeke oor skolastiese prestasie en 'n verskeidenheid faktore wat dit moontlik kan beïnvloed.

In hoofstuk 2 word aangetoon dat daar reeds verskeie ondersoeke gedoen is oor die verband tussen studiegewoontes en -houdings en akademiese prestasie, biografiese veranderlikes en akademiese prestasie asook oor die vryetydsbesteding van skoliere en studente. Die vraagstuk van watter tydsbenuttingspatrone verband hou met studiegewoontes en -houdings van standaard agt-leerlinge is egter nog nie ondersoek nie.

Navorsing deur Du Toit (1970) met behulp van die "Opname vir Studiegewoontes en -houdings" (OSGH), het verder aan die lig gebring dat die bydrae van studiegewoontes en -houdings tot prestasie in die middelbare skool net so belangrik is as dié van intelligensie, en dat studiegewoontes en -houdings redelik onafhanklik is van intelligensie. Die OSGH is 'n maklik toepasbare

maatstaf vir die evaluering van studiemetodes, motivering vir studie en bepaalde houdings ten opsigte van skoolastiese aktiwiteite wat in die klaskamer belangrik is.

In hoofstuk 2 word verder ook aangetoon dat die OSGH laag genoeg met verskillende aanlegtoetse korreleer om aan te dui dat die voorspellingswaarde van die OSGH grotendeels op faktore berus wat nie deur hierdie toetse gemeet word nie. Verder blyk dit ook dat tellings deur leerlinge behaal in die OSGH in die algemeen van standaard 6 na standaard 8 daal en dan weer styg. (Vergelyk Du Toit, 1970, p. 107 - 108). 'n Onderzoek na die studiegewoontes en -houdings van standaard agt-leerlinge en sekere tydbenuttingspatrone kan dus lei tot insiggewende bevindings en moontlik lig werp op die probleme van swak skoolprestasie en vroeë skoolverlating. Omdat in so 'n ondersoek ook belangrike biografiese gegewens verkry word kan ook vasgestel word of daar 'n verband is tussen biografiese veranderlikes en studiegewoontes en -houdings.

Die vraagstuk wat hier ondersoek word is die moontlike tydbenutting - en biografiese veranderlikes wat verband hou met die studiegewoontes en -houdings van standaard agt-leerlinge. Indien daar in die voor-televisie-era 'n verband tussen die leerlinge se studiegewoontes en -houdings en hul tydbenutting bevind word, kan 'n verandering in hul tydbenutting gedurende die televisie-era moontlik die leerlinge se skoolprestasie beïnvloed.

Die vraagstuk kan dus soos volg geformuleer word:

- 1.2.1 Is daar 'n verband tussen die studiegewoontes en -houdings en sekere tydbenuttingsveranderlikes van standaard agt-leerlinge?
- 1.2.2 Is daar 'n verband tussen die studiegewoontes en -houdings en sekere biografiese veranderlikes van standaard agt-leerlinge?

1.3 DOELSTELLINGS

Die doel met die ondersoek behels die volgende:

- 1.3.1 om enkele tydbenuttingspatrone van standaard agt-leerlinge vas te stel;
- 1.3.2 om die verband tussen die studiegewoontes en -houdings en sekere tydbenuttingspatrone van die leerlinge te ondersoek;
- 1.3.3 om vas te stel of sommige biografiese faktore die studiegewoontes en -houdings van leerlinge in standaard agt beïnvloed;
- 1.3.4 die implikasies van 1.3.1 - 1.3.3 vir die voorligter en onderwyser.

Die ondersoek kan dus as basis dien vir latere opvolgstudies om te bepaal of die koms van televisie die leerlinge se tydbenuttingspatrone beïnvloed, en indien wel, wat die implikasies daarvan is vir hul studiegewoontes en -houdings en skoolprestasie

1.4 HIPOTEESES

Daar word 2 hipoteses in die ondersoek getoets. Die eerste het betrekking op die tydbenuttingspatrone en die tweede op die biografiese veranderlikes.

1.4.1 Hipotese I

Daar bestaan 'n verband tussen sekere tydbenuttingsveranderlikes en die studiegewoontes en -houdings van standaard agt-leerlinge.

1.4.2 Hipotese II

Daar bestaan 'n verband tussen sekere biografiese veranderlikes en die studiegewoontes en -houdings van standaard agt-leerlinge.

1.5 DIE PROEFPERSONE

Vier groepe proefpersone is in die ondersoek gebruik, naamlik 1 381 blanke Afrikaanssprekende en Engelssprekende standaard 8-seuns en meisies wat ewekansig oor die RSA versprei is. Slegs leerlinge in provinsiale skole is betrek.

1.6 DIE METODE

Vir die doel van die ondersoek is die vraelys, Die Opname van Studiegewoontes en -houdings Vorm H, gebruik, asook die Biografiese Vraelys en die Tydbenuttingsvraelys wat deur die Instituut vir Kommunikasienavorsing van die RGN saamgestel is vir die projek "Die invloed van televisie op die skoolgaande jeug". Die vraelyste is gedurende 1974, dus voor die instelling van televisie, deur die proefpersone beantwoord waarna die gegewens gekontroleer en verwerk is. Vir die doel van die huidige ondersoek is die standaard agt-leerlinge se gegewens noukeurig gekontroleer en geredigeer alvorens die nodige verwerkings gedoen is.

1.7 DIE AANBIEDING

In hoofstuk 2 van hierdie verslag word 'n literatuuroorsig gegee van intellektuele en nie-intellektuele faktore as voorspellers van akademiese sukses, studiegewoontes en -houdings, biografiese veranderlikes as voorspellers van akademiese sukses en tydbenutting en vrye tyd.

In hoofstuk 3 word die eksperimentele ontwerp bespreek en 'n beskrywing van die steekproef, vraelyste, toepassing van die meetinstrumente, kodering, ponswerk en statistiese verwerkings word gegee.

In hoofstuk 4 word die biografiese gegewens, tydbenuttingspatrone en OSGH-tellings weergegee en kortliks bespreek.

Die resultate word in hoofstuk 5 aangebied.

In hoofstuk 6 word die gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.

1.8 SAMEVATTING

In hoofstuk 1 is 'n uiteensetting van die vraagstuk, doel en metode gegee. Daar is kortliks verwys na die navorsing wat reeds oor studiegewoontes en -houdings en akademiese prestasie, asook oor biografiese veranderlikes en akademiese prestasie gedoen is. Verder is aangetoon dat die vraagstuk van watter tydbenuttingspatrone verband hou met studiegewoontes en -houdings van standaard agt-leerlinge nog nie ondersoek is nie. Vermelding is ook gemaak van die feit dat die koms van televisie die navorsing oor studiegewoontes en -houdings en tydbenutting gaan kompliseer, en daar is gewys op die belangrikheid van 'n voor-blootstellingsopname vir latere vergelykingsdoeleindes. Aangesien die gegewens wat in die ondersoek gebruik is, in 1974 ingesamel is kan dit dien as basis vir latere vergelykingsdoeleindes in televisienavorsing. Die hipoteses om die ondersoek te rig en te organiseer is geformuleer en daar is ten slotte gewys op die wyse van aanbieding van die ondersoek.

LITERATUUROORSIG

2.1 INLEIDING

Uit 'n oorsig van die literatuur blyk dit duidelik dat die bepaling van die verskillende faktore wat 'n rol speel in suksesvolle en onsuksesvolle studie steeds meer en meer aandag geniet. 'n Toename in die gebruik van nie-intellektuele veranderlikes as voorspellers van akademiese en skolastiese prestasie is te bespeur en uit die literatuur blyk dit dat nie-intellektuele faktore soos motivering, studiegewoontes en -houdings, tydbenuttingspatrone, omgewingsfaktore, belangstelling, persoonlikheidstreke ensovoorts, medebepalend vir skolastiese prestasie is. Die akademiese en skolastiese mislukking van briljante skoliere dui dan ook daarop dat akademiese en skoolprestasie nie alleen die resultaat van verstandelike vermoë is nie.

Vanweë die omvang van die probleem is die ondersoek en bevindinge van die relevante literatuur so talryk dat 'n enigszins volledige oorsig onhanteerbare afmetings kan aanneem. Gevolglik word daar in hierdie hoofstuk eerstens 'n kort oorsig gegee van die benaderings ten opsigte van suksesvolle en onsuksesvolle studie en die rol van intellektuele en nie-intellektuele faktore as voorspellers van akademiese sukses. 'n Oorsig van die literatuur oor studiegewoontes en -houdings asook biografiese gegewens en tydbenutting word daarna weergegee.

2.2 BENADERINGS TEN OPSIGTE VAN SUKSESVOLLE EN ONSUKSESVOLLE STUDIE

Botha (1971, p. 7) meld dat daar in die chronologiese verloop in verband met die voorspelling van akademiese prestasie en die bestudering van faktore wat suksesvolle en onsuksesvolle studie tot gevolg het, drie benaderings onderskei kan word:

- (i) Die vroegste navorsing maak hoofsaaklik gebruik van intelligensie - en aanlegtoetse as voorspellers. Geleidelik het daar egter 'n verskuiwing plaasgevind namate gevind is dat sommige studente beter of swakker gevaar het as wat voorspel is.

- (ii) Om 'n verklaring te vind vir hierdie variasies in akademiese prestasies, is al hoe meer aandag geskenk aan die rol wat nie-intellektuele- of persoonlikheidseienskappe speel.
- (iii) Meer onlangs word die moontlikhede ook ondersoek van die interaksie tussen die student se persoonlikheidseienskappe en sy sosiale omgewing, soos byvoorbeeld die eise wat 'n bepaalde inrigting stel en die doelstellings wat nagestreef word.

2.2.1 Intellektuele- en nie-intellektuele faktore as voorspellers van akademiese sukses

Volgens Bruwer (1973, p. 6) word daar vandag feitlik deurgaans aanvaar dat akademiese prestasie nie deur een of twee faktore bepaal word nie, maar dat 'n verskeidenheid van faktore 'n rol speel in akademiese prestasie. Du Toit (1970) wys ook daarop dat al meer ondersoekers tot die gevolgtrekking gekom het dat prestasie op skool of aan die Universiteit deur meer faktore as slegs aanleg of intelligensie bepaal word (p. 7). Volgens Davis, aangehaal deur Botha (1971, p. 17) kom daar van 1940 tot 1962 ongeveer 1 500 ondersoeke in die literatuur voor wat betrekking het op die voorspelling van akademiese sukses deur ander metings as intellektuele voorspellers. Persoonlikheidsfaktore, belangstelling, huislike en sosio-ekonomiese komponente is met prestasie in verband gebring deur ondersoekers soos Goosen (1957), Van Niekerk (1972), Gouws (1961) asook die ondersoeke aan die Universiteite van Stellenbosch (1956) en Pretoria (1957).

Du Toit (1972, p. 10) beklemtoon dat daar aanvaar moet word dat ook die sogenaamde nie-intellektuele persoonlikheidsfaktore 'n rol by prestasie speel en haal in dié verband die volgende uitspraak van Anastasi aan:

"Although it is customary and convenient to classify tests into separate categories, it should be recognized that all such distinctions are superficial. In interpreting test scores, personality and aptitudes cannot be kept apart. An individual's performance on an aptitude test, as well as his performance in school, on the job, or in any other context, is influenced by his achievement drive, his persistence, his value system, his freedom from handicapping

emotional problems, and every other characteristic traditionally classified under the heading of 'personality'"

Volgens Botha (1971) word die veranderlikes wat 'n rol speel in die voorspelling van akademiese sukses in twee kategorieë verdeel:

- (i) Intellektuele faktore soos aanleg, prestasietoets-punte en eksamenpunte, en
 - (ii) Nie-intellektuele faktore soos persoonlikheidstrekke, aanpassing, belangstelling, motivering, studiehoudings en -gewoontes, ouderdom, geslag, omgewingsfaktore, ens.
- Dit wil sê alle ander faktore behalwe suiwer kognitiewe funksies (p. 8).

Oor bogenoemde indeling is daar ook meningsverskil, veral ten opsigte van die nie-intellektuele faktore. Een groep navorsers huldig bovermelde omskrywing, terwyl 'n ander groep die nie-intellektuele faktore slegs sien as persoonlikheidseienskappe (Botha, 1971, p. 8).

Smit (1971, p. 12) wys op die verband tussen spesifieke skolastiese prestasie en akademiese sukses asook op die feit dat skolastiese prestasie maar omtrent 40 - 60% van die totale variansie van akademiese prestasie verklaar. Die akademiese mislukking van sommige studente met 'n briljante skoolloopbaan wys volgens hom dan ook daarop dat akademiese en skolastiese prestasie nie die resultaat van suiwer vermoë is nie. Hierdie residuele variansie en afwyking van die algemene tendens is blykbaar die produk van ander nie-intellektuele faktore.

Cattell, Sealy en Sweney (1966) vind dat die korrelasie tussen intelligensie en akademiese prestasie neig om ongeveer om 0,55 te sentreer. Volgens hul uitspraak kan vermoëns verantwoordelik gehou word vir 'n kwart van die verskil in akademiese prestasie, persoonlikheidsverskille en dinamiese belangstellingsverskille elk vir nog 'n kwart, terwyl die oorblywende kwart veroorsaak word deur oorsake en faktore buite die individu (p. 290 - 291).

2.2.2 Intellektuele en nie-intellektuele faktore as kriteria sowel as voorspellers

Intellektuele en nie-intellektuele faktore word dikwels gebruik as voorspellers sowel as kriteria vir akademiese sukses en in dié verband konstateer Fishman en Pasanella (1960):

"It has become accepted to designate predictors and criteria as dealing with either intellectual characteristics (aptitude-achievement test scores or course marks) or non-intellectual characteristics (personality and motivational and attitudinal measures) of individuals" (p. 298).

Volgens laasgenoemde outeurs bied intellektuele en nie-intellektuele faktore 9 moontlike voorspeller-kriterium-kombinasies. Hulle gee 'n opsomming van hierdie kombinasies en deel die 580 ondersoeke vanaf 1949 tot 1959 daarvolgens in (p. 299). Kyk tabel 2.1

Tabel 2.1
Voorspeller-kriterium-kombinasies

Nommer	Voorspeller	Kriterium	Getal ondersoeke	Persentasie ondersoeke
1	Intellektueel	Intellektueel	408	70%
2	Intellektueel	Nie-intellektueel	2	Minder as 1%
3	Intellektueel	Beide	2	Minder as 1%
4	Nie-intellektueel	Intellektueel	64	11%
5	Nie-intellektueel	Nie-intellektueel	17	3%
6	Nie-intellektueel	Beide	9	2%
7	Beide	Intellektueel	70	12%
8	Beide	Nie-intellektueel	5	1%
9	Beide	Beide	3	Minder as 1%
			580	99%

Uit tabel 2.1 blyk dat daar in meer as 90% van die ondersoeke gebruik gemaak is van die kombinasies 1, 4 en 7.

Botha (1971, p. 9) verwys na dieselfde tabel en vestig die aandag op die toenemende belangstelling in die gebruik van nie-intellektuele voorspellers en kriteria (kombinasies 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8 en 9), en meld dat die neiging moontlik toegeskryf kan word aan die beskikbaarheid van 'n groter verskeidenheid van sielkundige toetse wat die moontlikheid om verskillende tipe voorspellers en kriteria te gebruik, tot gevolg het.

'n Toename in die gebruik van nie-intellektuele (biografiese) veranderlikes as voorspellers van akademiese en skolasiese prestasie blyk duidelik uit die literatuur en daar word in die verband verwys na die werke van Aiken (1964), Miner (1968), Fullard (1969), Botha (1971), Smit (1971), Du Toit (1972), Lätti (1972) en Asbury (1974).

Ondoeltreffende studiegewoontes en -houdings kan nie bevorderlik wees vir goeie skolasiese prestasie nie en volgens Du Toit (1970) is die bydrae van studiegewoontes en studiehoudings tot prestasie in die middelbare skool byna net so belangrik as die van intelligensie (p. 164).

Ondersoek na die onderlinge verband tussen studiegewoontes en -houdings en persoonlike agtergrondgegewens, tydbenuttingspatrone en enkele ander nie-intellektuele veranderlikes kan daartoe bydra dat meer gegewens beskikbaar gestel word vir die suksesvolle voorligting van die leerling in die sekondêre skool ten opsigte van studie, studiemetodes en faktore wat studiehoudings beïnvloed.

Met die oog op die doel met die ondersoek sal daar nou oorgegaan word tot 'n literatuuroorsig van studiegewoontes en -houdings, asook 'n oorsig van die literatuur in verband met die gebruik van biografiese gegewens.

2.3 STUDIEGEWOONTES EN -HOUDINGS

2.3.1 Inleiding

Van Niekerk (1972, p. 2) meld duidelik dat daar min navorsing hier te lande op die terrein van studie gedoen is ten spyte van die feit dat navorsing oor die skoolier en student in die studiesituasie van aktuele belang is. Een van die probleme van sodanige navorsing is egter dat die onderwerp as navorsingsterrein so wyd en onomlynbaar is. Dit behels feitlik alles waaroor die opvoedkundige wat 'n studie van menslike leer en denke wil maak kan besin.

Blumberg (1969, p. 26) wys ook daarop dat die vernaamste bydrae ten opsigte van studiegewoontes en -houdings en akademiese prestasie gelewer is deur ondersoekers in Amerika, Brittanje, Holland, Australië, Nieu-Seeland, Rusland, Pole en Indië. Volgens Blumberg kan die studies

oor hierdie onderwerp in drie groepe ingedeel word, naamlik:

- "1. those which claimed a relationship; 2. those which did not claim a relationship; 3. those in which there was a relationship for one sex but not for the other."

Du Toit (1970) verwys ook na die indeling en meld dan dat die algemene indruk egter is dat die meeste ondersoekers wat 'n goed-beplande wetenskaplike ondersoek na die verband tussen hierdie veranderlikes ingestel het en van erkende statistiese metodes gebruik gemaak het, wel 'n positiewe verband tussen studiegewoontes en -houdings en akademiese prestasie gevind het (p. 56).

Volgens Blumberg, aangehaal deur Du Toit (1972, p. 16), word baie meer literatuur gevind wat handel oor studietegnieke as oor studiegewoontes. Blykbaar beskou baie outeurs studietegnieke van veel groter belang vir doeltreffende studie as studiegewoontes. Nietemin is, veral in die afgelope jare, 'n hele aantal ondersoeke uitgevoer om die verband tussen studiegewoontes en akademiese prestasie te ondersoek. Alhoewel teenstrydige bevindinge gerapporteer word, dui die resultate van verreweg die meeste ondersoeke tog daarop dat studiegewoontes 'n belangrike nie-intellektuele faktor is wat op die een of ander wyse met prestasie verband hou.

2.3.2 Studiegewoontes

2.3.2.1 Omskrywing en definisie van studiegewoontes

Bruwer (1973, p. 51) meld dat dit uit die literatuur blyk dat die terme 'studiegewoonte' en 'studiemetode' afwisselend gebruik word. Hy verkies die terme 'studiegewoonte' en wys daarop dat met studiemetode nie slegs spesifieke studiemetodes, soos die maak van opsommings, herhaling van leerstof ensovoorts bedoel word nie, maar ook dinge soos die tyd wat aan voorbereiding bestee word, die fisiese omstandighede tydens studie ensovoorts. Vir die doel van Bruwer se ondersoek moet onder studiemetode verstaan word die algemene beplanning, organisasie en werkswyse wat verband hou met die taak van leer.

Van Niekerk (1972, p. 8) verklaar ook dat dit moeilik is om altyd 'n

onderskeid tussen 'n studiemetode en 'n studiegewoonte te tref. Hy wys ook daarop dat as 'n persoon byvoorbeeld gewoon is om drie uur lank per dag te studeer, dit beswaarlik as 'n studiemetode beskryf kan word en dan moet dit veel eerder onder die begrip van 'studiegewoonte' tuisgebring word. Onder studiegewoonte moet egter nie 'n dwanghandeling verstaan word nie - dit skakel beslis nie die wilsbesluit uit nie alhoewel die wilsbesluit vergemaklik sal word deur die herhaaldelike beoefening van die gewoonte.

"Studie" word deur English en English (1958) gedefinieer as "relatively protracted application to a topic or problem for the purpose of learning about the topic, solving the problem, or memorizing part of all or the presented material" en "studeer" as "to attend to something with intent to understand it and to improve oneself in relation to it" (p. 531). Volgens English en English word "gewoonte" gedefinieer as "an acquired act, usually a relatively simple one, that is regularly or customarily manifested" en hulle meld dat in hierdie betekenis van die woord "the notion of acquired or learned behaviour is clearly present" (p. 235).

Van Niekerk (1972) meld dat 'n groot deel van wat as studiegewoontes beskryf kan word, saamgevat word in die term "Studietyd en -beplanning." Volgens hom word daar met studietyd bedoel die duur van studie asook die tydperke waartydens hierdie handeling uitgevoer word. Onder studiebeplanning word verstaan die sistematiese indeling van die beskikbare studietyd sodat die beste gebruik daarvan gemaak kan word (p. 9).

Vir die doel van die ondersoek dui studiegewoontes aan in watter mate die leerling sy take stiptelik afhandel, uitstel van werkopdragte vermy en nie neig tot onnodige tydverkwisting nie. Dit gee verder 'n aanduiding van die leerling se gebruik van doeltreffende studiemetodes, sy bekwaamheid in die uitvoering van werkopdragte en toon aan in watter mate hy sy skoolwerk op die doeltreffendste wyse aanpak. (Vergelyk die beskrywing van die skale van die OSGH-vraelys).

2.3.3 Studiehoudings

2.3.3.1 Omskrywing en definisies van houdings

Du Toit (1970, p. 34) meld dat die begrip "houding" uit verskillende standpunte benader word, soos dié van die behavioriste en die fenomenoloog, en derhalwe verskillend beskryf word en hy haal die uitspraak van Allport in dié verband aan:

"It is not the property of any one psychological school of thought and therefore serves admirably the purpose of the eclectic writers" (p. 34).

Volgens English en English (1958, p. 50) is 'n houding

"an enduring, learned predisposition to behave in a consistent way toward a given class of objects; a persistent mental and/or neural state of readiness to react to a certain object or class of objects, not as they are but as they are conceived to be. It is by the consistency of response to a class of objects that an attitude is identified. The readiness state has a directive effect upon feeling and action related to the object."

Hierdie definisie is volgens hulle in die algemene gebruik en ook in navorsingskringe die gewildste.

Blair, Jones en Simpson (1969, p. 201) wys daarop dat houdings en belangstelling nou verwante konsepte is en in hierdie verband konstateer hulle: "Interests are attitudes which cause a person to seek more activities in a given area; they are positive attitudes about selected aspects of the environment. Both are descriptions of a proclivity of an individual to respond in a certain way toward something."

Cattell (1950, p. 84) sluit by hierdie gedagtegang aan as hy meld dat "Conversely we may speak of an attitude as showing the direction of an interest, i.e., an attitude is an interest with the direction defined."

Beide Anastasi (1968) en Guilford (1959) is van mening dat houdings en menings baie nou verwant is en Anastasi meld ook dat 'n onderskeid tussen die twee begrippe nie maklik verdedigbaar is nie.

Allport (1935) wys op die definisies van Baldwin, Morgan, Chave, Bogardus, Murphy en Murphy en andere waarin 'n houding gesien word as 'n toestand van gereedheid en hy definieer 'n houding dan as volg: "An attitude is a mental and neural state of readiness, organized through experience, exerting a directive or dynamic influence upon the individual's response to all objects and situations with which it is related" (p. 804).

Blumberg (1969, p.66) is van mening dat die verskillende benaderings ten opsigte van houdings pragtig deur Kretch et al saamgevat word.

"Their theory is that an attitude is an enduring system of cognition, feelings and action tendencies with respect to a social object. 'Cognitions' consist mainly of evaluative beliefs, resulting in attribution to the object of favourable or unfavourable qualities. 'Feelings' are the emotions connected with the object; they might be liked or disliked. 'Action tendency' is the behavioural tendency - a state of readiness to respond."

Volgens Van Niekerk (1972, p. 10) kan die houding van die studerende ten opsigte van studie ook omskryf word as die studiegerigtheid of -gesindheid. Die belangrikheid wat aan die studie toegeken word, die aandag wat daaraan bestee word, die bevrediging en die genot wat daaruit geput word, is sake wat hier ter sprake kom. Dit vind dus aansluiting by die hele terrein van motivering vir studie. Evans (1965) beklemtoon ook in dié verband dat die houding van die kind ten opsigte van homself, sy skool en sy studie van die grootste belang is vir sy volwaardige ontwikkeling (p. 124 - 125).

Volgens Du Toit (1970, p. 41) is daar veral drie houdingskomponente wat uit die definisies van houdings blyk, en wat ook benadruk word, naamlik die kognitiewe, die affektiewe en die aksiekomponente. Die komponente blyk ook duidelik uit die definisie van Klausmeier (1966, p. 343) as hy konstateer: "An attitude is a learned, emotionally toned predisposition to react in a consistent way, favorable or unfavorable, toward a person, object, or idea."

Vir die doel van die ondersoek word studiehouding gesien as die gesindheid en ingesteldheid van die leerling teenoor opvoedkundige

ideale, doelstellings, praktyke en vereistes. (Vergelyk die beskrywing van die skale van die OSGH-vraelys).

Met die oog op die doelstellings van die ondersoek word hier net vermeld dat 'n volledige literatuuroorsig oor die verskillende leer-teorieë, motivering en die komponente, funksies en meting van houdings, binne die raamwerk van die ondersoek nie moontlik is nie.

2.3.4 Studiegewoontes- en houdings en akademiese prestasie

Volgens Brown en Holtzman (1955, p. 75) is daar vanaf 1926 tot 1955 meer as honderd studiehandleidings gepubliseer, en volgens Du Toit (1972, p. 19) en Bruwer (1973, p. 14) toon dit in groot mate die belangstelling van opvoedkundiges en sielkundiges in die rol wat studiehoudings en -metodes in die bepaling van akademiese sukses speel.

Botha (1971, p. 19) wys egter daarop dat van die handleidings nie op wetenskaplike navorsing berus nie en dat die nodige wetenskaplike bewyse waarop die meeste van hierdie handleidings en studiereëls gegrond is, nog ontbreek. Bruwer (1973, p. 14) en Du Toit (1972, p. 19) verwys ook na die handleidings maar stel dit duidelik dat die vroeëre werke en handleidings 'n wetenskaplike basis ontbeer en dat die handleidings nie van veel waarde is nie. Cuff (1937) het in sy ondersoek met 1 250 skoliere dan ook bevind dat 75 van die mees aanbevole studiebeginsels eerder deur skoliere wat swak presteer gebruik is as deur die skoliere wat goed presteer, maar hy vestig ook die aandag daarop dat: "The common a priori assumptions of teachers and parents that many pupils do not know how to study are supported by this investigation (p. 301)". Du Toit (1972) wys daarop dat studiehandleidings, studietegnieke en studiegewoontes deur baie navorsers, sielkundiges en opvoedkundiges as belangrike hulpmiddels wat tot akademiese sukses lei beskou word en daarom het 'n groot aantal studiehandleidings, waarin doeltreffende studiemetodes en -tegnieke vir suksesvolle studie uiters noukeurig beskryf word, die een na die ander die lig gesien (p. 19).

Blumberg (1969) spreek die mening uit dat die meer resente handleidings deur skrywers soos Robinson, Morgan en Deese, Staton, Pauk, Resnick en Heller en Maddox goeie handleidings is en wys daarop dat: "The ones published in recent years were a big improvement on the earlier manuals

in that the authors had tried to present information based on research findings" (p. 60).

Botha (1971, p. 19) verwys na die werke van Eurich, Johnson, Neel en Mathews, Ross en Klise, Weinland en White en meld dat die ondersoekers bevind het dat suksesvolle studente onderskei kan word van swak presteerders op grond van spesifieke studiegewoontes, alhoewel daar nie ooreenstemming is in hul bevindings oor watter metodes kenmerkend is van bepaalde groepe nie. Du Toit (1972) wys ook daarop dat teenstrydige bevindinge gerapporteer word maar meld dat die resultate van verreweg die meeste ondersoeke tog daarop dui dat studiegewoontes 'n belangrike nie-intellektuele faktor is wat op die een of ander wyse met akademiese prestasie verband hou (p. 16).

'n Positiewe verband tussen studiegewoontes en akademiese prestasie is aangetoon deur Burgess (1956) en Maher (1959) en soortgelyke bevindings is verkry deur Diener (1957) en Knaak (1957). Wilson en Morrow (1962, p. 91) verwys na die ondersoeke van Gough, Prouty, Ames en Brown en Holtzman in hierdie verband en konstateer dat dit veral studiehoudings, en in 'n mindere mate studiegewoontes, is wat akademiese sukses bevorder.

Michael, aangehaal deur Du Toit (1970), het 'n vraelys van studiegewoontes opgestel en toegepas op sowel hoërskoolleerlinge as universiteitstudente. Nadat hy die resultate met akademiese prestasie gekorreleer het, rapporteer hy 'n positiewe verband tussen die veranderlikes (p. 60). Slak (1974) gee 'n opsomming van die ondersoek van Barica na die verband tussen studiegewoontes en -houdings en akademiese prestasie en meld dat:

"A significant relationship was found between scholastic achievement and both study habits and attitudes even with intelligence kept constant. Factor analysis of study habits revealed factors of perseverance, technique for finding the essence, active concentration in school, temporal economy, planned use of time, learning with understanding, and thoroughness" (p. 480).

Popham en Moore (1960) vind in hul ondersoek 'n betekenisvolle korrelasie van 0,48 tussen studiegewoontes en -houdings, soos gemeet deur die

SSHA-vraelys (Survey of Study Habits and Attitudes), en akademiese prestasie. Volgens die ondersoek blyk dit ook dat die nie-intellektuele faktore wat deur Brown en Holtzman se vraelys "Study Habits and Attitudes" gemeet word 'n groter bydrae tot akademiese sukses lewer as ander faktore soos "personal efficiency, mental health, and personal relations" (p. 553).

Brown en Holtzman (1955, p. 75) verwys na die werk van Wrenn wat in 1933 een van die eerste vraelyste vir studiegewoontes opgestel het. Die vrae wat in die vraelys ingesluit is het berus op 'n itemontleding van die response op 'n vraelys wat aan goeie- en swak presteerders met dieselfde I.K. en studiegebied gegee is. Ten spyte van die empiriese grondslag van die vraelys het die geldigheidsondersoeke van Reeder (1936) en Gordon (1941) egter aangetoon dat daar 'n lae verband bestaan tussen skolastiese sukses en studiegewoontes soos gemeet deur die vraelys. In teenstelling met hierdie bevindings rapporteer Brown en Holtzman (1955) statisties betekenisvolle korrelasies van 0,50 en 0,52 tussen studiegewoontes en houdings onderskeidelik en akademiese prestasie (p. 83).

Brown en Holtzman (1955, p. 75), Holtzman, Brown en Farquhar (1954, p. 726) asook Lavin (1965) verwys na ondersoeke wat gedoen is met behulp van die Brown-Holtzman Survey of Study Habits and Attitudes (SSHA) waarin daar ondersoek ingestel is na studiegewoontes en -houdings en akademiese prestasie. Die vraelys word beskou as een van die beste empiriese meetinstrumente in verband met studiegewoontes en -houdings en genoemde ondersoekers het bevind dat die vraelys beter onderskei tussen oor- en onderpresteerders op grond van houdings as op grond van studiemetodes (p. 67). Lavin (1965) rapporteer ook dat daar met behulp van die vraelys later 'n meervoudige korrelasie-koeffisiënt van 0,70 met akademiese prestasie verkry is toe 'n bekwaamheidstoets gekombineer is met tellings behaal in die vraelys. Geen verskille tussen geslagte is gevind nie (p. 67). In teenstelling met die laasgenoemde bevinding ten opsigte van geslag rapporteer Weigel en Weigel (1967, p. 79) 'n positiewe korrelasie van 0,85 tussen die studiegewoontes van manlike studente en hul akademiese prestasie. Hulle vind egter nie 'n dergelike verband in die geval van vroulike studente nie. Khan (1969) vind weer 'n positiewe korrelasie tussen die studiegewoontes van meisies en hul akademiese prestasie terwyl 'n

korrelasie by seuns nie vasgestel kon word nie (p. 217).

Danskin en Burnett (1952, p. 185) het ondersoek ingestel na die studiegewoontes van studente wie se prestasie as superieur beskryf word en gevind dat hulle studiegewoontes onderling verskil en nie noodwendig 'n bydrae lewer tot akademiese prestasie nie. Hulle vermeld ook dat gemiddelde presteerders eintlik beter studiegewoontes het as hoog presterende studente. Preston (1961, p. 129 - 131) sluit by die bevinding van Danskin en Burnett aan en meld dat die studiegewoontes van goeie presteerders tot swak resultate sou lei as dit deur gemiddelde presteerders toegepas sou word. Biggs (1970) wys in die verband daarop dat: "It is in fact unlikely that there is such a thing as 'good' study behaviour, applying to most people and to most courses" (p. 161). Johnson, aangehaal deur Du Toit (1972), rapporteer 'n positiewe korrelasie tussen studiegewoontes en akademiese prestasie, maar is van mening dat suksesvolle studente se studiegewoontes tog onderling verskil, en dat elkeen sy eie gewoontes ten opsigte van studie ontwikkel (p. 17).

Godfried en D'Zurilla (1973) poog in hul ondersoek om die geldigheid van die SSHA-vraelys te bepaal deur die vraelys te vergelyk met kriteria wat tot 'n groot mate 'n weerspieëling is van goeie studiegedrag. Hulle bevind positiewe korrelasies tussen studie-oriëntasie (die totaal-telling van die SSHA) en die volgende ses kriteria:

(i) studiegewoontes (ii) balans tussen studie en ontspanning (iii) hantering van moeilike leerplan materiaal (iv) keuse van hoofvakke (v) houding teenoor doserende personeel (vi) hantering van kampus rompslomp. Hul wys ook daarop dat: "The average correlation across all six academic effectiveness dimensions was .45" (p. 120). Dit blyk uit hul ondersoek dat die geldigheidskoeffisiënt vir die meting van studiegewoontes deurgaans hoër is as dié vir studiehoudings.

Holtzman en Brown (1968) stel, met behulp van die SSHA-vraelys Vorm H, ondersoek in na die verband tussen studiegewoontes en -houdings en skolastiese prestasie. Hulle bevind dat die 49 korrelasies, tussen die totale SSHA-telling en skolastiese prestasie, almal hoogs beduidend is. Hulle vestig ook die aandag daarop dat "The individual validity coefficients ranged from .32 to .66, the average correlation based on all 10 888 cases was .49" (p. 406). Die lae korrelasies tussen die aanlegtoets deur hul gebruik en die SSHA-vraelys dui ook daarop dat die SSHA grotendeels op faktore wat nie deur die aanlegtoets gemeet word nie, berus. McCausland en Stewart (1974, p. 354-355) gebruik ook die SSHA-vraelys en bevind dat studiegewoontes en -houdings positief bydra tot akademiese prestasie. Hulle wys egter daarop dat vroulike

studente akademies beter presteer as manlike studente. Hulle voer aan dat die vroulike studente se beter prestasie toegeskryf word aan die feit dat hulle gebruik maak van meer doeltreffende studiemetodes, en in groter mate opvoedkundige ideale, doelstellings en praktyke aanvaar. Uit hul ondersoek blyk dit ook dat die SSMA-vraelys se skale "Vermyding van uitstel" en "Aanvaarding van onderwys" 'n groter verband toon met akademiese sukses as die skaal "Onderwysgoedkeuring". In ooreenstemming met McCausland en Stewart (1974) vind ook Khan (1969) 'n positiewe korrelasie tussen die studiegewoontes van meisies en hul akademiese prestasie (p. 219).

Entwistle en Entwistle (1970) ondersoek die verband tussen persoonlikheid, studiemetodes en akademiese prestasie. Hul rapporteer dat introverte nie alleen beter studiegewoontes het nie, maar ook akademies beter presteer. Hulle vind verder 'n verband tussen goeie studiegewoontes en beide introversie en stabiliteit en meld dat: "It would appear that certain items in Eysenck's neuroticism scale are negatively related to both good study methods and academic success" (p. 138). Hulle wys egter op die komplekse verband tussen persoonlikheid, studiemetodes, motivering en akademiese prestasie en meld dat die studiemetodes van introverte nie noodwendig net so effektief deur ekstroverte toegepas sal kan word nie, selfs al ontvang ekstroverte onderrig in die spesifieke metodes. Du Toit (1970) verwys na die navorsing oor die verband tussen ekstroversie - introversie en akademiese prestasie en meld dat alhoewel die meeste ondersoekers 'n betekenisvolle verband gevind het die resultate teenstrydig is aangesien sommige ekstroversie en ander introversie as bevorderlik vir akademiese prestasie bevind het (p. 75). In dié verband wys Entwistle (1974) ook daarop dat: "Poor degree performance was found among unstable extroverts who had particularly poor study methods but also among stable introverts with high motivation and good study methods" (p. 391). Die kompleksiteit van die probleme in verband met persoonlikheid, studiemetodes, motivering en akademiese prestasie is in die geheel nog nie deurgrond nie en Entwistle (1974) konstateer dan ook dat: "Until a clearer understanding is obtained of how motivation, study habits and personality interact and interrelate with academic performance, little progress can be expected" (p. 385).

Enkele ondersoeke het 'n verband tussen die tyd wat aan studie bestee word en akademiese prestasie probeer vind. Gibbons en Savage (1965, p. 9) verwys na die ondersoek van May waarin 'n positiewe korrelasie van 0,71 tussen tyd gewy

aan studie en akademiese prestasie gevind is. In teenstelling hiermee is daar volgens hulle lae korrelasies bevind tussen dié veranderlikes in die ondersoeke van Bell, Crawford, Jones en Ruch en Wilkinson. Bell vind 'n korrelasie van 0,382 terwyl die korrelasies by die ander ondersoekers gewissel het van 0,04 tot 0,11. Blumberg (1969, p. 37) haal aan uit die ondersoeke van Behrens wat 'n positiewe korrelasie tussen tyd aan huiswerk bestee en akademiese prestasie vir damestudente gevind het; Urbroch wat bevind het dat goeie presteerders meer tyd aan studie tuis bestee het as swak presteerders; Small wat geen verskil in die hoeveelheid studietyd van goeie en swak presteerders gevind het nie; Williamson wat bevind het dat minder intelligente studente nie vir hul agterstand probeer vergoed deur meer tyd aan studie te wy nie. Child (1970) het bevind dat slegs 4% van die studente in sy ondersoekgroep vroeg in die oggend studeer, 79% van die studente het weeksaande verkies vir studie, en dat die lengte vir 'n gemiddelde studiesessie $1\frac{1}{2}$ uur lank duur. Volgens hom gebruik 59% van die ondersoekgroep gereeld die biblioteek maar slegs 16% verkies om in die biblioteek te studeer. Hy meld ook dat daar al hoe meer by studente 'n gedagte van vyfdag werkweek op die voorgrond tree - "Five days shalt thou labour" (p. 13). Jex en Merrill (1959, p. 118-120) asook Child (1970) het bevind dat die tyd wat aan studie bestee word nie noodwendig die bepalende faktor vir akademiese sukses is nie, en Child wys daarop dat korrekte studiemetodes eerder 'n positiewe bydrae lewer (p. 12) Entwistle (1974, p. 382-383) konstateer dat: "The simplest indicator of study habits must surely be based on estimates of the numbers of hours worked by a student in a typical week". Hy meld verder dat Thoday (1957) 'n positiewe verband bevind het tussen die hoeveelheid werk gedoen en eksamenprestasie. Die bevinding is egter in 1963 en 1969 weerspreek deur die ondersoeke van Malleson, en Cooper en Foy onderskeidelik.

Dit blyk dus duidelik uit die vooraangaande dat beide die kwaliteit en kwantiteit van studie belangrik is. Lang ure van obsessiewe dog oneffektiewe studie sal nie akademiese prestasie en sukses bevorder nie. Blumberg (1969) merk dan tereg in die verband op dat "sound study behaviour patterns are essential for good academic attainment" (p. 333). Du Toit (1970) kom in sy ondersoek ook tot die gevolgtrekking dat 'n positiewe houding ten opsigte van akademiese doelwitte in aansienlike mate bydra tot die aankweek van studiegewoontes wat akademiese prestasie in die middelbare skool bevorder (p. 164).

Lavin (1965) som die navorsing oor studiegewoontes en houding as volg op: "First, measures of study habits can predict academic performance even where ability is controlled. In addition, the studies show that positive attitudes toward school, such as beliefs in the value of intellectual pursuit and of education in general, are positively related to academic performance. However, it is not possible to state whether study habits item are better predictors than study attitude items. This question can be assessed only through more research. With regard to sex differences, the few studies which control this factor show that measures of study habits and attitudes are equally useful in predicting academic performance for either sex" (p. 68 - 69).

Uit 'n oorsig van die literatuur blyk dat dit veral die Brown-Holtzman-vraelys oor studiegewoontes en -houdings (1955) is wat gedurende die afgelope aantal jare navorsing in Suid-Afrika, en ook elders, oor die verband tussen studiegewoontes en -houdings en akademiese prestasie gestimuleer het. Dié navorsing het gelei tot positiewe resultate soos onder andere blyk uit die ondersoeke van Brown en Holtzman (1955), Bruwer (1957), Blumberg (1969), Holtzman en Brown (1953), Du Toit (1970 en 1972), Botha (1971), Van Niekerk (1972), Gouws (1961) en Bruwer (1973).

Daar sal vervolgens oorgegaan word tot 'n kort bespreking van enkele van bogenoemde plaaslike ondersoeke en hul vernaamste bevindinge.

2.3.5 Bespreking van bepaalde navorsingsprojekte

2.3.5.1 W.J. Bruwer (1957, 1973)

In 1957 stel Bruwer ondersoek in na die verband van studiehouding en -metode met akademiese sukses. 'n Vertaalde weergawe van die ou uitgawe van Brown en Holtzman se SSHA is in die ondersoek gebruik. 'n Monster van 118 eerstejaarstudente aan die Universiteit van Stellenbosch is gebruik as proefpersone. Die kriterium vir sukses was die gemiddeld van klas- en eksamensyfers. Bruwer bevind in sy ondersoek: (a) dat die verband tussen I.K. en gemiddelde eksamenpunt laag en onbeduidend is; (b) 'n geringe dog lae verband tussen I.K. en SSHA-tellings; (c) dat daar 'n besliste beduidende verband

tussen studiehouding en -metode en akademiese prestasie op eerstejaar-vlak aan die universiteit bestaan.

Uit die ondersoek blyk dus dat intelligensie nie 'n besondere rol speel in die verband tussen studiegewoontes en -houdings en prestasie nie, en dit blyk ook dat daar na aanleiding van die ondersoek nie gesê kan word of studiehouding of -metode die grootste invloed op prestasie uitoefen nie.

In 1973 ondersoek Bruwer die rol van motivering, houding en studiemetode in akademiese prestasie aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. Die ondersoekgroep het bestaan uit 1 822 eerste-, tweede- en derdejaarstudente. Die belangrikste bevindings van die ondersoek kan as volg saamgevat word:

- (a) Daar is bevind dat motivering, houding en studiemetode 'n betekenisvolle rol in akademiese prestasie speel. Ten opsigte van die hele navorsingsgroep is 'n korrelasie van 0,401 gevind, wat statisties beduidend is op die 0,001-peil.
- (b) Houding oefen 'n groter invloed uit op akademiese prestasie as studiemetodes. Bruwer (1973) wys egter daarop dat daar slegs 19 houdingsitems in die vraelys ingesluit is teenoor die 31 studiemetode-items en meld dat: "Aangesien houding eintlik die manifestasie van motivering is, is die afleiding gemaak dat motivering en houding 'n belangriker rol speel in akademiese prestasie as blote studiemetode" (p. 189).
- (c) Geen verskille ten opsigte van die drie verskillende jaargroepe kon vasgestel word met betrekking tot die verband tussen akademiese prestasie en motivering, houding en studiemetode nie.
- (d) Wat die geslagsgroepe betref kon geen verskille in die studiepatrone van mans en dames vasgestel word nie. Bruwer meld egter dat daar in die geval van mans in hul derde studiejaar geen verband tussen motivering en akademiese prestasie vasgestel kon word nie.

- (e) Wat die verskillende kursusse betref is vasgestel dat die studiepatroon grootliks dieselfde is binne dieselfde fakulteit.
- (f) Geen verskille in die studiepatrone van graad- en diploma-studente kon vasgestel word nie.

Die waarde van die ondersoek is veral daarin geleë dat dit nie net beperk was tot die eerste studiejaar nie, maar dat studente van die tweede en derde studiejare ook in die ondersoek betrek is.

2.3.5.2 J.G. Blumberg (1969)

Blumberg het ondersoek ingestel na die studiegewoontes en -houdings van Onderwyskollegestudente aan die Johannesburg College of Education. In sy ondersoek maak hy gebruik van vraelyste, onderhoude en die volgende toetse: SSHA, California Test of Personality; Mental Alertness Test; Taylor Manifest Anxiety Scale en die Reactions to Everyday Situations Test. Die ondersoekgroep het bestaan uit eerstejaar-, tweedejaar- en derdejaarstudente van beide geslagte.

Die vernaamste bevindinge van Blumberg se ondersoek kan as volg saamgevat word:

- (a) Hy vind hoë korrelasies tussen die SSHA-tellings en akademiese prestasie. Vir die eerstejaargroep was die korrelasie 0,85; in die geval van die tweedejaars 0,83 en in die geval van die derdejaars 0,81. Dit blyk dus duidelik dat die SSHA 'n goeie voorspeller van akademiese prestasie is.
- (b) Die ondersoek bevestig sy hipotese dat studente met 'n hoë intelligensie nie noodwendig goeie studiepatrone het nie, want hy vind geen beduidende verband tussen I.K. en SSHA-tellings nie.
- (c) Blumberg vind 'n baie hoë verband tussen motivering en akademiese prestasie. Motivering tot studie is ook verder ondersoek deur middel van onderhoude en met dié gegewens en die SSHA-tellings gekombineerd het hy 'n korrelasie van 0,73 met die prestasie vir die drie jaargroepe saam verkry.

- (d) Geen beduidende verskil in die studiepatrone van dame- en manstudente kon bevind word nie. Alhoewel daar geen verskil in die studiepatrone van die twee geslagte bevind is nie, moet daar egter op gewys word dat daar baie minder mans as dames in die ondersoekgroep was.
- (e) Die ondersoek bevestig nie sy hipotese dat die "studiepatrone" van eerstejaarstudente verskil van die van tweede- en derdejaarstudente nie. Die kwaliteit van die studiepatrone bly dus dieselfde.

Blumberg het 'n besonder volledig en deeglike ondersoek ingestel na studiegewoontes en houdings en ook aandag geskenk aan die moontlike invloed van plek van inwoning, verskille in die studiegewoontes van A- en B-baanstudente en die moontlike verband tussen angs en die studente se studiepatrone. Van Niekerk (1972, p. 62) meld ook dat die bedenking wat geopper is dat 'n studievraelys wat soos die SSHA gestandaardiseer is, die terrein moontlik nie meer volledig dek nie, in Blumberg se ondersoek uitgeskakel is deur die invoeging van 'n selfopgestelde vraelys wat oor die ontbrekende aspekte gehandel het.

2.3.5.3 A.G. Botha (1971)

Botha het in sy ondersoek, wat deel gevorm het van 'n navorsingsprojek oor die begaafde en minder begaafde student aan die Universiteit van Stellenbosch, onder andere ook ondersoek ingestel na die studiegewoontes en -houdings van suksesvolle studente. Vir dié deel van sy ondersoek maak hy gebruik van onderhoude sowel as die ou uitgawe van Brown en Holtzman se SSHA-vraelys.

Hy doen 'n breë ondersoek om die invloed van nie-intellektuele faktore op akademiese prestasie te bepaal en vir hierdie doel het hy 1 339 finalejaarstudente se gegewens gebruik. Vir die verwerkings betreffende die invloed van nie-intellektuele faktore op prestasie het hy met twee submonsters gewerk bestaande uit 65 suksesvolle en 60 minder suksesvolle studente.

Die hoof- en submonsters in die verskillende bewerkings is verder deur Botha onderverdeel in mans- en damesgroepe, in studente in die fakulteite Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe en Handel en in agt prestasie groepe, naamlik:

Sukksesvolle studente (S-groep)

- S1 : slaag cum laude plus ekstra vakke
- S2 : slaag cum laude sonder ekstra vakke
- S3 : slaag met een of meer onderskeiding(s) plus ekstra vakke
- S4 : slaag plus ekstra vakke
- S5 : slaag
- S6 : slaag na een of meer hereksamens binne minimum tyd

Minder suksesvolle studente (MS-groep)

- MS1 : slaag na herhaling van een jaar
- MS2 : slaag na herhaling van twee of meer jare

Die belangrikste bevindings van Botha se ondersoek kan kortliks as volg saamgevat word:

- (a) Die suksesvolle groep het ten opsigte van tellings in die SSHA-vraelys behaal, beduidend van die minder suksesvolle groep verskil. Selfs binne die suksesvolle groep is beduidende verskille gevind. Die S1 - 4 groep verskil beduidend van die S5- en S6 groep, terwyl die S1 - 4 en die S5-groepe beduidend van die MS-groep verskil.

Ten spyte van die feit dat dit 'n hoogs geselekteerde groep was het die vraelys nogtans onderskei tussen die subgroepe en Van Niekerk (1972) konstateer in hierdie verband dan ook: "Die gevolgtrekking is dus geregverdig dat minstens sommige aspekte van studiegewoontes en -houdings selfs vir gevorderde studente van groot belang is" (p. 63).

- (b) Botha kom tot die gevolgtrekking dat studiehoudings en -gewoontes "waarskynlik van gelykwaardige belang is in akademiese studie" (p. 414).
- (c) Uit die onderhoude wat gehandel het oor studiemotivering, spesifieke studiemetodes, studietyd en -beplanning, hersiening ens., het geblyk dat beduidend meer van die suksesvolle groep hulle sukses aan goeie studiemetodes, gereelde studie, sterk motivering en voldoende tydsbesteding aan studie

toeskryf. Die minder suksesvolle groep het veral swak motivering, gebrek aan selfdissipline, omstandighedsfaktore en ondoeltreffende studiemetodes as redes vir mislukking aangevoer.

- (d) Dit blyk ook dat die MS-groep se studie nadeling beïnvloed is deur aanpassingsfaktore, nie-akademiese bedrywighede, beperkende skolastiese agtergrond, ongunstige studie-omstandighede, en ook in mindere mate deur verkeerde vak/kursuskeuse.
- (e) Wat die skoolprestasie van die minder suksesvolle finalejaar- universiteitsstudente betref wys Botha daarop dat die voorkoms van toekomstige mislukking reeds tot in die laerskool nagespoor kan word. "Die rangorde van sukses van finale jaarstudente word reeds in hul gemiddelde skoolprestasie weerspieël" (p. 408). Die korrelasies tussen standaard drie-uitslae en die verskillende universiteitsprestasie wissel tussen 0,217 en 0,329 by die totale submonster. Die faktore wat tot mislukking aan die universiteit aanleiding gee, is dus volgens Botha reeds in die laerskool aanwesig.

2.3.5.4 L.B.H. du Toit (1970)

Du Toit het die standaardisering van die SSHA-vraelys vir Suid-Afrikaanse hoërskole vir die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing onderneem. Die Afrikaanse benaming van die vraelys is die Opname van Studiegewoontes en -Houdings (OSGH). Gedurende 1968 is die vraelys toegepas op 'n steekproef van hoërskoolleerlinge in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika. 2 790 Leerlinge (1 342 seuns en 1 448 dogters) is in die ondersoek betrek. Die volgende skale is gebruik: (a) Vermyding van uitstel (VU) (b) Werkmetodes (WM) (c) Studiegewoontes (SG) (d) Onderwysergoedkeuring (OG) (e) Aanvaarding van Onderwys (AO) (f) Studiehoudings (SH) (g) Studie-oriëntasie (SO). Die gemiddelde skriftelike eksamenpunt van die leerlinge is gebruik as kriterium van prestasie.

Die belangrikste aspekte wat in die ondersoek na vore gekom het is die volgende:

- (a) By 'n hele aantal vergelykings tussen die standerdgroepe is beïndruigende verskille gevind. Die algemene neiging was dat tellings

van standerd 6 na standerd 8 daal en dan weer styg. Du Toit (1970) gee die volgende verklaring vir hierdie tendens:

"Hierdie tendens kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat standerd 6-leerlinge wat nuut in die middelbare skool is, in 'n groter mate die onderwyser se gesag aanvaar (OG) en studietake stiptelik uitvoer (VU). Vir leerlinge in standerds 7 en 8 is die skoolomgewing minder vreemd, die invloed van die puberteit (15 - 16 jaar) is groter, 'n hele aantal leerlinge nader die einde van hul skoolloopbaan en frustrasie by swak presteerders en potensiele skoolverlaters laat hom geld in hulle houdings en gewoontes. Leerlinge wat in standerds 9 en 10 in die skool bly, doen dit waarskynlik in 'n groot mate uit eie keuse en is daarom beter gemotiveerd en het meer positiewe houdings met betrekking tot die skool en studie-ideale in die algemeen (AO). Aan die ander kant moet die moontlikheid dat leerlinge met beter studiegewoontes en -houdings beter presteer en daarom langer in die skool sal bly, in gedagte gehou word" (p. 107 - 108).

- (b) Wat die verskille tussen geslagte betref is slegs agt van die 35 t-waardes nie statisties beduidend nie, en in alle gevalle is die meisies se gemiddelde tellings die hoogste. Volgens Du Toit wys genoemde bevindings daarop dat dogters beter georiënteerd en gemotiveerd, asook gewilliger skoliere as seuns is. Beide Van Niekerk (1972, p. 68) en Bruwer (1973, p. 38) wys wat dié bevinding betref daarop dat Du Toit hier egter nie nagegaan het of dogters ook skolasties beter as seuns presteer nie. Du Toit meld egter wel dat die vroeëre rypwording van die dogter 'n bydraende faktor mag wees.
- (c) Studiegewoontes en studiehoudings korreleer betekenisvol op die 1%-peil met die skoolprestasie vir dogters in standerd 6 tot standerd 10. Wat seuns betref is dieselfde bevind, behalwe in standerd 10. Op die standerd 10-vlak is dit slegs studiegewoontes wat betekenisvol op die 5%-peil met akademiese prestasie korreleer terwyl studiehoudings neig na 'n betekenisvolle korrelasie. As moontlike oorsaak vir hierdie verskynsel opper Du Toit die feit dat 'n groot getal seuns in hierdie stadium begin uitsien na 'n loopbaan en minder positief ten opsigte van opvoedkundige ideale en doelstellings is. Du Toit meld egter dat sy ver-

klaring nie die groot verskil tussen die geslagte op standerd tien-vlak werklik verklaar nie (p. 128). Van Niekerk (1972) verwys in hierdie verband na die verskille in korrelasies tussen geslagte en standerds soos deur Du Toit vermeld en konstateer: "Dit is duidelik dat daar nie in hierdie ondersoek tot die diepte van geslagsverskille in studiegewoontes en -houdings deurgedring is nie" (p. 69).

- (d) Wat die vergelyking tussen goeie, gemiddelde en swak presteerders betref is bevind dat die vraelys feitlik deurgaans beduidend tussen die drie prestasiegroepe in al die standerds onderskei. Die hoër prestasiegroep het sonder uitsondering hoër OSGH-tellings behaal.
- (e) Enkele van die gevolgtrekkings uit die bevindings van die ondersoek word deur Du Toit (1970, p. 164) soos volg opgesom:
 - (i) "Die belangrikste enkele bepalende faktor vir akademiese prestasie in die middelbare skool is intelligensie.
 - (ii) Die bydrae van studiegewoontes en studiehoudings tot prestasie in die middelbare skool is net so belangrik as dié van intelligensie.
 - (iii) Die eienskappe wat deur die NSAG en die OSGH onderskeidelik gemeet word, is betreklik onafhanklik van mekaar.
 - (iv) Indien beide die NSAG en die OSGH op leerlinge toegepas word, kan 'n betreklik hoë voorspellingsgeldigheid vir die akademiese prestasie van leerlinge in die middelbare skool verkry word.
 - (v) Daar is aanduidings dat 'n aantal persoonlikheidsfaktore met studiegewoontes en studiehoudings in die middelbare skool verband hou."

2.3.5.5 J.F. van Niekerk (1972)

Van Niekerk stel ondersoek in na die studiegewoontes en -metodes van Matriekleerlinge en eerstejaarstudente aan 'n universiteit. Die skool-groep het bestaan uit 518 seuns en 512 dogters. Hulle was almal

eerstejaarstudente aan die universiteit en is getoets tydens die oriënteringsweek aan die begin van die akademiese jaar. Die groep kan dus nie gesien word as 'n verteenwoordigende hoërskoolgroep nie omrede slegs eerstejaarstudente wat matriek wel geslaag het gebruik is. Bruwer (1973) wys ook daarop dat die groep uiteraard 'n hoogs geselekteerde groep was en dat dit as 'n swakheid in die ondersoek aangedui kan word (p. 42).

Aanvanklik is 'n toevallige monster van 600 koshuisstudente getrek om te dien as universiteitsgroep. Slegs 397 het vir toetsing opgedaag, waarvan 160 mans en 227 dames in die finale ondersoek betrek is. Die groep kan soos Van Niekerk self rapporteer, nie as verteenwoordigend beskou word nie omdat alle studente van die Privaat-studente-organisasie uitgeskakel is en die geslagte nie volgens ware verhouding verteenwoordig was nie. Ook hierdie feit moet as 'n leemte in die ondersoek aangedui word.

Vir die ondersoek het Van Niekerk 'n toetsbattery opgestel waarin daar aan die volgende aspekte aandag geskenk is: (a) Studiegewoontes (b) Studievaardighede (c) Spesifieke vakstudiemetodes - belangstelling en -prestasie (d) Studievoorrigting (e) Prestasie en intelligensie.

Vanweë die geweldig wye omvang van die ondersoek kan hier slegs enkele van die belangrikste bevindings gerapporteer word.

- (a) Besliste verskille tussen die geslagsgroepe, die skool- en universiteitsgroepe, die I.K.-groepe en die prestasie-kwosientgroepe se resultate is gevind - daar is soms selfs onderskeidende studie-, belangstelling- en prestasiepatrone gevind.
- (b) Daar is aanduidings van besliste verskille in vakstudiemetodes asook in die invloed van verskillende faktore op vakprestasie gevind.
- (c) Die verband tussen geslag en studiemetodes, asook tussen intelligensie en studiemetodes, is skynbaar sterker as prestasie en studiemetode. Vakstudiemetode het verder in die meeste gevalle 'n hoër korrelasie met vakbelangstelling as met vakprestasie getoon. Volgens Van Niekerk moet die afleiding dus waarskynlik gemaak word dat: "die doeltreffendheid, gemoti-

veerdheid en ywer waarmee 'n studiemetode toegepas word, van groter belang is as die besondere metode" (p. 300).

- (d) Die tydbesteding aan, en beplanning van studie, se invloed op prestasie was by die proefpersone byna net so sterk soos dié van studiegerigtheid en vakbelangstelling.
- (e) Alhoewel die dames van die skoolgroep 'n beter studiegewoonte-beeld as mans vertoon het, was daar feitlik geen verskil tussen die geslagte se gemiddelde prestasie nie.
- (f) Dit het geblyk dat 57% van die skoolgroep nooit enige studievoorligting voor hul finale jaar op skool ontvang het nie, dat slegs 29% studie-voorligting in meer as een spesifieke vak gekry het (en net 58% van hulle was van mening dat hulle enigsins daarby baat gevind het), en verder dat daar geen beduidende verband tussen studievoorligting en gemiddelde of enige vakprestasie vasgestel kon word nie. Van Niekerk (1972) konstateer in die verband: "Dit laat die vermoede ontstaan dat daar van voorligting voor 1969 weinig tereggekóm het. Dit wil ook verder voorkom of meer as die helfte van die vakonderwysers hulle leerlinge nooit doelbewus geleer het hoe om in hulle besondere vak te studeer nie" (p. 302).

2.4 Biografiese gegewens

2.4.1 Inleiding

Soos reeds vermeld by die literatuur oor studiegewoontes en houdings en akademiese prestasie het navorsers gedurende die afgelope paar dekades aktief gepoog om die voorspelbaarheid van akademiese prestasie te verhoog. Voorspellers gegrond op die meting van intelligensie was redelik suksesvol en het ook die sentrale tema vir 'n geruime tyd gevorm. Gaandeweg het dit egter duidelik geword dat, afgesien van gemete intelligensie daar ook ander nie-intellektuele veranderlikes is wat as voorspellers van akademiese prestasie kan dien. Onderzoekers het hulle dan ook gevolglik al hoe meer tot die persoonlike agtergrondgegewens, skoolrekords en aanverwante inligting van leerlinge en studente gewend in

hul pogings om verdere moontlike variansieverklarende veranderlikes te identifiseer en te ondersoek.

Die uitbreiding van voorligtingsdienste vir skole is 'n aanduiding van die toenemende belangstelling in die toekoms van die kind. Die voorspellers van toekomstige skolastiese prestasie, algemene prestasie asook prestasie in spesifieke vakgebiede is dan ook aspekte wat in 'n toenemende mate in verskeie ondersoeke die aandag van navorsers geniet. Vergelyk byvoorbeeld die werke van Lätti (1972), Ackermann (1973), Fullard (1969), Miner (1968), Smit (1971), Simmons (1970), Melton (1970), Bryant (1970) en Strydom (1970).

Hoewel dit nie in skoolvoorligting bloot gaan om die voorspelling van skademiese sukses of die moontlike sukses van 'n leerling in 'n bepaalde studiekursus nie, bly die verantwoordelike vooruitskating van sukses, volgens Lätti (1972), 'n wesenlike onderdeel van die voorligtingsproses (p. 1). In die praktyk gebeur dit dat daar nie altyd voldoende psigometriese gegewens omtrent leerlinge beskikbaar is op grond waarvan skattings omtrent die leerlinge se toekomstige prestasie gebaseer kan word nie. Wanneer dit die geval is, ontstaan die vraag in watter mate die gegewens wat wel beskikbaar is, soos persoonlike agtergrondgegewens, skoolrekord, beoordeling van die onderwyser, wyse waarop die leerling sy tyd korrek benut ensovoorts, vir hierdie doel gebruik kan word. Ondersoeke deur verskeie navorsers waarin daar van biografiese gegewens gebruik gemaak is as voorspellers van akademiese prestasie het bemoedigende resultate gelewer en in dié verband word daar gewys na die werke van Aiken (1964), Motley (1970), Fullard (1969), Lätti (1972), Ackermann (1973), Smit (1971) en Asbury (1974).

2.4.2 Biografiese veranderlikes as voorspellers van akademiese prestasie

Lätti (1972) wys daarop dat dit verstaanbaar is dat uiteenlopende en onverwante aspekte onder die een benaming van biografiese gegewens of lewensgeskiedenisbesonderhede geklassifiseer word. Sommige skrywers oor die onderwerp is streng in hul afbakening van die terrein sodat slegs feitlike gegewens oor 'n persoon as biografiese gegewens gereken word, terwyl ander plek inruim vir voorkeuritems en selfs houdingsitems

in biografiese vraelyste. Volgens hom is daar geen rede waarom verskillende tipe gegewens nie onder hierdie benaming verstaan en gebruik kan word nie, mits die kenmerke en veral swakhede en gevare van elke tipe item in ag geneem word by die gebruik daarvan. Hy konstateer verder dat: "Die soort inligting wat nie normaalweg deur gestandaardiseerde toetse ingesamel word nie, word of geïgnoreer of deur middel van 'n vraelys van die proefpersone verkry. So 'n vraelys is kenmerkend van talle eksperimentele ondersoeke in die sielkunde en dek diverse aspekte wat in spesifieke omstandighede ter sake is" (p. 9 - 10).

Clifford (1971) rapporteer 'n meervoudig korrelasie van 0,62 tussen bepaalde biografiese veranderlikes en akademiese prestasie op universiteitsvlak en wys daarop dat die biografiese benadering met groot sukses as voorspeller van akademiese prestasie aan universiteite gebruik kan word. Miner (1968, p. 374) wys daarop dat daar 'n statisties betekenisvolle verband tussen biografiese veranderlikes en akademiese prestasie van skoliere op verskillende vlakke in skoolloopbaan bestaan. Die korrelasiekoëffisiënte wat statisties betekenisvol is op die 0,05-vlak varieër van ongeveer 0,10 tot 0,25. Melton (1970) stel ondersoek in na biografiese veranderlikes in akademiese sukses en bevind dat akademiese sukses suksesvol met behulp van dié veranderlikes voorspel kan word. Hy wys egter ook daarop dat: "When used with the intelligence quotients, they are even more significant predictors of school achievement" (p. 1969).

Enkele biografiese veranderlikes wat in ondersoeke gebruik is word vervolgens oorsigtelik bespreek:

(a) Geslag

Denoyer (1971) rapporteer dat geslag 'n besliste effek op akademiese prestasie op skool het. Hy bevind dat dogters beter presteer in taal (lees en spelling) en dat hulle ook beter vaar as seuns op die meeste akademiese terreine in standerds een, vier, vyf en sewe. Marchiony (1970) rapporteer in dié verband ook dat dogters beter vaar as seuns wat lees betref. Volgens De Cecco (1968, p. 117 - 118) is daar ook wat geslag en akademiese prestasie betref besliste verskille. Dogters blink deurgaans bo seuns uit ten opsigte van akademiese prestasie in die meeste van die

vakke wat op skool aangebied word. Hy vestig ook die aandag daarop dat: "The difference in school performance persists throughout high school and college." Lavin (1965) wys daarop dat die meeste ondersoeke na geslag en akademiese prestasie daarop dui dat meisies beter presteer as seuns, en dat die korrelasies tussen intelligensie en prestasie in die meeste ondersoeke ook hoër is vir meisies as vir seuns (p. 56). In teenstelling met genoemde ondersoekers se bevindings rapporteer Cain (1971) dat seuns en dogters in die ouderdomsgroep sewe tot dertien jaar nie statisties beduidend verskil ten opsigte van akademiese prestasie nie.

(b) Sosio-ekonomiese status

Lavin (1965) gee 'n volledige oorsig van verskeie studies waarin die verband tussen sosio-ekonomiese status en akademiese prestasie ondersoek is. In dertien van die studies waarna Lavin verwys is bevind dat sosio-ekonomiese status 'n direkte verband met akademiese prestasie toon; hoe hoër 'n persoon se sosiale status, hoe hoër is sy vlak van prestasie. Hierdie verband hou stand vir alle akademiese vlakke. Uit ses van die studies waarna Lavin verwys blyk dit egter dat teenstrydige resultate verkry is. Die studies rapporteer dat sosio-ekonomiese status omgekeerd korreleer met akademiese prestasie. Hierdie inkonsekwentheid van die resultate skryf Lavin toe aan verskille in variasiebreedte van sosio-ekonomiese status wat in die steekproewe ingesluit is. Lavin konkludeer egter dat sosio-ekonomiese status 'n beduidende veranderlike by die voorspelling van akademiese prestasie is en wys daarop dat sosio-ekonomiese status "summarizes systematic variations in attitudes, motivations, and value systems that are related to such performance" (p. 128).

In teenstelling met die bevinding van Watts (1970) dat daar nie 'n beduidende verband tussen sosio-ekonomiese status en akademiese prestasie bestaan nie, het ondersoekers soos Randhawa en Fu (1973, p. 311), Denoyer (1971), Miner (1968), Motley (1970) en Klausmeier en Goodwin (1966) gerapporteer dat daar 'n beduidende verband tussen sosio-ekonomiese status en akademiese prestasie in hul ondersoeke gevind is. Ackermann (1973, p. 58) rapporteer dat leerlinge wie se vaders se beroepe as hoëstatusberoepe

geklassifiseer is, akademies beter presteer as leerlinge wie se vaders gemiddelde status- of laerstatusberoep beklee, en wys daarop dat die bevinding met dié van die meeste ander navorsers strook.

(c) Huislike omstandighede

Botha (1971, p. 43) rapporteer dat ondersoeke in verband met die invloed van huislike omstandighede en akademiese prestasie gewoonlik verdeel word in twee kategorieë nl. dié wat handel oor demografiese aspekte en dié wat ondersoek instel na familie-interaksies. In die ondersoeke word daar dan meesal aandag geskenk aan aspekte soos die getal kinders in die familie, die rangorde van geboorte, geslag en ouderdomsverskille tussen kinders, die houdings van familielede en die invloed daarvan op kinders en studente se akademiese prestasie. Rosen (1960) rapporteer dat seuns van klein gesinne meer neig tot hoër prestasie-motivering as seuns van groot gesinne (p. 584 - 585).

Schoonover (1959, p. 145) wys daarop dat geen beduidende verskil gevind kon word tussen rangorde van geboorte en beide intelligensie en prestasie nie, en vestig ook die aandag daarop dat: "Sibs, irrespective of sex, with brothers consistently had higher mental and achievement ages than sibs with sisters." Kurtz en Swenson (1951, p. 478) meld dat onderpresteerders se huislike omstandighede meer dikwels ongunstig is as die van oorpresteerders.

Die ouers van onderpresteerders stel dikwels ook nie veel belang in hul kinders se prestasie nie. Watts (1970) meld dat oorpresteerders meer dikwels in groot gesinne op die platteland voorkom as in kleiner gesinne. Miner (1968) rapporteer dat eersgeborenes skolasies beter presteer as hul broers en susters en meld ook dat kinders in kleiner gesinne beter presteer as dié in groter gesinne (p. 377).

Hurlock, aangehaal deur Ackermann (1973) wys daarop dat gebroke huise weens die dood van een of albei ouers, of weens 'n egskedding of verwydering tussen die ouers, die hele patroon van die gesinslewe verander. As die gebroke huis die gevolg is van die dood van een of albei ouers, mag dit wees dat die kinders die huis moet prysgee om elders te gaan woon. As die oorblywende ouer die moeder is, is daar gewoonlik finansiële

probleme en indien die oorblywende ouer die vader is, is daar gewoonlik kindersorgprobleme. Sou die kind albei sy ouers verloor, sal die effek waarskynlik ernstiger wees. Behalwe vir radikale veranderinge in sy lewenspatroon moet die kind dan nog aanpas by die versorging deur 'n ander persoon wat dikwels heeltemal 'n vreemdeling is (p. 13 - 14).

Morrow en Wilson (1961, p. 508) wys daarop dat 'n positiewe instelling van die ouer ten opsigte van opvoedkundige doelstellings bevorderlik is vir die kind se prestasie. Du Toit (1972) meld dat die algemene indruk wat uit die literatuur verkry word, is dat 'n gesonde huislike atmosfeer, 'n gesonde ouer-kind-verhouding en 'n gevoel van sekuriteit by die kind sonder dat hy verwaarloos of bederf word, bevorderlik is vir prestasie by die kind (p. 23).

(d) Skoolverwisseling

In 'n ondersoek vergelyk Verhoef (1971) standaard ses-leerlinge wat herhaaldelik van skool verwissel het, met leerlinge wat oor dieselfde intellektuele vermoë beskik en baie min van skool verwissel het. Hy bevind: (i) "dat herhaaldelike skoolverwisseling nie tot kinders van vaders in 'n bepaalde beroep of beroepsgroep beperk is nie, maar in 'n meerdere of mindere mate by kinders in alle beroepsgroepe (behalwe boere) voorkom; (ii) dat die sosio-ekonomiese agtergrond soos bepaal deur beroep van vader, van leerlinge wat herhaaldelik van skool verwissel nie besonder verskil van dié van leerlinge wat min van skool verwissel nie; (iii) dat leerlinge wat herhaaldelik van skool verwissel het, in sekere opsigte 'n ongunstiger huislike en algemene agtergrond as ander leerlinge het (meer van hulle kom uit gebroke huise, hulle is meer dikwels afwesig van skool en kla meer oor gesondheidsprobleme); (iv) dat herhaaldelike skoolverwisseling blykbaar 'n nadeliger effek het op die persoonlikheid en aanpassing van leerlinge wat oor bogemiddelde intellektuele vermoë as leerlinge wat oor ondergemiddelde intellektuele vermoë beskik; (v) dat herhaalde skoolverwisseling heelwat bydra tot swakker skolastiese prestasie van veral die bogemiddelde leerlinge; (vi) dat herhaalde skoolverwisseling op laerskool blykbaar lei tot verdere skoolverwisseling gedurende die eerste twee tot drie jaar op hoërskool; sodat skoolverwisseling uiteindelik 'n bydraende faktor tot die aansienlike hoë voorkoms van skoolverlating (om te gaan werk) by

ondergemiddelde leerlinge (veral dogters), maar nie by bogemiddelde leerlinge nie, is.

Daar is geraam dat minstens 150 000 skoolverwisselings in 'n jaar in Suid-Afrika plaasvind. Indien die aanduidings van nadelige invloed van skoolverwisseling op skoolprestasie, soos bevind in hierdie ondersoek, deur verdere navorsing bevestig word, is skoolverwisseling 'n nasionale probleem" (p. 31).

(e) Getal kere op skool gedruip

Klausmeier en Goodwin (1966, p. 103) konstateer dat betroubare inligting oor 'n leerling se vorige prestasie in 'n vak van die bruikbaarste inligting is om sy toekomstige prestasie in die betrokke vak te voorspel. Ackermann (1973, p. 15) rapporteer dat: "Van die biografiese veranderlikes is die getal kere op skool gedruip die beste voorspeller van akademiese prestasie." Hy wys dan ook daarop dat daar in opvoedkundige kringe algemeen aanvaar word dat die getal kere wat 'n leerling gedruip het 'n belangrike veranderlike by die voorspelling van akademiese prestasie is, en meld dat beide Müller (1965) en Smit (1971) se ondersoeke die gevolgtrekking bevestig het.

(f) Huiswerk

Entwistle (1974) wys daarop dat 'n vanselfsprekende veranderlike wat akademiese prestasie positief beïnvloed die tyd is wat 'n leerling aan sy huiswerk spandeer. Hy meld egter dat beide die kwaliteit en kwantiteit van studie belangrik is en rapporteer dat leerlinge wat goed presteer die tyd wat aan studie bestee word goed beplan en effektief gebruik (p. 382 - 383).

Gibbons en Savage (1965) rapporteer in die verband dat daar 'n korrelasie van 0,71 tussen tyd aan studie bestee en akademiese prestasie bevind is (p. 9). Bieker (1971) rapporteer, in teenstelling met laasgenoemde bevindings, 'n negatiewe verband tussen die getal ure aan studie gewy gedurende die skooljaar en akademiese prestasie van leerlinge in hul basiese vakke. Child (1970) wys daarop dat tyd aan studie

bestee belangrik is, maar dat korrekte studiemetodes 'n vereistes is vir akademiese sukses (p. 12). Wilson en Morrow (1962) bevind dat leerlinge wat goed presteer hul huiswerk meer gereeld en getrou doen as onderpresteerders (p. 102).

(g) Vryetydsbesteding

Roos (1970, p. 32) rapporteer in verband met die vryetydsbesteding van standaard ses-leerlinge die volgende: "In vergelyking met die universum blyk dit dat relatief meer van die intellektueel-superieure leerlinge van lees hou en hoofsaaklik biblioteekboeke lees, aan meer buitemurse aktiwiteite deelneem en meer tyd daaraan bestee, meer naskoolse lesse soos ballet, musiek, ensovoorts ontvang en meer stokperdjies beoefen." Wat die beoefening van stokperdjies betref rapporteer hy dat meer van die leerlinge artikels versamel, modelle bou en fotografie beoefen. Handwerk en tuinmaak word in 'n mindere mate deur hulle as stokperdjies beoefen, en in die geval van kuns-beoefening, aanhou van troeteldiere en werk met gereedskap is daar geen betekenisvolle verskil tussen hulle en die universum nie. Ongeveer 70 persent van albei groepe dui aan dat hulle beide van sport hou en geen betekenisvolle verskil ten opsigte van houding teenoor sport word deur Roos gerapporteer nie.

Ackermann (1973) verwys na die ondersoek van Duff en Siegel waarin bevind is dat deelname aan aktiwiteite wat geklassifiseer word as sport en aksie, sosiale en heteroseksuele aktiwiteite 'n negatiewe verband toon met die effektiewe benutting van gemete akademiese vermoë (p. 59). Ackermann vestig ook die aandag daarop dat die tyd wat aan buitemurse aktiwiteite gewy word van belang is. 'n Leerling wat 'n goeie atleet is en feitlik al sy beskikbare tyd aan atletiek wy sal waarskynlik akademies nie so goed presteer as waartoe hy in staat is nie (p. 16).

2.4.3 Samevatting

Die literatuuroorsig bring aan die lig dat verskeie ondersoeke na die verband tussen akademiese prestasie van leerlinge en studente en sekere biografiese gegewens, met 'n wisselende mate van sukses, deur navorsers uitgevoer is. 'n Kort oorsig van biografiese veranderlikes wat in sommige van die ondersoeke gebruik is, is gegee.

2.5 Tydbenutting en Vrye Tyd

2.5.1 Inleiding

'n Toename in vrye tyd is 'n kenmerkende verskynsel in die huidige samelewing en die hele aangeleentheid van die tydbenutting van skoliere en studente as sosiaal-opvoedkundige verskynsel tree in 'n toenemende mate op die voorgrond. Die manier waarop die jeug hul tyd benut en hul vrye tyd bestee vorm een van die belangrikste probleemareas wat deur opvoedkundiges, sielkundiges en sosioloë bestudeer word maar is ook 'n aangeleentheid waarby ouers, onderwysowerhede en die gemeenskap as geheel gemoeid is. Landman (1972) wys dan ook daarop dat die behoefte van die jeug aan positiewe leiding en aktivering ten opsigte van 'n doeltreffender gebruik van vrye tyd al hoe dringender word.

Pieterse (1967, p. 8) meld in dié verband dat die besorgdheid van die owerhede oor die besteding van vrye tyd daartoe gelei het dat 'n nuwe "industrie" tot stand gekom het om die vryetydsbesteding van mense te organiseer en in doelgerigte kanale te probeer stuur. Dit het volgens hom ook aanleiding gegee tot die kommersialisering van vryetydsbesteding in die vorm van bioskope, skouburge, ensovoorts.

2.5.2 Die begrippe vrye tyd en vryetydsbesteding

Pieterse (1967, p. 8) sowel as Strydom (1970, p. 9) konstateer dat: "Simplisties gestel, is vrye tyd die tyd wanneer 'n persoon vry is van die arbeidsverpligtinge om 'n bestaan te maak." Volgens Senekal (1967, p. 38) is vrye tyd daardie tyd waarin die mens vry is van enige verpligting teenoor werk, familie, of gemeenskap en gebonde aan die norme van die maatskappy homself kan toewy aan daardie aktiwiteite wat in sy bepaalde behoeftes voorsien en waarin hy homself as mens kan uitlewe, inlewe en laat opneem.

Lundberg, Komarovsky en McInerney (1969) omskryf vrye tyd as: "... the time we are free from the more obvious and formal duties which a paid job or other obligatory occupation imposes upon us" (p. 2).

Kraus (1964, p. 2) sluit by laasgenoemde definisie aan en omskryf vrye tyd as: "... that portion of time in our lives which is free, nonobligatory, or discretionary."

Uit die meeste van die vermelde omskrywings van vrye tyd blyk dat die begrip vrye tyd die teenoorgestelde is van dié van arbeid as plig. Snyman (1975, p. 15) verwys na die uitspraak van Martin en beklemtoon dat die vryheid van die individu in tydsverband nie alleen vryheid "van" iets nie, maar ook vryheid "vir" iets impliseer. Vryheid "van" impliseer vryheid van verpligting of werk, vryheid in keuse van 'n aktiwiteit, of in die keuse van 'n omgewing asook 'n ongebondenheid aan tyd of tydroosters. Dit impliseer egter nie totale vryheid in die sin dat die persoon nie meer gebonde is aan 'n kultuur of aan norme en wette wat in sy samelewing geld nie. Hierdie gebondenheid word bevestig deur die vryheid "vir" deelname aan kulturele aktiwiteite onderworpe aan reëls, regulasies, wette, waardes en norme wat in die besondere samelewing geld.

Volgens Pieterse (1967, p. 8) behels vryetydsbesteding die wyse(s) waarop die mens sy vrye tyd aanwend. Vryetydsbesteding is volgens hom dan ook nie gebonde aan presiesheid, afgemetenheid en reëlmatigheid soos gewone arbeidsverrigtinge nie, en mense verskil hemelsbreed van mekaar in hul keuse van aktiwiteite van vryetydsbesteding. Die keuse kan verskil op grond van verbondenheid aan 'n sekere lewenskring of sosiale laag. Kaplan (1975, p. 27) wys daarop dat: "Anybody can have free time. Not everybody can have leisure." Volgens hom is vryetydsbesteding 'n antitese tot "werk" as 'n ekonomiese funksie, en hy konstateer in die verband ook verder dat: "... leisure is not necessarily the same as nonwork time, since one's free time is far more than his time for leisure."

Ruthven (1967, p. 26) maak 'n onderskeid tussen vryetydsbesteding ter wille van ontspanning en vryetydsbesteding ter wille van ontwikkeling. Wanneer die mens probeer om sekere spannings te oorkom deur byvoorbeeld na die radio te luister of 'n boek te lees, sien hy dit as vryetydsbesteding ter wille van ontspanning. Wanneer 'n persoon egter boeke van hoër opvoedkundige waarde lees met die doel om sy eie gesigskring te verbreed geskied die vryetydsbesteding ter wille van ontwikkeling.

Onder vryetydsbesteding word dus verstaan die wyse waarop die vryetyd van die persoon aangewend word. Die keuse van die aktiwiteite berus by die betrokke individu self en dit staan hom vry om sy vrye tyd volgens eie keuse en voorkeure aan te wend.

2.5.3 Tydbenutting

Volgens Rip en Schurink (1974) het vrye tyd in die moderne samelewing in so 'n mate toegeneem dat die konstruktiewe of dan minstens die nie-nadelige gebruik daarvan, problematies geword het (p. 12).

Talle studies oor sekere aspekte, soos die begrip vrye tyd, die omvang van vrye tyd, vryetydsaktiwiteit, vryetydsbehoefte, die ontwikkeling van vrye tyd en vryetydsbesteding is dan ook tot op hede uitgevoer. In die verband word daar onder ander verwys na die werke van Strydom (1970), Strijdom (1970), Müller (1970), Botha (1971), Landman (1972), Rip en Schurink (1974), Kaplan (1975), Lundberg, Komarovsky en McInerney (1969), Pieterse (1967) en Kraus (1964).

Met tydbenutting word bedoel die wyse waarop die skoolkind sy tyd, na skoolure gedurende skoolkwartale en oor naweke, benut. Uit die literatuur blyk dat weinig navorsing in dié verband onderneem is. Sodanige navorsing is egter wel onderneem deur onder andere Himmelweit Oppenheim en Vince (1958), Schramm, Lyle en Parker (1961) en Furu (1962). Laasgenoemde ondersoek is gedoen met die doel om die invloed van televisie as massakommunikasiemedium op die tydbenuttingspatrone van die kind te probeer vasstel.

Landman (1972, p. 185) verwys na die daarstelling van 'n televisienetwerk in Suid-Afrika en meld dat daar as gevolg van televisie grootskaalse verandering in die vryetydspatroon van die gemeenskap verwag kan word. Volgens hom is dit noodsaaklik om die aard van vryetydspatroone voor en na die instelling van hierdie massakommunikasiemiddel vas te stel om sodoende 'n beeld van sekere aspekte van die invloed daarvan te verkry. Die Unie (1976, p. 344) verwys na die implikasies van televisie vir die onderwys en meld dat: "n Mens hoef geen profeet te wees om te voorspel dat televisie ingrypend in die lewenspatroon van ons huisgesinne gaan insny nie.

En as in aanmerking geneem word dat programme op werksdae saans vanaf sesuur vyf uur lank onafgebroke aangebied word, dan het ons rede om bekommerd te voel oor die wyse waarop die programme die studiegewoontes van leerlinge en studente gaan beïnvloed."

Die koms van televisie beklemtoon die behoefte aan 'n ondersoek na die tydbenuttingspatrone van die skoolgaande kind wat onder andere vir televisiesienavorsing, as voor-blootstellingsbasis vir latere vergelykingsdoeleindes, kan dien. Die gegewens wat in die huidige ondersoek gebruik word is in 1974, dit wil sê voor die koms van televisie, ingesamel. Met behulp van die gegewens sal die onderlinge verband tussen die tydbenuttingveranderlikes sonder die beïnvloeding van televisie nagegaan word. Dit kan dus as basis gebruik word vir latere vergelykingsdoeleindes in televisiesienavorsing.

Die hele aangeleentheid van die kind se tydbenutting tree dus in 'n toenemende mate op die voorgrond en die behoefte van die kind aan positiewe leiding ten opsigte van verstandige en doeltreffende tydbenutting is tans dringend.

2.6 Samevatting

'n Toename in die gebruik van nie-intellektuele veranderlikes as voorspellers van akademiese en skolastiese prestasie blyk duidelik uit die literatuur. Die akademiese en skolastiese mislukking van briljante skoliere en studente dui dan ook daarop dat akademiese en skolastiese prestasie nie alleen die resultaat van verstandelike vermoë is nie. Uit die literatuur blyk dat nie-intellektuele faktore soos persoonlikheidstrekke, belangstelling, motivering, studiegewoontes en-houdings, geslag, omgewingsfaktore, tydbenuttingspatrone, ens., medebepalend vir skolastiese prestasie is. Die bevindings van navorsers is egter uiteenlopend en Smit (1971) wys dan ook tereg daarop dat alvorens akademiese sukses op 'n doeltreffende wyse voorspel kan word, moet die faktore wat medebepalend van akademiese sukses is, geïsoleer en geïdentifiseer word, en die aard van die interaksie tussen die faktore vasgestel word (p. 33).

Uit die oorsig van die literatuur blyk dat die meerderheid van die ondersoeke na die verband tussen studiegewoontes en -houdings en akademiese prestasie 'n betekenisvolle positiewe verband tussen die veranderlikes

bevind het. Die Brown-Holtzman-vraelys (SSHA) oor studiegewoontes en houdings het 'n belangrike bydrae tot navorsing in dié verband in Suid-Afrika en ook elders, gelewer. Du Toit (1970) het die standaardisering van die SSHA-vraelys vir Suid-Afrikaanse hoërskole vir die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing onderneem en die Afrikaanse benaming van die vraelys is die Opname van Studiegewoontes en houdings (OSGH). Ondersoeke met behulp van die OSGH-vraelys het betekenisvolle korrelasies met skoolprestasie aangetoon. Du Toit (1970) meld in dié verband dat die bydrae van studiegewoontes en studiehoudings tot prestasie in die middelbare skool net so belangrik is as dié van intelligensie. Die vraelys onderskei ook deurgaans beduidend tussen goeie, gemiddelde en swak presteerders in al die standers.

'n Toename in die gebruik van biografiese veranderlikes as voorspellers van akademiese prestasie is in die literatuur te bespeur. 'n Kort oorsig van enkele veranderlikes wat in ondersoeke gebruik is, naamlik geslag, sosio-ekonomiese status, huislike omstandighede, skoolverwisseling, druipling op skool, huiswerk en tydbenutting, is gegee. Die oorsig bring aan die lig dat verkeie ondersoeke na die verband tussen akademiese prestasie en biografiese gegewens, met 'n wisselende mate van sukses, deur navorsers uitgevoer is. Die bevindinge oor die veranderlikes is nie altyd eenduidig nie en dit blyk asof moderatorveranderlikes hier 'n rol speel vanweë die onderlinge verband tussen die groot hoeveelheid gegewens. Uit die oorsig blyk dit egter dat ondersoeke deur verskeie navorsers bemoedigende resultate gelewer het en dat beduidende voorspellings t.o.v. akademiese prestasie op grond van slegs biografiese gegewens moontlik is.

Die literatuuroorsig bring aan die lig dat die behoefte van die skolier en student aan positiewe leiding en aktivering ten opsigte van doeltreffende en effektiewe tydbenutting dringend is. Die daarstelling van 'n televisienetwerk in Suid-Afrika in 1976 kan soos navorsing oorsee aangetoon het, lei tot 'n herorganisasie in die tydbenuttingspatrone van die skolier en student. Met die oog op latere vergelykingsdoeleindes is die daarstelling van 'n voor-blootstellingsbasis van studiegewoontes en -houdings en tydbenuttingspatrone tans uiters noodsaaklik.

EKSPERIMENTELE ONTWERP

3.1 INLEIDING

Om die hipotese te toets is besluit om die vraelys "Opname van Studie=gewoontes en -houdings" (OSGH) asook die Tydbenuttingsvraelys en die Biografiese Vraelys te gebruik. Laasgenoemde twee vraelyste is deur die Instituut vir Kommunikasienavorsing van die RGN saamgestel vir die projek "Die invloed van televisie op die skoolgaande jeug". By die beskrywing van die eksperimentele ontwerp sal daar dan vervolgens oorgegaan word tot 'n bespreking van die steekproef, die vraelyste, die toepassing van die meetinstrumente, die kodering en ponswerk en die statistiese verwerkings. 'n Kort uiteensetting van die skakeling met die verskillende onderwys=departemente en die opleiding van toetsafnemers sal ook gegee word.

3.2 DIE STEEKPROEF

Die steekproef is op 'n nasionale grondslag getrek uit die bevolking van Blanke skoolgaande standerd agt-leerlinge in die provinsiale skole van die vier provinsies in die RSA. Die nodige syfers ten opsigte van die Blankeskoolorbevolking is in 1973 op versoek van die Instituut vir Kommunikasienavorsing van die RGN amptelik deur die vier onderskeie onderwys=departemente verskaf. Met behulp van hierdie gegewens is die steekproef volgens provinsie, stedelik— nie-stedelike gebiede en taalmedium gestratifiseer. Daar is verder gebruik gemaak van 'n ewekansige verdeling van die leerlinge by elk van die 40 sekondêre skole wat ook op 'n ewekansige wyse geselekteer is. Sodoende is 'n totaal van 1 381 standerd agt-leerlinge in die steekproef ingesluit.

3.2.1 Samestelling van die steekproef

Om te bepaal of die steekproef verteenwoordigend is, is dit vergelyk met die verwagte proporsies volgens die 1973-sensussyfers ten opsigte van die skoolbevolking (kyk tabel 3.1), soos verskaf deur die onderwysdepartemente van die vier provinsies. Chi-kwadraat bewerkings is gebruik om die betekenisvolheid van verskille vas te stel.

TABEL 3.1

TOTALE STEEKPROEF : 1 381

Kaap	:	386	(a) = Verwagte proporsie volgens
Natal	:	159	skoolbevolkingsensussysfers van 197
OVS	:	113	
Transvaal	:	<u>723</u>	(b) = Steekproef
		1 381	

Provinsie	Seuns		Meisies		Totaal	
Kaap	(a) 189	(b) 199	(a) 190	(b) 187	(a) 379	(b) 386
Natal	(a) 91	(b) 83	(a) 80	(b) 76	(a) 171	(b) 159
OVS	(a) 56	(b) 59	(a) 56	(b) 54	(a) 112	(b) 113
Transvaal	(a) 373	(b) 379	(a) 347	(b) 344	(a) 720	(b) 723
TOTAAL	(a) 709	(b) 720	(a) 673	(b) 661	(a) 1 382	(b) 1 381

$$\chi^2 = 1,654; \text{ gvv} = 7; p > 95 \text{ persent}$$

Uit tabel 3.1 blyk dat die steekproefproporsies nie betekenisvol verskil van die verwagte proporsies volgens die skoolbevolkingsensussysfers nie.

Die verdeling van die steekproef volgens taal waarin onderrig ontvang word en woonplek gedurende skoolkwartale word in tabelle 3.2 en 3.3 aangetoon.

TABEL 3.2

VERDELING VAN STEEKPROEF VOLGENS TAAL WAARIN
ONDERRIG ONTVANG WORD

	Seuns		Meisies		Totaal	
	f	% f	f	% f	f	% f
Afrikaans	450	62,50	432	65,45	882	63,91
Engels	250	34,72	205	31,06	455	32,97
Dubbelmedium	20	2,78	23	3,48	43	3,11
TOTAAL	720		660		1 380	

TABEL 3.3

VERDELING VAN STEEKPROEF VOLGENS WOONPLEK
GEDURENDE SKOOLKWARTALE

	Seuns		Meisies		Totaal	
	f	% f	f	% f	f	% f
Op 'n plaas	24	3,34	24	3,63	48	3,48
Op 'n plot naby stad of dorp	44	6,13	52	7,87	96	6,96
In 'n dorp	339	47,21	303	45,84	642	46,56
In 'n stad of voorstad	312	43,31	282	42,66	594	43,00
TOTAAL	719		661		1 380	

3.3.1 "Opname Van Studiegewoontes en -houdings" (OSGH)3.3.1.1 Inleiding

Die vraelys, "Survey of Study Habits and Attitudes" (SSHA), wat in Afrikaans vertaal is as "Opname van Studiegewoontes en -houdings", is in die VSA ontwikkel onder leiding van William F. Brown en Wayne H. Holtzman en deur die RGN in Suid-Afrika aangepas en gestandaardiseer vir gebruik in Suid-Afrikaanse skole. Die OSGH is 'n maklik toepasbare maatstaf vir die evaluering van studiemetodes, motivering vir studie en bepaalde houdings ten opsigte van skolastiese aktiwiteite wat in die klaskamer belangrik is. Dit verskaf op 'n sistematiese en gestandaardiseerde wyse 'n aanduiding van 'n leerling se gewoontes en houdings ten opsigte van sy skoolwerk en is geskik vir leerlinge in standerds ses tot tien.

3.3.1.2 Die doel met die vraelys

Die doelstellings met die OSGH is -

- (a) om leerlinge met ondoeltreffende studiegewoontes en -houdings uit te ken,
- (b) om by te dra tot 'n beter begrip van leerlinge wat studieprobleme ondervind, en
- (c) om 'n grondslag daar te stel waarvolgens sulke leerlinge gehelp kan word om hulle studiegewoontes en -houdings te verbeter en gevolglik hulle moontlikhede meer volledig te verwesenlik.

3.3.1.3 Gebruike van die OSGH3.3.1.3.1 As 'n siftingstoets

Die OSGH kan aan die begin van die skooljaar toegepas word op leerlinge in standaard 6 tot 10. Daardeur word die resultate van elke leerling beskikbaar vir voorligting later in die jaar, terwyl 'n oorsig oor die punte van die hele groep aan die lig sal bring watter leerlinge onmiddellik aandag nodig het. Die gebruik van die OSGH is egter nie beperk tot die

begin van die skooljaar nie; die vraelys kan te enige tyd gedurende die jaar óf op groepe óf op individuele leerlinge toegepas word.

3.3.1.3.2 As 'n diagnostiese toets

Op die agterkant van die antwoordblad verskyn 'n diagnostiese profiel waarop die leerling se standaardpunte aanskoulik in die vorm van persentielrange voorgestel kan word. Ten einde 'n leerling wat akademiese probleme het te help, mag die voorligter dit waardevol vind om nie alleen sy punte en diagnostiese profiel te ondersoek nie, maar ook die responsies op individuele stellings in die toets. Vir hierdie doel kan 'n spesiaal ontwerpte ontleedmasker op die antwoordblad geplaas word; met behulp van hierdie masker kan daardie stellings uitgeken word wat praktyke en foute wat bydra tot die leerling se probleme, verteenwoordig.

3.3.1.4 Die skale van die vraelys

Die OSGH bestaan uit vier primêre en drie sekondêre skale wat soos volg beskryf kan word:

- (i) Vermyding van uitstel (VU/DA) dui aan in watter mate die leerling sy take stiptelik afhandel, uitstel van werkopdragte vermy en nie geneig is tot onnodige tydverkwisting nie.
- (ii) Werkmetodes (WM/WM) gee 'n aanduiding van die leerling se gebruik van doeltreffende studiemetodes, sy bekwaamheid in die uitvoering van werkopdragte en in watter mate hy sy skoolwerk op die doeltreffendste wyse aanpak.
- (iii) Studiegewoontes (SG/SH) kombineer die tellings van VU/DA en WM/WM om 'n maatstaf vir akademiese gedrag daar te stel.
- (iv) Onderwyser-goedkeuring (OG/TA) verskaf 'n maatstaf van die leerling se houding teenoor die onderwyser en sy goedkeuring van die onderwyser se optrede in die klaskamer.
- (v) Aanvaarding van onderwys (AO/EA) bepaal in watter mate die leerling opvoedkundige ideale, doelstellings, praktyke en vereistes aanvaar.

(vi) Studiehoudings (SH/SA) kombineer die tellings van OG/TA en AO/EA en verskaf 'n maatstaf van die leerling se vertroue in skoolastiese doelwitte.

(vii) Studie-oriëntasie (SO) is 'n samevatting van al die bogenoemde aspekte en verskaf 'n gesamentlike maatstaf van die leerling se studiegewoontes en -houdings.

3.3.1.5 Betroubaarheid van die OSGH

3.3.1.5.1 Halfverdelingsbetroubaarheid

Die gekorrigeerde halfverdelingsbetroubaarheidskoëffisiënte vir die vier primêre skale van die OSGH word in tabel 3.4 aangetoon.

TABEL 3.4

GEKORRIGEERDE HALFVERDELINGSBETROUBAARHEID VIR DIE
VIER PRIMÊRE SKALE VAN DIE OSGH (N = 2 790)

Skaal	VU/DA	WM/WM	OG/TA	AO/EA
r_{tt}	0,833	0,835	0,873	0,805

Die halfverdelingsbetroubaarheid is deurgaans hoër as 0,8 en kan as baie bevredigend beskou word.

3.3.1.5.2 Hertoetsbetroubaarheid

Die hertoetsbetroubaarheidskoëffisiënte (volgens die handleiding) vir vier groepe leerlinge, naamlik seuns, dogters, Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes, st. 6 tot st. 10, is deurgaans tussen 0,811 en 0,923 en kan as besonder goed beskou word.

3.3.2 Biografiese Vraelys

Die Biografiese Vraelys is opgestel deur die Instituut vir Kommunikasie=navorsing van die RGN (kyk punt 1.6) met die doel om soveel moontlik biografiese en ander agtergrondsgewens van elke leerling te verkry. Die vraelys bestaan uit 53 vrae wat ongeveer 40 minute neem om te

beantwoord. Drie van die vrae is oop vrae, terwyl die res van die vrae in die vraeboek beantwoord word deur 'n kringetjie om 'n syfer by die betrokke vraag te trek. By elke vraag, afgesien van die eerste vier en die drie oop vrae, word 'n aantal moontlike antwoorde gegee waaruit die leerling dié een kies wat op hom van toepassing is. Die antwoorde wat gegee word, is sodanig dat dit vir 'n leerling moontlik is om elke vraag te beantwoord. Behalwe die eerste vier vrae waar die leerling se identiteitsnommer en ander besonderhede vermeld word, verskaf die vrae onder andere gegewens ten opsigte van die leerlinge se gesinsagtergrond, skool- en studietoelaes, woonplek, identifiserende en sosiale besonderhede.

3.3.2.1 Seleksie van vrae

By die keuse van die biografiese veranderlikes vir die doeleindes van hierdie ondersoek is daar gelet op die veranderlikes wat in vorige ondersoeke suksesvol gebruik is. (kyk punt 2.3.2). Verder is daar veral gekonsentreer op die veranderlikes wat die leerling se skool- en studietoelaes mag beïnvloed soos byvoorbeeld sosio-ekonomiese status, huislike omstandighede, skoolverwysing, oorgang na skool, verandering van woonplek, geskikte plek vir doen van huiswerk, skoolprestasie en die leerling se gesondheidstoestand. Aandag is ook geskenk aan beroepsmatige data soos onder andere die leerling se beroepskeuse, studie- en beroepsvoorligting, aspirasie vir verdere studie asook die beroep van die vader.

3.3.2.2 Vrae gebruik in ondersoek

Die vrae wat vir die doeleindes van hierdie ondersoek gebruik is, is die volgende:

- 1 Wat is die beroep van jou vader/stiefvader/voog (die man wat aan die hoof van julle gesin staan)?

Beroepe wat verstrekkend is, is in die volgende kategorieë ingedeel: Professioneel, tegniese en verwante werker/administratiewe, uitvoerende en besturende werker/ klerklike werker/verkoopswerker/boerdery, bosbou, vissery, jag/myn-, steengroefwerker/ vervoer en kommunikasie/vakman, produksieproseswerker en arbeider/diens-, sport- en ontspanningswerker/ onbekend en nie-ekonomies bedrywiges (huisvrou uitgesluit).

- 2 Wat is die beroep van jou moeder/stiefmoeder/voogdes indien sy buitenshuis werk (die vrou aan die hoof van julle gesin)? Indien sy nie tans buitenshuis werk nie trek slegs 'n streep.

Die beroepe wat verstrekkend is, is in dieselfde kategorieë ingedeel as by vraag 1. 'n Elfde kategorie naamlik "Huisvrou" is egter bygevoeg.

- 3 Wat wil jy eendag word? (As jy nog nie besluit het nie, skryf : Ek weet nie).

Beroepe wat verstrekkend is, is in dieselfde kategorieë ingedeel as by vraag 1.

- 4 By wie of waar het jy gehoor van die beroep wat jy in vraag 3 genoem het? (Merk net die belangrikste een). (Ek het nog nie besluit nie/my ouers, stiefouers, voog/'n onderwyser/'n ander volwasse persoon/my maats/ek het daarvan gelees/ek het daarvan oor die radio gehoor/ek weet nie).
- 5 Het jy 'n plek waar jy alleen en ongesteurd jou huiswerk kan doen? (Ja/Nee).
- 6 Hoe dikwels het jou ouers/stiefouers/voog gedurende die afgelope twee jaar van woonplek verander? (Het nie van woonplek verander nie/ een keer/twee keer/drie keer/vier keer/vyf of meer kere)
- 7 In hoeveel verskillende skole was jy al van Graad (1)/Sub A af (jou huidige skool ingesluit)? (Een skool/twee skole/drie skole/vier skole/vyf of meer skole)
- 8 Hoeveel keer het jy al op skool 'n standaard herhaal? (Nog nooit 'n standaard herhaal nie/een keer/twee keer/drie keer/vier keer of meer)
- 9 Hoe ver sal jy graag wil leer? (Ek gee nie juis om hoe ver ek leer nie/net tot ek 16 jaar oud is en die skool kan verlaat/tot st. 7/ tot st. 8/tot st. 9/tot st. 10/ verder as st. 10 maar nie universiteitsopleiding nie/universiteitsgraad/ek weet nie)
- 10 Hoe was jou gesondheidstoestand gedurende die afgelope jaar? (Goed/redelik/swak)

3.3.3 Tydbenuttingsvraelys

Dié vraelys is opgestel deur die Instituut vir Kommunikasie-navorsing van die RCN (kyk punt 1.6) met die doel om inligting te versamel aangaande die tydbenutting van die skoolkind gedurende skoolkwartale na skoolure. Die vraelys bestaan uit 55 vrae wat ongeveer 55 minute neem om te beantwoord. Die vrae word in die vraeboek beantwoord deur 'n kringetjie om 'n syfer by die betrokke vraag te trek. By elke vraag, behalwe die eerste vier vrae, word 'n aantal moontlike antwoorde gegee waaruit die leerling dié een kies wat op hom van toepassing is. Die antwoorde wat gegee word is sodanig dat dit vir die leerling moontlik is om elke vraag te beantwoord. By die eerste vier vrae vermeld die leerling sy identiteitsnommer, van, voorletters en naam van skool. Die res van die vrae verskaf gegewens ten opsigte van die leerlinge se tydbenuttingspatrone, asook voorkeure vir sekere aktiwiteite.

3.3.3.1 Seleksie van vrae

Vir die doel van die ondersoek is gepoog om die vrae so te selekteer dat 'n kwantitatiewe beeld verkry kon word van die tyd wat die leerlinge aan die verskillende aktiwiteite bestee. Aandag is veral geskenk aan die volgende:

- (a) Aktiwiteite wat alleen bedryf word soos byvoorbeeld tyd bestee aan huiswerk gedurende die week en oor naweke, asook die slaappatrone van die leerlinge;
- (b) Sosiale aktiwiteite soos byvoorbeeld tyd bestee aan sportaktiwiteite, jeugverenigings, kerklike jeugverenigings, volkspele en ander kulturele aktiwiteite;
- (c) Massamedia-gebruik soos byvoorbeeld die aantal ure per dag wat die leerlinge bestee aan lees en radioluister, asook die aantal kere per week wat leerlinge die bioskoop en inryteater besoek.

3.3.3.2 Vrae gebruik in ondersoek

Die vrae wat vir die doeleindes van hierdie ondersoek gebruik is, is die volgende:

- 1 Hoeveel tyd bestee jy gewoonlik per dag aan jou huiswerk (skoolwerk)?
(Ek doen nie huiswerk nie/minder as 'n halfuur/ halfuur en meer, maar minder as 1 uur/ een uur en meer, maar minder as 2 uur/twee uur en meer, maar minder as 3 uur/drie uur en meer, maar minder as 4 uur/ vier uur of meer)
- 2 Hoeveel tyd bestee jy gewoonlik oor die naweke aan jou huiswerk (skoolwerk)? (Ek doen nie oor die naweke huiswerk nie/minder as 'n halfuur/ 'n halfuur en meer, maar minder as 1 uur/een uur en meer, maar minder as 2 uur/twee uur en meer, maar minder as 4 uur/vier uur of meer)
- 3 Hoeveel uur per week bestee jy gewoonlik aan lees (jou skoolwerk uitgesluit)? (Lees glad nie/minder as 1 uur/een uur en meer, maar minder as 2 uur/twee uur en meer, maar minder as 3 uur/drie uur en meer, maar minder as 4 uur/vier uur en meer, maar minder as 5 uur/ vyf uur of meer)
- 4 Hoeveel keer per week gedurende skoolkwartale word jy toegelaat om alleen in die aand uit te gaan vir ontspanning, vermaak en kuier? (Glad nie/een keer per week/ twee keer per week/drie keer per week/ vier keer per week/vyf keer per week/so dikwels as wat ek wil)
- 5 Neem jy gewoonlik deel aan die volgende sportaktiwiteite? (Ja/Nee of nie van toepassing op my nie) (Rugby/sokker/atletiek/tennis/ krieket/swem/stoei/boks/judo of karate/jukskei/bofbal/korfbal/ sagtebal/netbal/hokkie/gimnastiek/ander wat nie hierbo genoem is nie)
- 6 Hoeveel uur per week bestee jy gewoonlik aan hierdie sportaktiwiteite? (Die wat jy in vraag 5 gemerk het) (Neem glad nie deel nie/minder as 2 uur/twee uur en meer, maar minder as 3 uur/drie uur en meer, maar minder as 4 uur/vier uur en meer, maar minder as 5 uur/vyf uur en meer, maar minder as 6 uur/ses uur en meer, maar minder as 7 uur/sewe uur of meer)
- 7 Neem jy gewoonlik deel aan die volgende aktiwiteite? (Ja/nee of nie van toepassing op my nie) (Voortrekkers/landsdiens/Boy Scouts/ Girl Guides/orkes/volkspeler/Kerklike Jeugverenigings/ander verenigings)
- 8 Hoeveel uur per week bestee jy gewoonlik aan hierdie aktiwiteite? (Die wat jy in vraag 7 gemerk het) (Neem glad nie deel nie/minder as 2 uur/twee uur en meer, maar minder as 3 uur/drie uur en meer,

- maar minder as 4 uur/vier uur en meer, maar minder as 5 uur/vyf uur of meer)
- 9 Hoeveel stokperdjies het jy? (Geen/een/twee/drie/vier/vyf of meer)
 - 10 Hoeveel uur per week bestee jy gewoonlik aan jou stokperdjies? (Het geen stokperdjie nie/weet nie/een uur en meer, maar minder as 2 uur/twee uur en meer, maar minder as 3 uur/drie uur en meer, maar minder as 4 uur/vier uur en meer, maar minder as 5 uur/vyf uur en meer, maar minder as 6 uur/ses uur en meer, maar minder as 7 uur/sewe uur of meer)
 - 11 Hoeveel uur per dag luister jy gewoonlik na die radio? (Maandag tot Donderdag, gedurende skoolkwartale) (Ek luister nie na die radio nie/minder as 1 uur/een uur en meer, maar minder as 2 uur/twee uur en meer, maar minder as 3 uur/drie uur en meer, maar minder as 4 uur/vier uur en meer, maar minder as 5 uur/vyf uur en meer)
 - 12 Hoe dikwels besoek jy die bioskoop (inryteater uitgesluit)? (Nooit/minder as 1 keer per week/een keer per week/twee tot 3 keer per week/meer as drie keer per week)
 - 13 Hoe dikwels besoek jy die inryteater? (Nooit/minder as 1 keer per week/een keer per week/twee tot 3 keer per week/meer as 3 keer per week)
 - 14 Hoe laat gaan jy gewoonlik in die aand slaap? (Maandae tot Donder= dae gedurende die skoolkwartaal) (Vroeër as 8.00nm./8.00nm. en later, maar voor 8.30 nm./8.30nm. en later, maar voor 9.00 nm./9.00 nm. en later, maar voor 9.30 nm./9.30 nm. en later, maar voor 10.00 nm./10.00nm. en later, maar voor 10.30nm./10.30nm. en later, maar voor 11.00nm./11.00nm. of later)
 - 15 Hoe laat staan jy gewoonlik in die oggend op? (Maandae tot Vrydae gedurende die skoolkwartaal) (Vroeër as 5.30vm./5.30vm. en later, maar voor 6.00vm./6.00vm. en later, maar voor 6.30vm./6.30vm. en later, maar voor 7.00vm./7.00vm. en later, maar voor 7.30vm./7.30vm. of later)

16. Merk die een aktiwiteit waarvan jy die meeste hou. (Om aan sport deel te neem/om plate te speel en/of radio te luister/om self 'n musiekinstrument te bespeel/om bioskoop toe te gaan/om boeke te lees/om by vriende te kuier/om met stokperdjies besig te wees/geeneen van dié wat hierbo genoem is nie)

3.4 TOEPASSING EN NASIEN VAN DIE MEETINSTRUMENTE

3.4.1 Inleiding

Soos reeds vermeld in hoofstuk 1 vorm die huidige ondersoek deel van 'n groter projek wat deur die Instituut vir Kommunikasienavorsing van die RGN onderneem word met die doel om mettertyd die invloed van televisie op die skoolgaande jeug in Suid-Afrika te bepaal. Alhoewel hierdie projek op aanbeveling van 'n regeringskommissie uitgevoer word, is die toetsprogram en al die meetinstrumente aan die Komitee van Onderwyshoofde, asook die verskillende Onderwysdepartemente voorgelê vir goedkeuring. Hierna is getalle van die verskillende Onderwysdepartemente aangevra sodat die universum waaruit die steekproef getrek moes word, bereken kon word.

Skole wat in die 1974 - steekproef geval het is deur die onderskeie Onderwysdepartemente per omsendbrief in kennis gestel dat hulle aan die opname deelneem. Hierna is die skole en skoolsielkundiges per brief verder ingelig oor die toetsprogramme.

3.4.2 Opleiding van toetsafnemers

Vanweë die groot omvang van die projek was dit nie prakties moontlik om die toetse alleen deur opgeleide sielkundiges te laat toepas nie en moes daar van onderwysers gebruik gemaak word. Die opleiding van onderwysers wat as toetsafnemers opgetree het, is deur elke Onderwysdepartement se Afdeling Sielkundige en Voorligtingsdienste behartig. Hierdie opleiding het geskied ooreenkomstig die omstandighede van elke provinsie met inagneming van die verspreiding van skole, die tyd beskikbaar vir opleiding en die aantal personeellede van die Afdeling Sielkundige en Voorligtingsdienste.

In sommige provinsies is die opleiding behartig deur die byeenkoms van toetsafnemers by 'n sentrale plek sodat die opleiding in groepvorm geskied het. In ander gevalle het die personeel van die Afdeling Sielkundige en Voorligtingsdienste van skool tot skool gegaan en het die opleiding op 'n meer individuele basis geskied. Op hierdie wyse is verseker dat elke skool se toetsafnemer(s) ten volle op hoogte gebring is insake alle aspekte rakende die toetsprogram. Die nodige reëlins ten opsigte van lokaal en ameublement, toetsmateriaal en toetsdatums is ook vooraf getref.

3.4.2.1 Handleiding vir toetsafnemers

Die opleiding van die toetsafnemers is aan die hand van 'n handleiding, met voorbeelde van die meetinstrumente wat gebruik word, onderneem. Die handleiding bevat 'n voorwoord waarin die agtergrond van die ondersoek geskets word. Verder is die handleiding verdeel in vier hoofafdelings, naamlik

- (a) Die opleiding van die toetsafnemers
- (b) Reëlins wat vooraf getref moet word
- (c) Algemene besonderhede
- (d) Aanwysings vir die toepassing van elke toets of vraelys.

In die handleiding word elke moontlike aspek van die toetsprogram in detail behandel. So is onder andere die gebruik van masjinale antwoordblaaie volledig uiteengesit, aanwysings is gegee hoe om die identiteitsnommers te gebruik, en die trek van die steekproef in die skole self breedvoerig uiteengesit. Die toetsrooster vir laer- en hoërskole verskyn ook in die handleiding.

3.4.3 Vorbereiding en versending van toetsmateriaal

Alle toetsmateriaal is gekontroleer vir moontlike druk- en bindfoute, en om te verseker dat die korrekte hoeveelheid toetsmateriaal aan elke skool versend word is van 'n kontrolevorm gebruik gemaak. Die hoeveelheid toetsmateriaal wat elke skool sou benodig (dit wil sê getal toetslinge plus 10 persent) is hierop ingevul en die verpakking daarvan per skool is vervolgens gedoen ooreenkomstig die getalle wat op die kontrolevorm verskyn het.

Die toetsmateriaal is persoonlik deur amptenare van die Raad afgelewer en per spoor versend sodat dit die skole minstens 'n week voor die aanvang van die toetsprogram sou bereik. Hierdeur is verseker dat moontlike tekorte wat kon ontstaan, betyds aangevul kon word.

3.4.4

Toetsprosedure

Die handleiding wat aan elke toetsafnemer beskikbaar gestel is, het 'n volledige beskrywing gegee van die stappe wat gevolg moes word by die toepassing van elke toets of vraelys. Hierdeur is verseker dat die toetssituasie by al die skole so eenvormig as moontlik was.

Opsommenderwys het die toetsprosedure soos volg verloop:

- (i) Die leerlinge het die lokaal binnegekom en hulle plekke ingeneem.
- (ii) Hierna het die skoolhoof 'n kort motiveringspraatjie (slegs op die eerste dag van toetsing) gelewer waar onder andere op die uniekheid en belangrikheid van die navorsing gewys is.
- (iii) Vervolgens is aan elke leerling 'n negesyfer identiteitsnommer toegeken, en die nommer op sy bank vasgeheg.
- (iv) Voordat die eerste vraelys uitgedeel is, is die finale algemene instruksies aan die leerlinge voorgelees. Hierdie instruksies behels ondermeer dat hulle elke dag op dieselfde plek moet sit, dat hulle nie op die toetsboekie mag krap nie, en plaaslike reëlings waar kinders tydens ruspouses mag speel.
- (v) Hierna is die eerste vraelys, die Biografiese Vraelys uitgedeel, gekontroleer of elke leerling 'n sagte potlood, uitveër en 'n vraelys het en begin. By die vraelyste (Biografiese vraelys, Tydbenuttingsvraelys) is elke vraag hardop aan die leerlinge voorgelees, waarna hulle die vraag beantwoord het. Hierdie prosedure het verhoed dat leerlinge vroe oorslaan en het die beantwoording van vroe waar probleme ondervind is, vergemaklik.
- (vi) By die toetse en vraelyste waar daar van antwoordblaaie gebruik gemaak is, is 'n volledige verduideliking van die wyse waarop hierdie antwoordblaaie ingevul moes word aan die leerlinge gegee. Leerlinge in die hoërskool moes self hul identiteitsnommer op die antwoordblad kodeer.

- (vii) Hoewel daar by die meeste meetinstrumente nie 'n tydbeperking gestel is nie, is stadige leerlinge aangemoedig om vinniger te werk.
- (viii) By toetse waar 'n tydbeperking van krag was is stophorlosies gebruik.

Bogenoemde prosedure is deurgaans by al die skole gevolg en het meegebring dat die toetssituasie so eenvormig as wat prakties moontlik is, was.

3.4.5 Omstandighede waaronder toetse toegepas is

Omstandighede wat die leerlinge nadelig kon beïnvloed het soos klimaat-omstandighede, taalprobleme en vermoeidheid, het vir sover vasgestel kon word nie voorgekom nie. Die program is in die kouer maande van die jaar van stapel gestuur, terwyl immigrante kinders wat taalprobleme kon ondervind, nie getoets is nie. Die toetsprogram is verder so opgestel dat vermoeidheid nie 'n rol speel nie. Afwesigheid van leerlinge was in die algemeen nie so 'n probleem nie. Die afwesighede wat wel voorgekom het, kan as normaal beskou word.

3.4.6 Terugontvangs van die toetsmateriaal

Die toetsmateriaal is in die algemeen in 'n goeie toestand vanaf skole terugontvang, wat daarop dui dat skole moeite gedoen het om die materiaal ordelik en netjies te verpak. By die ontvangs van die toetsmateriaal vanaf die skole is dit uitgepak, en die hoeveelhede gekontroleer. Hierna is die voltooide vraelyste, soort by soort numeries gerangskik volgens die identiteitsnommers. Die antwoordblaaie is op dieselfde wyse gesorteer.

3.4.7 Kontrolering en kodering

Om te verseker dat elke leerling se resultate met die hoogste mate van sekerheid as korrek beskou kan word, is die nasien en kodering van gegewens op noukeurige en sistematiese wyse onderneem. Die voltooide vraelyste is gekontroleer vir vrae wat nie ingevul is nie, asook vir teenstrydighede. Hierna is die boekies gekodeer, onder andere ten opsigte van die oop vrae soos die beroep van die vader en moeder en die kind se beroepskeuse. Vir hierdie doel is 'n handleiding saamgestel sodat die kontrole en kodering op eenvormige wyse kon geskied.

Die OSGH is op IBM-antwoordblaaie beantwoord en die antwoordblaaie is met behulp van 'n 1230 IBM-optiese leser nagesien. Om hierdie antwoordblaaie vir die optiese leser voor te berei, is die volgende prosedure gevolg:

- (a) Daar is gekontroleer of die identiteitsnommer op elke antwoordblad korrek gekodifiseer is.
- (b) Elke antwoordblad is verder gekontroleer vir volledigheid en die korrekte manier van beantwoording. Daar is veral gelet op dubbel-responsies op die antwoordblaaie waar dit nie toelaatbaar is nie.
- (c) Foutiewe, onduidelik ingevulde en slordig ingevulde antwoordblaaie is oorgeskryf sodat die minimum vertraging by die optiese leser self sou voorkom.

3.4.8 Pons en redigering van gegewens

As volgende stap in die redigeringsproses is die gegewens oorgedra op magnetiese band. By sommige van die resultate is 'n tussenstap nodig, naamlik die oordra van die gegewens op ponskaarte. Dit geld hoofsaaklik vir die antwoordblaaie wat met die 1230 IBM-optiese leser nagesien is. Die ponskaarte is dan die medium waardeur die gegewens op die magnetiese band oorgedra word. Ander gegewens word per hand deur ponsmasjien-operatrises direk op magneetband vasgelê. 'n Hoë mate van korrektheid is deur beide metodes verseker deur die sistematiese redigering, verifiëring en toetspons van die gegewens.

3.4.9 Statistiese verwerkings

Die verwerking van gegewens is hoofsaaklik met behulp van 'n rekenaar uitgevoer in samewerking met die Instituut vir Statistiese Navorsing van die RGN.

Korrelasies tussen die verskillende skale van die OSGH en die tydbenuttings- en biografiese veranderlikes is bepaal deur die berekening van Bravais - Pearson (Du Toit, 1966, p 81) se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt. Die gegewens is getoets vir reglynigheid deur berekening van die Korrelasieverhouding, η^2 (n).

In hoofstuk 3 is die eksperimentele ontwerp beskryf. Die steekproef en die betroubaarheid van die steekproef is bespreek en daar is aange= toon dat die steekproef verteenwoordigend is om afleidings te maak vir alle Engels- en Afrikaanssprekende leerlinge van beide geslagte in provinsiale skole in die RSA. 'n Beskrywing van die meetinstrumente is gegee waarin eerstens aandag geskenk is aan die OSGH en die doelstellings, skale, gebruike en betroubaarheid van dié vraelys is bespreek. 'n Kort beskrywing van die Biografiese- en Tydbenuttingsvraelys is gegee en die seleksie van vrae wat in die ondersoek gebruik is, is kortliks gemotiveer.

Die toepassing en nasien van die meetinstrumente is beskryf en daar is kortliks 'n uiteensetting gegee van die opleiding van toetsafnemers en die voorbereiding en versending van die toetsmateriaal. Die toetsprose= dures en die verloop daarvan is puntsgewys uiteengesit en die omstandig= hede waaronder toetse toegepas is kortliks beskryf. Die terugontvangs, kontrolering en kodering van die toetsmateriaal is bespreek en daar is laastens 'n kort beskrywing van die statistiese verwerkings gegee.

HOOFSTUK 4

BIOGRAFIESE GEGEWENS, TYDBENUTTINGSPATRONE EN OSGH-TELLINGS

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die resultate van die Biografiese- en Tydbenuttingsvraelyste wat deur die standaard agt-leerlinge self beantwoord is weergegee. Die waarde van die leerlinge se biografiese en ander agtergrondgegevens, asook die tydbenuttingspatrone soos hier gerapporteer, is dat dit onder andere kan dien as kriterium vir latere vergelykingsdoeleindes, na die koms van televisie, om te bepaal in watter mate die agtergrondgegevens en tydbenuttingspatrone verskil of moontlik dieselfde gebly het.

Met die oog op die doelstellings van die ondersoek word die resultate gerapporteer, kortliks bespreek en slegs die belangrikste tendens by elke tabel toegelig. Die resultate van die OSGH sal ten slotte gerapporteer en bespreek word en daar sal gewys word op die geslagsverskille.

4.2 BIOGRAFIESE GEGEWENS

Die resultate van die vrae word in die tabelle in frekwensie en persentasiefrekwensie weergegee. Die χ^2 -waardes wat op die 1%-peil statisties betekenisvol is word in die tabelle met 'n * aangedui. Vrae waarvan resultate gerapporteer word, is die volgende:

Vraag 1: Wat is die beroep van jou vader/stiefvader/voog (die man wat aan die hoof van julle gesin staan)?

In tabel 4.1 word die beroepsindeling aangedui. Die χ^2 -waarde vir die groep is onbeduidend op die 5%-vlak. Dus kan die nul-hipotese, naamlik dat daar geen betekenisvolle verskille bestaan tussen die beroepe van seuns en meisies se gesinshoofde, nie verwerp word nie. Uit tabel 4.1 blyk dat die beroepsgroepe 8, 1 en 2, in hierdie volgorde, verantwoordelik

B I O G R A F I E S E V R A E L Y S

TABEL 4.1

VRAAG 1 WAT IS DIE BEROEP VAN JOU VADER/STIEFVADER/VOOG (DIE MAN WAT AAN DIE HOOF VAN JULLE GESIN STAAN)?

	KODE	S E U N S		M E I S I E S			T O T A A L		
		FREK.	PERS.FREK.	FREK.	PERS.FREK.	FREK.	FREK.	PERS.FREK.	FREK.
PROFESSIONELE, TEGNIESE EN VERWANTE WERKER	1	106.	14.72	97.	14.67	203.	14.70		
ADMINISTRATIEVE, UITVOERENDE EN BESTURENDE WERKER	2	109.	15.14	90.	13.62	199.	14.41		
KLERKLIKE WERKER	3	55.	7.64	46.	6.96	101.	7.31		
VERKOOPSWERKER	4	61.	8.47	59.	8.93	120.	8.69		
BOERDERY, BOSBOU, VISSERY, JAG	5	68.	9.44	55.	8.32	123.	8.91		
MYN-, STEENROEFWERKER	6	34.	4.72	34.	5.14	68.	4.92		
VERVOER EN KOMMUNIKASIE	7	59.	8.19	53.	8.02	112.	8.11		
VAKMAN, PRODUKSIEPROSESWERKER EN ARBEIDER	8	180.	25.00	169.	25.57	349.	25.27		
DIENS-, SPORT- EN ONTSPANNINGSWERKER	9	36.	5.00	42.	6.35	78.	5.65		
ONBEKEND	10	12.	1.67	16.	2.42	28.	2.03		
T O T A L E		720.		661.		1381.			

C H I - K W A D R A A T B E R E K E N I N G

BESKRYWING VAN DIE GROEP	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
SEUNS - MEISIES	9	3.6094

B I O G R A F I E S E V R A E L Y S

TABEL 4.2

VAG 2 WAT IS DIE BEROEP VAN JOU MOEDER/STIEFMOEDER/VOOGDES INDIEN SY BUITENSHUIS WERK (DIE VROU AAN DIE HOOF VAN JULLE GESIN)?

		S E U N S			M E I S I E S			T O T A A L		
	KODE	FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.
PROFESIONELE, TECNIESE EN VERWANTE WERKER	1	46.		6.39	55.		8.32	101.		7.31
ADMINISTRATIEVE, UITVOERENDE EN BESTURENDE WERKER	2	11.		1.53	11.		1.66	22.		1.59
ERKLIIKE WERKER	3	148.		20.56	123.		18.61	271.		19.62
SKOOPSWERKER	4	40.		5.56	33.		4.99	73.		5.29
ERDERY, BOSBOU, VISSERY, JAG	5	0.		0.0	0.		0.0	0.		0.0
W-, STEENGROEFWERKER	6	1.		0.14	0.		0.0	1.		0.07
RYDER EN KOMMUNIKASIE	7	3.		0.42	7.		1.06	10.		0.72
KMAN, PRODUKSIEPROSESWERKER EN ARBEIDER	8	10.		1.39	8.		1.21	18.		1.30
ENS-, SPOOT- EN ONTSPANNINGSWERKER	9	9.		1.25	8.		1.21	17.		1.23
BEKEND	10	11.		1.53	11.		1.66	22.		1.59
ISVROU	11	441.		61.25	405.		61.27	846.		61.26
T O T A L E		720.			661.			1381.		

BIOGRAFIESE VRAELYS

TABEL 4.3

RAAG 3 WAT WIL JY EENDAG WORD? (AS JY NOG NIE BESLUIT HET NIE, SKRYF: EK WEET NIE)

	KODE	SEUNS			MEISIES			TOTAAL		
		FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.
PROFESSIONELE, TEGNIESE EN VERWANTE WERKER	1	296.	41.11		324.	49.02		620.	44.89	
ADMINISTRATIEWE, UITVOERENDE EN BESTURENDE WERKER	2	9.	1.25		0.	0.0		9.	0.65	
LEERLIKE WERKER	3	19.	2.64		115.	17.40		134.	9.70	
ERKONPSWERKER	4	12.	1.67		6.	0.91		18.	1.30	
DERDERY, BOSEBOU, VISSERY, JAG	5	31.	4.31		0.	0.0		31.	2.24	
YN-, STEENGROEFWERKER	6	3.	0.42		0.	0.0		3.	0.22	
ERVDER EN KOMMUNIKASIE	7	38.	5.28		30.	4.54		68.	4.92	
AKMAN, PRODUKSIEPROSESWERKER EN ARBEIDER	8	67.	9.31		5.	0.76		72.	5.21	
IENS-, SPORT- EN ONTSPANNINGSWERKER	9	44.	6.11		28.	4.24		72.	5.21	
NBEKEND	10	201.	27.92		153.	23.15		354.	25.63	
T O T A L E		720.			661.			1381.		

is vir die hoogste persentasie leerlinge in standerd agt. Gesamentlik is genoemde drie beroepsgroepe verantwoordelik vir meer as die helfte (54,38%) van die standerd agt-leerlinge se ouers se beroepe. Indien die indeling van Strijdom (1971, p. 29) gebruik word blyk dit dat 29,11 persent van die leerlinge se gesinshoofde in die hoogste beroepstatus-kategorie val, 16,00 persent in die middelste en 54,89 persent in die laagste beroepstatuskategorie.

Vraag 2: Wat is die beroep van jou moeder/stiefmoeder/voogdes indien sy buitenshuis werk (die vrou aan die hoof van julle gesin)?

Die beroepsindeling word in tabel 4.2 aangedui. Die χ^2 -waarde is nie bereken nie weens te veel klein selle. By inspeksie van tabel 4.2 blyk dat die meeste leerlinge die beroep van hul moeders as "huisvrou" aangedui het, en gevolglik verteenwoordig dié kategorie die hoogste persentasie naamlik 61,25 persent. Die grootste persentasie (19,62%) van die werkende moeders kom in die kategorie "klerklike werker" voor. Strydom (1970, p. 76) het bevind dat ongeveer dieselfde persentasie, nl. 63,14 persent van die leerlinge in sy ondersoekgroep se moeders huisvroue was en nie beroepsarbeid verrig het nie.

Vraag 3: Wat wil jy eendag word? (As jy nog nie besluit het nie, skryf: Ek weet nie.)

Uit tabel 4.3 blyk dat die grootste enkele persentasie respondente (44,89%) eendag 'n professionele, tegniese of verwante beroep sal wil beoefen. Indien die indeling van Strijdom (1971, p. 29) as maatstaf gebruik word blyk dat daar 'n groter belangstelling is vir die hoëre sosio-ekonomiese beroepe in teenstelling met die laere sosio-ekonomiese beroepe. Hierdie tendens is ook deur Roos (1975, p. 34) in sy ondersoek bevind.

Indien die ondersoekgroep se beroepskeuse vergelyk word met die beroepsverdeling van hulle vaders volgens vraag een (tabel 4.1), moet die gevolgtrekking gemaak word dat die leerlinge in 'n mate onrealistiese beroepsaspirasies toon. Ongeveer 45 persent aspireer na professionele beroepe soos aangedui in beroepsgroep 1, terwyl die verdeling volgens hul vaders se beroepe maar 14,70 persent is.. Roos (1972, p. 33) wys in dié verband daarop dat leerlinge ooreenkomstig die stelsel van gedifferensieerde onderwys reeds van die begin van standerd agt 'n verantwoordbare

B I O G R A F I E S E V R A E L Y S
T A B E L 4.4

VRAAG 4 BY WIE OF WAAR HET JY GEHOOR VAN DIE BERDEP WAT JY IN VRAAG 3 GENOEM HET?

		S E U N S			M E I S I E S			T O T A A L		
	KODE	FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.
EK HET MOG NIE BESLUIT NIE	1	161.	22.36	138.	20.88	299.	21.65			
MY QUERS/STIEFQUERS/VQOG	2	184.	25.56	150.	22.69	334.	24.19			
IN ONDERWYSER	3	32.	4.44	47.	7.11	79.	5.72			
IN ANDER VOLWASSE PERSOON	4	105.	14.58	95.	14.37	200.	14.48			
MY MAATS	5	19.	2.64	25.	3.78	44.	3.19			
EK HET DAARVAN GELFES	6	118.	16.39	113.	17.10	231.	16.73			
EK HET DAARVAN OOR DIE RADIO GEHOOR	7	16.	2.22	13.	1.97	29.	2.10			
EK WEET NIE	8	85.	11.81	80.	12.10	165.	11.95			
T O T A L E		720.		661.		1381.				

C H I - K W A D R A A T B E R E K E N I N G

BESKRYWING VAN DIE GROEP	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
SEUNS - MEISIES	7	7.4596

105

B I O G R A F I E S E V R A E L Y S
T A B E L 4.5

AAG 5 HET JY 'N PLEK WAAR JY ALLEEN EN ONGESTEURD JOU HUISWERK KAN DOEN?

	KODE	S E U N S		M E I S I E S		T O T A A L	
		FREK.	PERS.FREK.	FREK.	PERS.FREK.	FREK.	PERS.FREK.
	1	543.	75.42	474.	71.71	1017.	73.64
	2	177.	24.58	187.	28.29	364.	26.36
T O T A L E		720.		661.		1381.	

C H I - K W A D R A A T B E R E K E N I N G

BESKRYWING VAN DIE GROEP	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
SEUNS - MEISIES	1	2.2527

vakkeuse ten opsigte van 'n beroepsrigting moet maak. Volgens Roos dui die onrealistiese beroepskeuse van st. 8-leerlinge op die hoë premie wat op skoolvoorligting geplaas sal moet word. Die moontlike implikasie van sodanige onrealistiese beroepsaspirasie word deur Roos (1972) as volg opgesom: "Deur middel van 'n stelsel van voorligting as integrale deel van die stelsel van gedifferensieerde onderwys, sal die kind in die voorafgaande jare gelei moet word om op st.8.-vlak reeds 'n verantwoordbare beroepsrigtingkeuse te kan doen ooreenkomstig sy vermoëns en belangstelling en sy vakke dienooreenkomstig kies" (p. 34).

Vraag 4: By wie of waar het jy gehoor van die beroep wat jy in vraag 3 genoem het? (Merk net die belangrikste een)

By inspeksie van tabel 4.4 blyk dat die χ^2 -waarde vir die groep onbeduidend is op die 5%-vlak. Die antwoorde van seuns en meisies verskil nie betekenisvol nie en geslag toon dus geen assosiasie met die antwoorde nie. Dit blyk verder dat die meeste van die leerlinge (24,19%) by hul ouers gehoor het van die beroep wat hulle eendag wil beoefen. Dit is verder opvallend hoe min leerlinge (5,72%) 'n onderwyser as bron van inligting aangedui het. Laasgenoemde geringe persentasie laat onwillekeurig die vraag ontstaan of die dienste van die skoolvoorligter en voorligtingsperiodes ten volle deur die leerlinge benut word. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die leerlinge in st.8 is en die meeste van hulle nog twee jaar op skool sal deurbring. In hierdie lig gesien is die persentasie (21,65%), wat nog nie oor 'n beroep besluit het nie, nie te hoog nie.

Vraag 5: Het jy 'n plek waar jy alleen en ongesteurd jou huiswerk kan doen?

Uit tabel 4.5 blyk dat die χ^2 -waarde onbeduidend is op die 5%-vlak. Geslag toon dus geen assosiasie met die antwoorde van die leerlinge op die betrokke vraag nie. Kolesnik, aangehaal deur Ackermann (1973, p. 62), wys in dié verband daarop dat indien 'n leerling 'n plek het waar hy alleen en ongesteurd kan studeer, hy akademies beter presteer as dié leerling wat dit nie het nie. Hy vermeld verder dat die meeste boeke en lesings oor die tegnieke van effektiewe studie die belangrikheid van 'n geskikte studeerplek vir studiedoeleindes beklemtoon. Volgens tabel 4.5 het meer as 'n kwart (26,36%) van die leerlinge in die steekproef aangedui dat hulle nie oor 'n studeerplek beskik waar hulle alleen en ongesteurd hulle huiswerk kan doen nie. Effektiewe studie deur laasgenoemde leerlinge kan dus in 'n mate

B I O G R A F I E S E V R A E L Y S

T A B E L 4.6

VRAAG 6 HOE DIKWELS HET JOU OUIERS/STIEFOUIERS/VOOG GEDURENDE DIE AFGELOPE TWEE JAAR VAN WOONPLEK VERANDER?

	K O D E	S E U N S			M E I S I E S			T O T A A L		
		FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.
HET NIE VAN WOONPLEK VERANDER NIE	1	536.		74.86	484.		73.78	1020.		74.34
EEN KEER	2	127.		17.74	128.		19.51	255.		18.59
TWEE KEER	3	36.		5.03	29.		4.42	65.		4.74
DRIE KEER	4	14.		1.96	11.		1.68	25.		1.82
VIER KEER	5	1.		0.14	1.		0.15	2.		0.15
VYF OF MEER KERE	6	2.		0.28	3.		0.46	5.		0.36
T O T A L E		716.			656.			1372.		

C H I - K W A D R A A T B E R E K E N I N G

BESKRYWING VAN DIE GROEP	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
SEUNS - MEISIES	5	1.3474

BIOGRAFIESE VRAE L Y S

TABEL 4.7

VRAAG 7 IN HOEVEEL VERSKILLENDSE SKOLE WAS JY AL VAN GRAAD (1)/SUB A AF (JOU HUIDIGE SKOOL INGESLUIT)?

	KODE	S E U N S		M E I S I E S		T O T A A L	
		FREK.	PERS.FREK.	FREK.	PERS.FREK.	FREK.	PERS.FREK.
EEN SKOOL	1	17.	2.36	18.	2.72	35.	2.53
TWEE SKOLE	2	241.	33.47	239.	36.16	480.	34.76
DRIE SKOLE	3	223.	30.97	194.	29.35	417.	30.20
VIERS SKOLE	4	128.	17.78	106.	16.04	234.	16.94
VIJF OF MEER SKOLE	5	111.	15.42	104.	15.73	215.	15.57
T O T A L E		720.		661.		1381.	

CHI - KWADRAAT BEREKENING

BESKRYWING VAN DIE GROEP	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
SEUNS - MEISIES	4	1.8327

bevraagteken word, en volgens die bevinding van Kolesnik, soos aangehaal deur Ackermann, bestaan die moontlikheid dat dié leerlinge skolasties swakker kan presteer.

Vraag 6: Hoe dikwels het jou ouers/stiefouers/voog gedurende die afgelope twee jaar van woonplek verander?

Geen χ^2 -waarde is vir tabel 5.3 bereken nie, aangesien die selle in te veel gevalle minder as 5 is. Tabel 5.3 toon dat die meeste leerlinge (74,34%) nie gedurende die afgelope twee jaar van woonplek verander het nie. 'n Soortgelyke tendens is bevind deur Scheffer (1972, p. 108) in sy ondersoek na die verwisseling van woonplek van standerd agt -leerlinge in die hoër- en laer-statusgroepe.

Vraag 7: In hoeveel verskillende skole was jy al van graad (1) / sub a af (jou huidige skool ingesluit)?

In tabel 4.7 word die aantal skole wat reeds deur die ondersoekgroepe bygewoon is, aangedui. Die χ^2 -waarde ten opsigte van die groep se skoolverwisseling is onbeduidend op die 5%-vlak. Dus kan die nul-hipotese, naamlik dat daar geen betekenisvolle verskil bestaan tussen geslag en die aantal skole reeds bygewoon, nie verwerp word nie. Volgens die gegewens van tabel 4.7 blyk dat 32,51 persent van die leerlinge vier of meer skole bygewoon het. Roos (1975, p. 45) het bevind dat ongeveer dieselfde persentasie (33,9%) van die standerd agt-leerlinge in sy ondersoek vier of meer skole bygewoon het. Hy wys in dié verband op die vermeerdering in skoolverwisseling van standerd ses tot standerd agt en meld dat die vermeerdering verband hou met die feit dat 'n sekere persentasie leerlinge in hierdie stadium van akademiese na tegniese en handelskole verwissel, moontlik met die oog daarop om 'n meer beroepsgerigte onderwys te volg. Scheffer (1972, p. 111) konstateer na aanleiding van sy ondersoek dat skoolverwisseling in 'n mate hand aan hand gaan met woonplekverwisseling. Alhoewel verandering van woonplek in 'n stedelike omgewing volgens hom nie noodwendig skoolverwisseling tot gevolg het nie, verhoog dit tog die waarskynlikheid daarvan. Volgens Ackermann (1973, p. 66) is een van die belangrikste implikasies van skoolverwisseling die feit dat leerlinge wat baie van skool verwissel akademies swakker presteer as leerlinge wat minder dikwels van skool verwissel.

B I O G R A F I E S E V R A E L Y S

T A B E L 4.8

VRAAG 8 HOEVEEL KEER HET JY AL OP SKOOL 'N STANDERD HERHAAL?

	KODE	S E U N S			M E I S I E S			T O T A A L		
		FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.
NOG NOOIT 'N STANDERD HERHAAL NIE	1	517.	71.81		527.	79.73		1044.	75.60	
EEN KEER	2	163.	22.64		111.	16.79		274.	19.84	
TWEE KEER	3	36.	5.00		22.	3.33		58.	4.20	
DRIE KEER	4	4.	0.56		1.	0.15		5.	0.36	
VIER KEER OF MEER	5	0.	0.0		0.	0.0		0.	0.0	
T O T A L E		720.			661.			1381.		

BIOGRAFIESE VRAELYS

TABEL 4.9

VRAAG 9 HOE VER SAL JY GRAAG WIL LEER?

	KODE	SEUN S			MEISIES			TOTAAL		
		FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.
EK GEE NIE JUIS OM HOE VER EK LEER NIE	1	10.	1.39		5.	0.76		15.	1.09	
NEI TOTDAT EK 16 JAAR OUD IS EN DIE SKOOL KAN VERLAAT	2	6.	0.83		5.	0.76		11.	0.80	
TOT ST. 7	3	0.	0.0		0.	0.0		0.	0.0	
TOT ST. 8	4	58.	8.06		75.	11.35		133.	9.63	
TOT ST. 9	5	0.	0.0		3.	0.45		3.	0.22	
TOT ST. 10	6	93.	12.92		88.	13.31		181.	13.11	
VERDER AS ST. 10 MAAR NIE UNIVERSITEITSOPLEIDING NIE	7	157.	21.81		217.	32.83		374.	27.08	
UNIVERSITEITSGRAAD	8	354.	49.17		240.	36.31		594.	43.01	
EK WEEET NIE	9	42.	5.83		28.	4.24		70.	5.07	
T O T A L E		720.			661.			1381.		

BIOGRAFIESE VRAELYS

TABEL 4.10

AAG 10 HOE WAS JOU GESONDHEIDSTOESTAND GEDURENDE DIE AFGELOPE JAAR?

	KODE	SEUNS			MEISIES			TOTAAL		
		FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.
ED	1	584.		81.22	481.		72.77	1065.		77.17
DELIK	2	129.		17.94	169.		25.57	298.		21.59
AK	3	6.		0.83	11.		1.66	17.		1.23
T O T A L E		719.			661.			1380.		

CHI-KWADRAAT BEREKENING

BESKRYWING VAN DIE GROEP	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
SEUNS - MEISIES	2	14.3889*

TABEL 4.11

VRAAG 11 WAT IS DIE LEERLING SE IK VOLGENS DIE INTELLIGENSietoets? (INDIEN DIE LEERLING MEER AS EEN KEER GE-
TOETS IS, GEE DIE JONGSTE RESULTAAT)

SLEUTEL - 1 = 70-88
2 = 89-111
3 = 112-145

	S E U N S				M E I S I E S				TOTAAL
	1	2	3	TOT	1	2	3	TOT	
NIE-VERBAAL	49.	407.	230.	686.	37.	351.	235.	623.	1309.
	7.14	59.33	33.53	100.00	5.94	56.34	37.72	100.00	100.00
VERPAAL	73.	420.	193.	686.	69.	361.	191.	621.	1307.
	10.64	61.22	28.13	100.00	11.11	58.13	30.76	100.00	100.00
TOTAAL	50.	424.	211.	685.	48.	354.	223.	625.	1310.
	7.30	61.90	30.80	100.00	7.68	56.64	35.68	100.00	100.00

CHI - KWADRAAT BEREKENINGE

	BESKRYWING VAN DIE GROEPE	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
1	SEUNS-MEISIES	2	0.8366
2	SEUNS-MEISIES	2	0.1220
3	SEUNS-MEISIES	2	0.2206

Vraag 8: Hoeveel keer het jy al op skool 'n standaard herhaal?

Uit die gegewens van tabel 4.8 blyk dat die grootste persentasie (75,60%) van die leerlinge in die steekproef nog nooit 'n standaard herhaal het nie. Inspeksie van die persentasies toon verder dat 22,64 persent van die seuns een keer 'n standaard herhaal het teenoor 16,79 persent van die meisies. Ten opsigte van die druiwing van leerlinge wys Ackermann (1973, p. 57) daarop dat, wat die biografiese veranderlikes in sy ondersoek betref, die getal kere op skool gedruip die veranderlike is wat die beste voorspeller van akademiese prestasie is. Die volgorde van belangrikheid van die biografiese veranderlikes in laasgenoemde ondersoek is gebaseer op grond van die proporsie variansie wat deur die betrokke veranderlikes verklaar word. Volgens Ackermann is die veranderlike se ooreenstemmende regressiekoëffisiënt negatief, "dit wil sê hoe groter die getal kere wat 'n leerling gedruip het, hoe laer is sy voorspelde akademiese prestasie op grond van hierdie veranderlike" (p. 58).

Vraag 9: Hoe ver sal jy graag wil leer?

Volgens die persentasies van tabel 4.9 beoog meer meisies as seuns om slegs st.8. te slaag (11,35% teenoor 8,06%) en dan die skool te verlaat. Meer meisies as seuns aspireer ook na verdere nie-universitêre opleiding (32,83% teenoor 21,81%). 'n Groter persentasie seuns as meisies (49,2% teenoor 36,3%) aspireer egter daarna om 'n universiteitsgraad te behaal.

Vraag 10: Hoe was jou gesondheidstoestand gedurende die afgelope jaar?

Die gegewens van vraag 10 word in tabel 4.10 weergegee. Die berekende χ^2 -waarde is beduidend op die 1%-vlak van betekenisvolheid, sodat bevind word dat die nul-hipotese, naamlik dat daar geen betekenisvolle verskille tussen seuns en meisies se gesondheidstoestand is nie, verwerp kan word. Seuns en meisies toon dus 'n verskil op die 1% betekenispeil met betrekking tot hul gesondheidstoestand gedurende die afgelope jaar. By inspeksie van tabel 4.10 blyk dat 'n groter persentasie seuns as meisies (81,22% teenoor 72,77%) aangetoon het dat hul gesondheidstoestand goed was.

Vraag 11: Wat is die leerling se I K volgens die intelligensietoets? (Indien die leerling meer as een keer getoets is, gee die jongste resultaat).*

* Die vertroulike inligting is deur die betrokke klasonderwysers verskaf in 'n vraelys (VORM B) wat vir die doel ontwerp is.

TABEL 4.12

VRAAG 12 DUI DIE LEERLING SE SKOOLPRESTASIE OP DIE ONDERSTAANDE SKAAL AAN DEUR 'N KRUISIE IN DIE TOEPASLIKE BLOKKIE TE MAAK.

	KODE	SEUNS			MEISIES			TOTAAL		
		FREK.	PERS.FREK.	FREK.	FREK.	PERS.FREK.	FREK.	FREK.	PERS.FREK.	FREK.
BOONSTE 1/3	1	150.	21.49	219.	33.85	369.	27.43			
MIDDELSTE 1/3	2	325.	46.56	287.	44.36	612.	45.50			
ONDERSTE 1/3	3	223.	31.95	141.	21.79	364.	27.06			
T O T A L E		698.		647.		1345.				

CHI - KWADRAAT BEREKENING

BESKRYWING VAN DIE GROEP	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
SEUNS - MEISIES	2	31.8464*

Om te verseker dat leerlinge met vergelykbare IK's met mekaar vergelyk word is sowel die seuns as dogters in drie IK-groepe ingedeel. Die indeling is gemaak op grond van die stanage-skaal en sien soos volg daaruit:

<u>Stanage</u>	<u>IK-punt</u>	<u>Beskrywing</u>
1,2 en 3	88 of minder	Ondergemiddelde IK
4,5 en 6	89 tot 111	Gemiddelde IK
7,8 en 9	112 of meer	Bogemiddelde IK

Stanage 1 verteenwoordig byvoorbeeld die swakste 4 persent van die groep, stanage 5 die middelste 20 persent en stanage 9 die beste 4 persent van die groep.

Die verdeling van die ondersoek groep volgens intelligensie word in tabel 4.11 weergegee. Die berekende χ^2 -waardes vir die tabel is onbeduidend op die 5%-peil. Die nul-hipotese, naamlik dat daar geen betekenisvolle verskil tussen die leerlinge se intelligensie volgens hul geslag is nie, kan dus nie verwerp word nie. Inspeksie van tabel 4.11 bring aan die lig dat 'n groter persentasie meisies as seuns (35,68% teenoor 30,80%) oor 'n bogemiddelde IK beskik. Aangesien die leerlinge se IK deur die onderwysers by die betrokke skole in die steekproef verstrek is moet die moontlike tekortkominge van die kwantitatiewe metode waarvolgens die ondersoekgroep se intelligensie bepaal is, by die interpretasie van tabel 4.11, in gedagte gehou word. 'n Kwalitatiewe bepaling van die leerlinge se intellektuele vermoë was weens die omvang van die ondersoek uit die aard van die saak nie moontlik nie.

Vraag 12: Dui die leerling se skoolprestasie op die onderstaande skaal aan deur 'n kruisie in die toepaslike blokkie te maak.*

Die leerlinge se skoolprestasie word in tabel 4.12 aangedui. Die χ^2 -waarde vir die groep is beduidend op die 1%-peil. Dus word die

* Inligting vir vraag 12 is deur die klasonderwysers verskaf.

nul-hipotese, naamlik dat daar geen betekenisvolle verskil tussen die skoolprestasie van seuns en meisies bestaan nie, verwerp. Dit blyk verder volgens tabel 4.12 dat daar persentasiegewys meer dogters as seuns (33, 85% teenoor 21,49%) is wie se skoolprestasie in die boonste derde van die skaal ingedeel is.

4.3 TYDBENUTTINGSVRAELYS

Die resultate van die vrae oor die wyse waarop die leerlinge hul tyd, na skoolure gedurende skoolkwartale en oor naweke, benut word in frekwensie en persentasiefrekwensie weergegee. Die vrae waarvan resultate gerapporteer word, is die volgende:

Vraag 1: Hoeveel tyd bestee jy gewoonlik per dag aan jou huiswerk (skoolwerk)? (Maandag tot Donderdag)

Uit die gegewens van tabel 4.13 blyk dat die grootste persentasie (31,08%) van die leerlinge een uur en meer, maar minder as twee uur per dag gedurende die week aan huiswerk bestee. Die χ^2 -waarde vir die tabel is beduidend op die 1%-vlak van betekenisvolheid en geslag toon dus 'n assosiasie met die tyd wat per dag aan huiswerk bestee word. Persentasiegewys bestee 12,69 persent meer seuns as dogters minder as twee uur per dag aan hul huiswerk; terwyl 12,68 persent meer meisies as seuns meer as twee uur per dag aan huiswerk bestee. Ackermann (1973, p. 58-59) konstateer op grond van sy ondersoek in die verband dat "Hoe meer ure per week 'n leerling aan huiswerk wy, hoe hoër sy akademiese prestasie". Hy wys ook verder daarop dat dié bevinding in ooreenstemming is met die gevolgtrekking van Möller (1965), naamlik dat die effektiewe tyd wat aan studie gewy word 'n belangrike veranderlike is by die voorspelling van akademiese prestasie.

Vraag 2: Hoeveel tyd bestee jy gewoonlik oor die naweke aan jou huiswerk (skoolwerk)?

Die berekende χ^2 -waarde is beduidend op die 1%-vlak van betekenisvolheid en geslag speel dus 'n rol by die hoeveelheid tyd wat leerlinge oor

TYD BENUTTINGSVRAELYS

STANDERD 8

TABEL 4.13

VRAAG 1 HOEVEEL TYD BESTEE JY GEWOONLIK PER DAG AAN JOU HUISWERK (SKOOLWERK)? (MAANDAG TOT DONDERDAG)

	KODE	S E U N S		M E I S I E S		T O T A A L	
		FREK.	PERS.FREK.	FREK.	PERS.FREK.	FREK.	PERS.FREK.
K DOEN NIE HUISWERK NIE	1	5.	0.70	2.	0.30	7.	0.51
MINDER AS 'N HALFUUR	2	56.	7.79	27.	4.10	83.	6.03
1 N HALFUUR EN MEER, MAAR MINDER AS 1 UUR	3	167.	23.23	103.	15.65	270.	19.61
1 EN UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 2 UUR	4	227.	31.57	201.	30.55	428.	31.08
2 TEE UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 3 UUR	5	162.	22.53	166.	25.23	328.	23.82
3 IE UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 4 UUR	6	86.	11.96	110.	16.72	196.	14.23
4 IER UUR OF MEER	7	16.	2.23	49.	7.45	65.	4.72
T O T A L E		719.		658.		1377.	

CHI-KWADRAAT BEREKENING

BESKRYWING VAN DIE GROEP	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
SEUNS - MEISIES	6	45.2960*

TYDBENUTTINGSVRAELYS

TABEL 4.14

/RAAG 2 HOEVEEL TYD BESTEE JY GEWOONLIK OOR DIE NAWEKE AAN JOU HUISWERK (SKOOLWERK)?

	KODE	SEUNS			MEISIES			TOTAAL		
		FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.
EK DOEN NIE OOR DIE NAWEKE HUISWERK NIE	1	78.		10.86	50.		7.60	128.		9.30
MINDER AS 'N HALFEUR	2	145.		20.19	108.		16.41	253.		18.39
'N HALFEUR EN MEER, MAAR MINDER AS 1 UUR	3	207.		28.83	187.		28.42	394.		28.63
EEN UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 2 UUR	4	175.		24.37	158.		24.01	333.		24.20
TWEE UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 3 UUR	5	53.		7.38	85.		12.92	138.		10.03
DRIE UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 4 UUR	6	32.		4.46	48.		7.29	80.		5.81
VIJF UUR OF MEER	7	28.		3.90	22.		3.34	50.		3.63
T O T A L E		718.			658.			1376.		

CHI - KWADRAAT BEREKENING

BESKRYWING VAN DIE GROEP	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
SEUNS - MEISIES	6	22.1853*

TYDBENUTTINGSVRAELYS

TABEL 4.15

VRAAG 3 HOEVEEL UUR PER WEEK BESTEE JY GEWOONLIK AAN LEES (JOU SKOOLWERK UITGESLUIT)?

		SEUNS			MEISIES			TOTAAL		
	KODE	FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.
LEES GLAD NIE	1	15.		2.09	9.		1.37	24.		1.74
MINDER AS 1 UUR	2	125.		17.39	88.		13.37	213.		15.47
EEN UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 2 UUR	3	142.		19.75	141.		21.43	283.		20.55
TWEE UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 3 UUR	4	105.		14.60	95.		14.44	200.		14.52
DRIE UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 4 UUR	5	98.		13.63	86.		13.07	184.		13.36
VIER UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 5 UUR	6	67.		9.32	74.		11.25	141.		10.24
VYF UUR OF MEER	7	167.		23.23	165.		25.08	332.		24.11
T O T A L E		719.			658.			1377.		

CHI-KWADRAAT BEREKENING

BESKRYWING VAN DIE GROEP	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
SEUNS - MEISIES	6	6.8842

TYDBENUTTINGSVRAELYS

TABEL 4.16

VRAAG 4 HOVEEL KEER PER WEEK GEDURENDE SKOOLKWARTALE WORD JY TOEGELAAT OM ALLEEN IN DIE AAND UIT TE GAAN VIR ONTSPANNING, VERMAAK EN KUIER?

	KODE	SEUNS		MEISIES		TOTAAL	
		FREK.	PERS.FREK.	FREK.	PERS.FREK.	FREK.	PERS.FREK.
GLAD NIE	1	115.	16.04	163.	24.81	278.	20.23
EEN KEER PER WEEK	2	177.	24.69	166.	25.27	343.	24.96
TWEE KEER PER WEEK	3	160.	22.32	133.	20.24	293.	21.32
DRIE KEER PER WEEK	4	98.	13.67	90.	13.70	188.	13.68
VIER KEER PER WEEK	5	29.	4.04	24.	3.65	53.	3.86
VYF KEER PER WEEK	6	8.	1.12	6.	0.91	14.	1.02
SO DIKWELS AS WAT EK WIL	7	130.	18.13	75.	11.42	205.	14.92
T O T A L E		717.		657.		1374.	

CHI-KWADRAAT BEREKENING

BESKRYWING VAN DIE GROEP	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
SEUNS - MEISIES	6	24.4090*

naweke aan hul huiswerk bestee. Volgens tabel 4.14 bestee die grootste persentasie (28,63%) van die leerlinge 'n halfuur en meer, maar minder as 1 uur oor naweke aan hul huiswerk. Meer as 80 persent van die leerlinge bestee oor naweke minder as twee uur aan hul huiswerk, terwyl 7,81% meer seuns as meisies naweke minder as twee uur aan hul huiswerk bestee.

Vraag 3: Hoeveel uur per week bestee jy gewoonlik aan lees (jou skoolwerk uitgesluit)?

Volgens tabel 4.15 kom die hoogste frekwensie voor in kategorie 7. Ongeveer 'n kwart (24,11%) van die leerlinge bestee dus vyf uur of meer per week aan lees. Die berekende χ^2 -waarde is onbeduidend op die 5%-vlak en geslag toon dus geen assosiasie met die hoeveelheid uur per week wat die leerlinge aan lees bestee nie.

Vraag 4: Hoeveel keer per week gedurende skoolkwartale word jy toegelaat om alleen in die aand uit te gaan vir ontspanning, vermaak en kuier?

Volgens die gegewens van tabel 4.16 word die meerderheid st.8-leerlinge (80,19%) nie toegelaat om meer as drie keer per week gedurende skoolkwartale saans alleen uit te gaan nie. Die hoogste frekwensie kom voor in kategorie 2, en daarvolgens blyk dat ongeveer 'n kwart (24,96%) van die leerlinge toegelaat word om een keer per week saans uit te gaan. Die berekende χ^2 -waarde vir die groep is betekenisvol op die 1%-peil en die nul-hipotese, naamlik dat daar geen verskil is tussen geslag en die getal kere wat die leerlinge toegelaat word om gedurende skoolkwartale saans alleen uit te gaan nie, word dus verwerp. Seuns en meisies toon 'n verskil op die 1% betekenispeil met betrekking tot die getal kere per week wat hul toegelaat word om saans alleen uit te gaan. Volgens die gegewens van tabel 4.16 word 7,28 persent meer seuns as dogters toegelaat om drie keer en meer saans gedurende skoolkwartale alleen uit te gaan. Volgens Roos (1972, p. 63) is die meerderheid st.8-leerlinge (77,1%) van sy ondersoekgroep nie toegelaat om meer as twee keer per week in die aand uit te gaan nie. Indien kategorieë 1 en 7 van die onderhawige ondersoek vergelyk word met die

TYDBENUTTINGSVRAEELYS

TABEL 4.17

VRAAG 5 NEEM JY GEWOONLIK DEEL AAN DIE VOLGENDE SPORTAKTIWITEITE?

SLEUTEL - 1=JA
2=NEE OF N.V.T

	SEUN S			MEISIES			TOTAAL
	1	2	TOT	1	2	TOT	
RUGRY	442.	275.	717.	0.	655.	655.	1372.
	61.65	38.35	100.00	0.0	100.00	100.00	100.00
SOKKER	222.	496.	718.	29.	629.	658.	1376.
	30.92	69.08	100.00	4.41	95.59	100.00	100.00
ATLETIEK	369.	349.	718.	295.	362.	657.	1375.
	51.39	48.61	100.00	44.90	55.10	100.00	100.00
TENNIS	211.	504.	715.	307.	351.	658.	1373.
	29.51	70.49	100.00	46.66	53.34	100.00	100.00
KRIEKET	253.	465.	718.	11.	646.	657.	1375.
	35.24	64.76	100.00	1.67	98.33	100.00	100.00
SWEM	417.	301.	718.	418.	239.	657.	1375.
	58.08	41.92	100.00	63.62	36.38	100.00	100.00
STOEI	70.	647.	717.	0.	658.	658.	1375.
	9.76	90.24	100.00	0.0	100.00	100.00	100.00
BOKS	47.	670.	717.	0.	657.	657.	1374.
	6.56	93.44	100.00	0.0	100.00	100.00	100.00
JUDO OF KARATE	107.	611.	718.	29.	627.	656.	1374.
	14.90	85.10	100.00	4.42	95.58	100.00	100.00
JUKSKEI	32.	686.	718.	19.	638.	657.	1375.
	4.46	95.54	100.00	2.89	97.11	100.00	100.00
BOFPAL	51.	667.	718.	24.	633.	657.	1375.
	7.10	92.90	100.00	3.65	96.35	100.00	100.00
KORFBAL	22.	696.	718.	57.	599.	656.	1374.
	3.06	96.94	100.00	8.69	91.31	100.00	100.00
SAGTEBAL	37.	680.	717.	49.	606.	655.	1372.
	5.16	94.84	100.00	7.48	92.52	100.00	100.00
NETBAL	0.	717.	717.	283.	372.	655.	1372.
	0.0	100.00	100.00	43.21	56.79	100.00	100.00
HOKKIE	81.	637.	718.	200.	454.	654.	1372.
	11.28	88.72	100.00	30.58	69.42	100.00	100.00
GIMNASTIEK	137.	580.	717.	175.	482.	657.	1374.
	19.11	80.89	100.00	26.64	73.36	100.00	100.00
ANDER NIE GENOEM NIE	338.	371.	709.	244.	401.	645.	1354.
	47.67	52.33	100.00	37.83	62.17	100.00	100.00

TYDBENUTTINGSVRAElys

TABEL 4.18

AAG 6 HOEVEEL UUR PER WEEK BESTEE JY GEWOONLIK AAN HIERDIE SPORTAKTIWITEITE? (DIE WAT JY IN VRAAG 5 GEMERK HET)

	KODE	SEUNS		MEISIES		TOTAAL	
		FREK.	PERS.FREK.	FREK.	PERS.FREK.	FREK.	PERS.FREK.
EM GLAD NIE DEEL NIE	1	27.	3.76	40.	6.10	67.	4.88
MINDER AS 2 UUR	2	103.	14.35	134.	20.43	237.	17.25
2 UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 3 UUR	3	107.	14.90	140.	21.34	247.	17.98
3 UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 4 UUR	4	98.	13.65	107.	16.31	205.	14.92
4 UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 5 UUR	5	106.	14.76	79.	12.04	185.	13.46
5 UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 6 UUR	6	83.	11.56	55.	8.38	138.	10.04
6 UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 7 UUR	7	71.	9.89	41.	6.25	112.	8.15
7 UUR OF MEER	8	123.	17.13	60.	9.15	183.	13.32
T O T A L E		718.		656.		1374.	

CHI-KWADRAAT BEREKENING

BESKRYWING VAN DIE GROEP	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
SEUNS - MEISIES	7	48.0273*

ooreenstemmende kategorieë (A en G) van Roos se ondersoek, dan kan die gevolgtrekking gemaak word dat die st.8-leerlinge van 1974, persentasiegewys, nie beduidend meer vryheid gegun is ten opsigte van ontspanning, vermaak en kuier gedurende skoolkwartale as die st.8-leerlinge van 1967 nie. Ongeveer 2,60 persent meer leerlinge van die huidige ondersoek het aangedui dat hulle so dikwels as hulle wil toegelaat word om uit te gaan.

Vraag 5: Neem jy gewoonlik deel aan die volgende sportaktiwiteite? (Kyk tabel 4.17)

Vraag 6: Hoeveel uur per week bestee jy gewoonlik aan hierdie sport-aktiwiteite? (Kyk tabel 4.18)

Tabel 4.17 toon dat die gewildste sportaktiwiteite by seuns, volgens die persentasie deelname daaraan, die volgende is: rugby (61,65%), swem (58,08%), atletiek (51,39%), krieket (35,24%), sokker (30,92%). Die gewildste aktiwiteite by dogters is swem (63,62%), tennis (46,66%), atletiek (44,90%), netbal (43,21%) en hokkie (30,58%). Volgens tabel 4.18 is die berekende χ^2 -waarde vir die groep beduidend op die 1%-peil. Die nul-hipotese, naamlik dat daar geen betekenisvolle verskil is tussen seuns en meisies ten opsigte van die tyd wat aan sportaktiwiteite bestee word nie, kan dus verwerp word. Geslag toon dus 'n assosiasie met die tyd wat aan sportaktiwiteite bestee word. Slegs 4,88 persent van die leerlinge neem glad nie aan die sportaktiwiteite deel nie en 55,03% van die leerlinge bestee minder as vier uur per week aan sport. Ontleding van tabel 4.18 bring aan die lig dat 17,52 persent meer meisies as seuns minder as 4 uur per week aan die sportaktiwiteite bestee, terwyl dieselfde persentasie (17,52%) meer seuns as meisies meer as 4 uur per week aan dié aktiwiteite bestee.

Wat die deelname van leerlinge aan sport betref is dit wenslik dat daar kortliks gelet sal word op enkele bevindinge van ondersoekers in die verband. Strydom (1970, p. 39) meld na aanleiding van sy ondersoek dat deelname aan sport verband hou met skoolprestasie en rapporteer dat: "Dit is waarskynlik dat sportdeelname direk of indirek positief bydra tot beter skolastiese prestasie". Ackermann (1973, p. 59) konstateer na aanleiding van sy ondersoek dat: "Hoe groter die getal aktiwiteite soos sport, verenigings, ensovoorts, waaraan 'n leerling

TYDBENUTTINGSVRAEELS

TABEL 4.19

RAAG 7 NEEM JY GEWOONLIK DEEL AAN DIE VOLGENDE AKTIWITEITE?

LEUTEL - 1=JA
2=NEE OF N.V.T

	S E U N S			M E I S I E S			T O T A A L
	1	2	TOT	1	2	TOT	
DORTREKKERS	41.	676.	717.	34.	622.	656.	1373.
	5.72	94.28	100.00	5.18	94.82	100.00	100.00
ANDSDIENS	51.	665.	716.	48.	608.	656.	1372.
	7.12	92.88	100.00	7.32	92.68	100.00	100.00
BOY SCOUTS	20.	697.	717.	0.	656.	656.	1373.
	2.79	97.21	100.00	0.0	100.00	100.00	100.00
IRL GUIDES	0.	717.	717.	18.	638.	656.	1373.
	0.0	100.00	100.00	2.74	97.26	100.00	100.00
ARKES	72.	645.	717.	25.	631.	656.	1373.
	10.04	89.96	100.00	3.81	96.19	100.00	100.00
OLKSPELE	67.	649.	716.	104.	550.	654.	1370.
	9.36	90.64	100.00	15.90	84.10	100.00	100.00
ERKLIKE JEUGVERENIGINGS	306.	411.	717.	374.	283.	657.	1374.
	42.68	57.32	100.00	56.93	43.07	100.00	100.00
ANDER VERENIGINGS	191.	525.	716.	213.	442.	655.	1371.
	26.68	73.32	100.00	32.52	67.48	100.00	100.00

TYDBENUTTINGSVRAELES

TABEL 4.20

VRAAG 8 HOEVEEL UUR PER WEEK BESTEE JY GEWOONLIK AAN HIERDIE AKTIWITEITE? (DIE WAT JY IN VRAAG 7 GEMERK HET)

		SEUNS			MEISIES			TOTAAL		
	KODE	FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.
NEEM GLAD NIE DEEL NIE	1	241.	33.71	177.	26.98	418.	30.49			
MINDER AS 2 UUR	2	252.	35.24	201.	30.64	453.	33.04			
TWEE UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 3 UUR	3	110.	15.38	143.	21.80	253.	18.45			
DRIE UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 4 UUR	4	59.	8.25	79.	12.04	138.	10.07			
VIER UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 5 UUR	5	22.	3.08	41.	6.25	63.	4.60			
VYF UUR OF MEER	6	31.	4.34	15.	2.29	46.	3.36			
TOTALE		715.		656.		1371.				

CHI-KWADRAAT BEREKENING

BESKRYWING VAN DIE GROEP	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
SEUNS - MEISIES	5	31.5584*

TYDBENUTTINGSVRAELYS

TABEL 4.21

VRAAG 9 HOEVEEL STOKPERDJIES HET JY?

	KODE	SEUN S		MEISIES		TOTAAL	
		FREK.	PERS.FREK.	FREK.	PERS.FREK.	FREK.	PERS.FREK.
GEEN	1	18.	2.51	16.	2.44	34.	2.48
EEN	2	83.	11.59	74.	11.26	157.	11.43
TWEE	3	149.	20.81	158.	24.05	307.	22.36
DRIE	4	171.	23.88	183.	27.85	354.	25.78
VIER	5	118.	16.48	119.	18.11	237.	17.26
VYF OF MEER	6	177.	24.72	107.	16.29	284.	20.68
T O T A L E		716.		657.		1373.	

CHI-KWADRAAT BEREKENING

BESKRYWING VAN DIE GROEP	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
SEUNS - MEISIES	5	16.0562*

T Y D B E N U T T I N G S V R A E L Y S

T A B E L 4.22

10 HOEVEEL UUR PER WEEK BESTEE JY GEWOONLIK AAN JOU STOKPERDJIES?

	KODE	S E U N S		M E I S I E S		T O T A A L	
		FREK.	PERS.FREK.	FREK.	PERS.FREK.	FREK.	PERS.FREK.
GEEN STOKPERDJIE NIE	1	16.	2.23	14.	2.13	30.	2.18
1 NIE	2	276.	38.49	245.	37.29	521.	37.92
1 UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 2 UUR	3	87.	12.13	111.	16.89	198.	14.41
2 UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 3 UUR	4	107.	14.92	100.	15.22	207.	15.07
3 UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 4 UUR	5	78.	10.88	76.	11.57	154.	11.21
4 UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 5 UUR	6	45.	6.28	39.	5.94	84.	6.11
5 UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 6 UUR	7	30.	4.18	30.	4.57	60.	4.37
6 UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 7 UUR	8	15.	2.09	9.	1.37	24.	1.75
7 UUR OF MEER	9	63.	8.79	33.	5.02	96.	6.99
T O T A L E		717.		657.		1374.	

C H I - K W A D R A A T B E R E K E N I N G

BESKRYWING VAN DIE GROEP	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
SEUNS - MEISIES	8	13.8595

deelneem, hoe beter presteer hy op akademiese terrein". Roos (1972, p. 51) wys daarop dat: "Relatief meer leerlinge wat nie aan buitemurse aktiwiteite deelgeneem het nie of vier uur en minder per week daaraan bestee het, het dus van st.6 tot st.8 die skool verlaat of gedruip in vergelyking met ander leerlinge".

Vraag 7: Neem jy gewoonlik deel aan die volgende aktiwiteite? (Kyk tabel 4.19)

Vraag 8: Hoeveel uur per week bestee jy gewoonlik aan hierdie aktiwiteite? (Die wat jy in vraag 7 gemerk het)

Na aanleiding van die gegewens in tabel 4.19 is dit duidelik dat die grootste persentasie seuns (42,68%) sowel as meisies (56,93%) deelneem aan kerklike jeugverenigings. Die tweede grootste persentasie seuns (26,68%) sowel as meisies (32,52%) kom voor by "ander verenigings", en dit spreek dus duidelik dat beide seuns en meisies, wat die vermelde aktiwiteite betref, voorkeur verleen aan kerklike jeugverenigings en verenigings wat nie spesifiek vermeld is by vraag 7 nie. Volgens tabel 4.20 neem 30,49 persent van die ondersoekgroep glad nie deel aan die genoemde aktiwiteite nie, en die meeste van die leerlinge (63,53%) bestee dus minder as 2 uur per week aan die aktiwiteite. Die berekende χ^2 -waarde vir die groep is betekenisvol op die 1%-betekenispeil. Geslag speel dus 'n rol by die getal ure per week wat aan kulturele aktiwiteite bestee word. Inspeksie van tabel 4.20 bring aan die lig dat 11,33 persent meer meisies as seuns drie uur en meer per week aan die kulturele aktiwiteite bestee.

Vraag 9: Hoeveel stokperdjies het jy? (Kyk tabel 4.21)

Vraag 10: Hoeveel uur per week bestee jy gewoonlik aan jou stokperdjies? (Kyk tabel 4.22)

Tabel 4.21 toon dat 59,57 persent van die ondersoekgroep een tot drie stokperdjies beoefen. Die grootste persentasie van die leerlinge (25,78%) beoefen drie stokperdjies terwyl 63,72 persent van die ondersoekgroep drie of meer stokperdjies beoefen. Die berekende χ^2 waarde, soos aangedui in tabel 4.21, is betekenisvol op die 1%-peil. Die nul-hipotese, naamlik dat daar geen betekenisvolle verband is tussen die getal stokperdjies wat deur seuns en meisies beoefen word nie, kan dus verwerp word. Geslag het dus 'n invloed op die getal stokperdjies wat deur

TYDBENUTTINGSVRAELYS

TABEL 4.23

VRAAG 11 HOEVEEL UUR PER DAG LUISTER JY GEWOONLIK NA DIE RADIO? (MAANDAG TOT DONDERDAG, GEDURENDE SKOOL-KWARTALE)

	KODE	SEUNS			MEISIES			TOTAAL		
		FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.
EK LUISTER NIE NA DIE RADIO NIE	1	23.	3.22	22.	3.35	45.	3.28			
MINDER AS 1 UUR	2	80.	11.19	53.	8.07	133.	9.69			
EEN UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 2 UUR	3	148.	20.70	99.	15.07	247.	18.00			
TWEE UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 3 UUR	4	150.	20.98	131.	19.94	281.	20.48			
DRIE UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 4 UUR	5	113.	15.80	102.	15.53	215.	15.67			
VIER UUR EN MEER, MAAR MINDER AS 5 UUR	6	68.	9.51	87.	13.24	155.	11.30			
VYE UUR OF MEER	7	133.	18.60	163.	24.81	296.	21.57			
T O T A L E		715.		657.		1372.				

CHI - KWADRAAT BEREKENING

BESKRYWING VAN DIE GROEP	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
SEUNS - MEISIES	6	20.0250*

die leerlinge beoefen word. Volgens tabel 4.21 beoefen 6,88 persent meer meisies as seuns een tot drie stokperdjies, terwyl 6,80 persent meer seuns as meisies vier of meer stokperdjies beoefen. Volgens Roos (1975, p. 53-54) beoefen onderskeidelik 70,0; 75,3 en 73,8 persent leerlinge in standers ses, agt en tien een tot drie stokperdjies, en hy vestig die aandag daarop dat daar 'n aanduiding is dat die getal stokperdjies wat beoefen word afneem namate die leerlinge verder op skool vorder. Volgens Roos kan dié tendens moontlik toegeskryf word aan die feit dat die leerlinge se belangstellings meer stabiliseer en tot uiting kom in die beoefening van minder stokperdjies of moontlik word minder stokperdjies beoefen weens meerdere skoolverpligtinge en ander aktiwiteite.

Uit tabel 4.22 blyk dat die χ^2 -waarde vir die groep onbeduidend is op die 5%-vlak. Dus kan die nul-hipotese, naamlik dat daar geen betekenisvolle verskille bestaan tussen die hoeveelheid tyd wat seuns en dogters aan stokperdjies bestee, nie op die 5% betekenispeil verwerp word nie. Tabel 4.22 toon verder dat 40,69 persent van die leerlinge een uur en meer, maar minder as vier uur per week aan hul stokperdjies bestee. Dit is egter opvallend dat 37,92 persent van die leerlinge aangedui het dat hulle nie weet hoeveel uur per week hulle aan die beoefening van stokperdjies bestee nie.

Wat die beoefening van stokperdjies betref is dit belangrik om daarop te let dat beide Strijdom (1971, p. 33) en Scheffer (1972, p. 167) se ondersoeke aan die lig gebring het dat die hoër-statusseuns meer stokperdjies as die laer-statusseuns beoefen.

Vraag 11: Hoeveel uur per dag luister jy gewoonlik na die radio?
(Maandag tot Donderdag, gedurende skoolkwartale)

Volgens tabel 4.23 het die grootste enkele persentasie (21,57%) van die leerlinge aangedui dat hulle vyf uur of meer per dag na die radio luister. Die berekende χ^2 -waarde vir die groep is beduidend op die 1%-betekenispeil. Dus kan die nul-hipotese, naamlik dat daar geen betekenisvolle verskil is tussen die tyd wat seuns en meisies per dag aan radioluister bestee, verwerp word. Geslag het dus 'n invloed op die hoeveelheid tyd wat per dag aan radioluister bestee word. Volgens tabel 4.23 luister 9,79 persent meer seuns as meisies minder as drie uur per dag na die radio, terwyl 9,67 persent meer meisies as seuns

TYDBENUTTINGSVRAELYS

TABEL 4.24

AAG 12 HOE DIKWELS BESOEK JY DIE BIOSKOOP (INRYTEATER UITGESLUIT)?

		SEUNS			MEISIES			TOTAAL		
	KODE	FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.
NIET	1	32.	4.46	57.	8.68	89.	6.47			
ONDER AS 1 KEER PER WEEK	2	295.	41.09	322.	49.01	617.	44.87			
2 N KEER PER WEEK	3	276.	38.44	225.	34.25	501.	36.44			
3 OF TOT 3 KEER PER WEEK	4	108.	15.04	52.	7.91	160.	11.64			
4 OF AS DRIE KEER PER WEEK	5	7.	0.97	1.	0.15	8.	0.58			
TOTAAL		718.		657.		1375.				

CHI-KWADRAAT BEREKENING

BESKRYWING VAN DIE GROEP	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
SEUNS - MEISIES	4	34.8580*

TYDBENUTTINGSVRAELYS

TABEL 4.25

AAG 13 HOE DIKWELS BESOEK JY DIE INRYTEATER?

		SEUNS		MEISIES		TOTAAL	
	KODE	FREK.	PERS.FREK.	FREK.	PERS.FREK.	FREK.	PERS.FREK.
NIET	1	111.	15.46	77.	11.70	188.	13.66
ONDER AS 1 KEER PER WEEK	2	386.	53.76	332.	50.46	718.	52.18
1 N KEER PER WEEK	3	181.	25.21	192.	29.18	373.	27.11
2 TOT 3 KEER PER WEEK	4	35.	4.87	53.	8.05	88.	6.40
3 OF MEER AS DRIE KEER PER WEEK	5	5.	0.70	4.	0.61	9.	0.65
TOTAAL		718.		658.		1376.	

CHI-KWADRAAT BEREKENING

BESKRYWING VAN DIE GROEP	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
SEUNS - MEISIES	4	11.7336*

TYDBENUTTINGSVRAELYS

TABEL 4.26

VRAAG 14 HOE LAAT GAAN JY GEWOONLIK IN DIE AAND SLAAP? (MAANDAE TOT DONDERDAE GEDURENDE DIE SKOOLKWARTALE)

		SEUNS			MEISIES			TOTAAL		
	KODE	FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.
VOOR 8.00 NM.	1	3.		0.42	4.		0.61	7.		0.51
8.00 NM. EN LATER, MAAR VOOR 8.30 NM.	2	22.		3.06	19.		2.89	41.		2.98
8.30 NM. EN LATER, MAAR VOOR 9.00 NM.	3	57.		7.94	50.		7.60	107.		7.78
9.00 NM. EN LATER, MAAR VOOR 9.30 NM.	4	108.		15.04	98.		14.89	206.		14.97
9.30 NM. EN LATER, MAAR VOOR 10.00 NM.	5	189.		26.32	188.		28.57	377.		27.40
10.00 NM. EN LATER, MAAR VOOR 10.30 NM.	6	174.		24.23	168.		25.53	342.		24.85
10.30 NM. EN LATER, MAAR VOOR 11.00 NM.	7	120.		16.71	92.		13.98	212.		15.41
11.00 NM. OF LATER	8	45.		6.27	39.		5.93	84.		6.10
TOTAAL		718.			658.			1376.		

CHI-KWADRAAT BEREKENING

BESKRYWING VAN DIE GROEP	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
SEUNS - MEISIES	7	2.9296

TYDBENUTTINGSVRAELYS

TABEL 4.27

RAAG 1E HOE LAAT STAAN JY GEWOONLIK IN DIE OGGEND OP? (MAANDAE TOT VRYDAE GEDURENDE DIE SKOOLKWARTALE)

	KODE	SEUNS			MEISIES			TOTAAL		
		FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.	FREK.	PERS.	FREK.
ROEER AS 5.30 VM.	1	30.		4.18	24.	3.65		54.		3.93
5.30 VM. EN LATER, MAAR VOOR 6.00 VM.	2	91.		12.69	98.	14.92		189.		13.76
6.00 VM. EN LATER, MAAR VOOR 6.30 VM.	3	181.		25.24	233.	35.46		414.		30.13
6.30 VM. EN LATER, MAAR VOOR 7.00 VM.	4	281.		39.19	227.	34.55		508.		36.97
7.00 VM. EN LATER, MAAR VOOR 7.30 VM.	5	121.		16.88	72.	10.96		193.		14.05
7.30 VM. OF LATER	6	13.		1.81	3.	0.46		16.		1.16
T O T A L E		717.			657.			1374.		

CHI-KWADRAAT BEREKENING

BESKRYWING VAN DIE GROEP	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
SEUNS - MEISIES	5	29.3237*

meer as drie uur per dag na die radio luister. Indien daar op die aktiwiteitvoorkeur van die leerlinge gelet word, (kyk tabel 4.28) dan blyk dit ook dat 7,83 persent meer meisies as seuns aangedui het dat radioluister een van die aktiwiteite is waarvan hulle die meeste hou.

Vraag 12: Hoe dikwels besoek jy die bioskoop (inryteater uitgesluit)?

Tabel 4.24 toon dat die hoogste frekwensie voorkom in kategorie 2. Die grootste persentasie (44,87%) leerlinge besoek die bioskoop dus minder as een keer per week. Die berekende χ^2 -waarde vir tabel 4.24 is betekenisvol op die 1%-vlak. Dus kan die nul-hipotese, naamlik dat daar geen betekenisvolle verskil is tussen die bioskoopbesoek van seuns en meisies, verwerp word. Geslag toon dus 'n verwantskap met die getal kere wat leerlinge die bioskoop besoek. Inspeksie van tabel 4.24 bring aan die lig dat 12,14 persent meer seuns as meisies die bioskoop een keer en meer per week besoek. Wat die ondersoekgroep as geheel betref blyk dit dat 48,66 persent van die leerlinge die bioskoop een keer en meer per week besoek.

Vraag 13: Hoe dikwels besoek jy die inryteater?

Volgens die gegewens van tabel 4.25 blyk dat meer as die helfte (52,18%) van die leerlinge die inryteater minder as een keer per week besoek. Die berekende χ^2 -waarde vir die groep is beduidend op die 1% betekenispeil. Die nul-hipotese, naamlik dat daar geen betekenisvolle verskil is tussen die inryteaterbesoek van seuns en meisies, kan dus verwerp word. Seuns en meisies toon dus 'n verskil op die 1% betekenis peil met betrekking tot die kere per week wat hulle die inryteater besoek. Tabel 4.25 toon dat 7,06 persent meer meisies as seuns die inryteater een keer en meer per week besoek.

Indien die gegewens van tabelle 4.24 en 4.25 vergelyk word dan blyk dit persentasiegewys dat meer seuns as meisies die bioskoop een keer en meer per week besoek, terwyl meer meisies as seuns die inryteater een keer en meer per week besoek.

Vraag 14: Hoe laat gaan jy gewoonlik in die aand slaap? (Maandae tot Donderdae gedurende die skoolkwartale) (Kyk tabel 4.26)

Vraag 15: Hoe laat staan jy gewoonlik in die oggend op? (Maandae tot Vrydae gedurende die skoolkwartale) (Kyk tabel 4.27)

Volgens die gegewens van tabel 4.26 blyk dat meer as die helfte van die

TYDBENUTTINGSVRAELYS

TABEL 4.28

VRAAG 16 MERK DIE EEN AKTIWITEIT WAARVAN JY DIE MEESTE HOU.

	KODE	SEUNS		MEISIES		TOTAAL	
		FREK.	PERS.FREK.	FREK.	PERS.FREK.	FREK.	PERS.FREK.
AAN SPORT DEEL TE NEEM	1	247.	34.40	116.	17.63	363.	26.38
PLATE TE SPEEL EN/DE RADIO TE LUISTER	2	78.	10.86	123.	18.69	201.	14.61
SELF 'N MUSIEKINSTRUMENT TE BESPEEL	3	42.	5.85	54.	8.21	96.	6.98
BIOSKOOP TOE TE GAAN	4	95.	13.23	86.	13.07	181.	13.15
BOEKE TE LEES	5	56.	7.80	117.	17.78	173.	12.57
BY VRIENDE TE KUIER	6	67.	9.33	83.	12.61	150.	10.90
MET STOKPERDJIES BESIG TE WEES	7	92.	12.81	42.	6.38	134.	9.74
EEN VAN DIE WAT HIERBO GENOEM IS NIE	8	41.	5.71	37.	5.62	78.	5.67
TOTALE		718.		658.		1376.	

CHI-KWADRAAT BEREKENING

BESKRYWING VAN DIE GROEP	GRADE VAN VRYHEID	CHI-KWADRAAT WAARDE
SEUNS - MEISIES	7	98.9465*

ondersoekgroep (53,64%) saans voor tienuur gaan slaap en dat slegs 6,10 persent na elfuur bed toe gaan. Die berekende χ^2 -waarde vir die tabel is nie betekenisvol op die 5% betekenispeil nie en geslag toon dus geen assosiasie met die antwoorde van die leerlinge op vraag 14 nie.

Inspeksie van tabel 4.27 toon dat die grootste persentasie van die leerlinge soggens 6.30vm. en later, maar voor 7,00vm. opstaan. Die χ^2 -waarde ten opsigte van die geslaggroepe is beduidend op die 1%-vlak. Hiervolgens kan die nul-hipotese, naamlik dat geslag nie 'n rol speel by die opstaantye van die leerlinge, verwerp word. Seuns en meisies toon 'n verskil op die 1% betekenispeil met betrekking tot hul opstaantye gedurende skooldae. Volgens tabel 4.27 staan 11,92 persent meer dogters as seuns soggens voor 6.30vm. op terwyl 11,91 persent meer seuns as dogters soggens 6.30vm. of later opstaan.

Vraag 16: Merk die een aktiwiteit waarvan jy die meeste hou.

Volgens tabel 4.28 is die vier gewildste aktiwiteite by die onderoekgroep in volgorde van gewildheid die volgende: Sport, plate speel en/of radio luister, bioskoop besoek en lees. Die grootste persentuele verskille in voorkeur tussen die seuns en meisies kom voor in die geval van hul deelname aan sport (16,77%) en lees (9,98%). Die berekende χ^2 -waarde vir die betrokke tabel is beduidend op die 1%-vlak. Hiervolgens kan die nul-hipotese, naamlik dat daar geen beduidende verskil is tussen seuns en meisies ten opsigte van hul voorkeur aan sekere aktiwiteite nie, verwerp word. Geslag toon dus 'n assosiasie met die leerlinge se antwoorde op vraag 16.

Die vermelde aktiwiteite by vraag 16 is meestal nie georganiseerde skoolaktiwiteite nie en die gegewens van die betrokke tabel verskaf, met die uitsondering van kategorie 8, 'n goeie aanduiding van waarmee die leerlinge verkies om hulself gedurende hul vrye tyd besig te hou. Die bevinding van die onderhawige ondersoek dat die grootste enkele persentasie van die leerlinge voorkeur verleen aan deelname aan sport is in ooreenstemming met die bevindinge van beide Roos (1975, p. 50) en Strijdom (1971, p. 36).

4.4 OPNAME VAN STUDIEGEWOONTES EN -HOUDINGS (OSGH)
(Vir 'n beskrywing van die OSGH kyk punt 3.3)

4.4.1 RESULTATE VAN DIE OSGH

Die resultate van die OSGH word in tabel 4.29 gegee

TABEL 4.29
RESULTATE VAN DIE OSGH

SKAAL	GESLAG	GEMID- DELDE ROUPUNT	STAN- DAARD AFWYKING	SKEEF- HEID	KUR- TOSE	GETAL ITEMS
1. VERMYDING VAN UITSTEL (VU/DA)	S* M**	18,66 20,84	8,50 8,82	0,42 0,25	2,59 2,56	25 -
2. WERKMETODES (WM/WM)	S M	17,57 20,23	8,31 8,23	0,55 0,48	2,80 2,83	25 -
3. STUDIEGEWOON- TES (SG/SH)	S M	36,23 41,07	15,51 15,60	0,52 0,38	2,75 2,66	50 -
4. ONDERWYSER- GOEDKEURING (OG/TA)	S M	17,85 22,33	8,98 9,44	0,49 0,12	2,54 2,47	25 -
5. AANVAARDING VAN ONDERWYS (AO/EA)	S M	20,25 23,32	8,39 8,53	0,23 0,04	2,28 2,38	25 -
6. STUDIEHOUDINGS (SH/SA)	S M	38,10 45,65	16,29 16,83	0,38 0,11	2,34 2,43	50 -
7. STUDIE- ORIËNTASIE (SO)	S M	74,33 86,72	29,49 30,03	0,41 0,27	2,44 2,59	100 -

*SEUNS: N = 710

**MEISIES: N = 651

Volgens die gegewens van tabel 4.29 blyk dat die skeefheidsindekse sowel as die waardes vir kurtose deurgaans na genoeg aan die optimumwaardes van 'n normaalverdeling is om die gevolgtrekking te maak dat die leerlinge se tellings normaal verdeel.

Alhoewel die verspreiding aan die vereistes van normaliteit voldoen moet daar egter op gelet word dat die waardes vir skeefheid in tabel 4.29 positief is. Die verspreiding neig dus in 'n geringe mate na positief skeef en dit wil dus voorkom asof die gemiddelde tellings wat behaal is effens laer is as wat verwag is. 'n Moontlike verklaring vir hierdie tendens kan gevind word in die feit dat 'n hele aantal (vergelyk tabel 4.9) van die standerd 8-leerlinge in die ondersoekgroep die einde van hul skoolloopbaan nader en dat swak prestasie, frustrasie en onvoldoende motivering hul laat geld in die potensiële skoolverlaters se studiegewoontes en houdings. Du Toit (1970, p. 107 - 108) wys in die verband onder andere daarop dat, wat die standerd-groepe betref, daar na standerd 6 'n verslapping in die leerlinge se prestasie in die OSGH intree wat ongeveer by standerd 8 'n laagtepunt bereik.

4.4.2 RESULTATE VAN DIE GESLAGSGROEPE

Die z-waardes van die verskille tussen seuns en meisies in die verskillende skale van die OSGH word in tabel 4.30 weergegee.

TABEL 4.30

VERSKILLE, SEUNS TEENoor MEISIES, IN DIE 7 VELDE VAN DIE OSGH
(z-WAARDES)

VELD	GROEP	N	STANDAARDAFWYKING	GEMIDDELD	G. V. V.	z-WAARDE
VU	SEUNS	710	8,50	18,66	1359	-4,67*
	MEISIES	651	8,82	20,84		
WM	SEUNS	710	8,31	17,57	1359	-5,96*
	MEISIES	651	8,23	20,23		
OG	SEUNS	710	8,98	17,85	1359	-9,02*
	MEISIES	651	9,44	22,33		
AO	SEUNS	710	8,39	20,25	1359	-6,72*
	MEISIES	651	8,53	23,32		
SG	SEUNS	710	15,51	36,23	1359	-5,76*
	MEISIES	651	15,60	41,07		
SH	SEUNS	710	16,29	38,10	1359	-8,45*
	MEISIES	651	16,83	45,65		
SO	SEUNS	710	29,49	74,33	1359	-7,71*
	MEISIES	651	30,03	86,72		

*betekenisvol op die 1%-peil

Uit die gegewens van tabel 4.30 is dit duidelik dat meisies in al die skale van die OSGH beduidend beter as seuns presteer. Die 7 verskille is almal beduidend op die 1% betekenispeil. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat meisies minder tot uitstel van werkopdragte en studietake neig (VU), meer gebruik maak van doeltreffende werkmodes (WM), 'n gunstiger houding teenoor die onderwyser en sy optrede in die klaskamer openbaar (OG), opvoedkundige doelstelling en praktyke in

groter mate aanvaar (AO) en by implikasie dus ook oor beter studie-gewoontes en -houdings beskik as seuns. Hierdie resultaat strook met die bevindinge van Van Niekerk (1972, p. 299) en Du Toit (1970). Laasgenoemde konstateer in die verband: "Dit is duidelik dat dogters deurgaans in al die skale van die OSGH beter as seuns presteer" (p. 111).

4.5 SAMEVATTING

In hoofstuk 4 is die resultate van die Biografiese -en Tydbenuttings-vraelys weergegee. Die resultate is kortliks bespreek en daar is gepoog om die belangrikste tendens by elke tabel toe te lig. Verskille tussen die geslagsgroepe is met behulp van chi-kwadraat berekeninge aangetoon en kortliks bespreek. Die resultate van die OSGH is vervolgens gerapporteer en met die oog op die normale verdeling van die leerlinge se tellings is die aandag op die gemiddelde roupunte, standaardafwykings en die waardes vir skeefheid en kurtose gevestig. Die z-waardes van die verskille tussen seuns en meisies is ten slotte kortliks bespreek en daar is gewys op die feit dat meisies deurgaans beter as seuns presteer in die skale van die OSGH.

5.1 INLEIDING

In hoofstuk 5 word die bevindinge van die ondersoek aangebied en bespreek. 'n Kort aanduiding word eerstens gegee van die wyse waarop die produk-momentkorrelasiekoëffisiënte bereken is en hoe die verband van die gegewens getoets is vir reglynigheid. Die verband tussen die sewe skale van die OSGH en die tydbenutting- en biografiese veranderlikes word daarna aan die hand van tabelle en grafieke vir elke afsonderlike skaal en die twee betrokke taalgroepe onderskeidelik bespreek.

5.2 TOETS VIR REGLYNIGHEID VAN DIE VERBAND

Die produkmomentkorrelasiekoëffisiënte is bereken volgens die metode van Bravais-Pearson (Du Toit, 1966, p. 81). Om enige twyfel oor die reglynigheid van die verband wat gevind is uit te skakel, is besluit om die verband van die gegewens vir reglynigheid te toets deur berekening van die korrelasieratio, η , soos uiteengesit en beskryf deur Du Toit (1966, p. 95), omrede die korrelasieratio 'n beter indeks is van die sterkte van die verband as r . Die onderstaande voorbeelde is arbitrêr gekies om die meting van die verband verder toe te lig.

Deur berekening van η is daar byvoorbeeld 'n betekenisvolle verband op die 0,01 sekerheidsvlak by Afrikaanssprekende seuns gevind tussen hul prestasie in die skaal VU (Vermyding van uitstel) van die OSGH en onder andere die volgende biografiese- en tydbenuttingsveranderlikes wat kortliks verder ontleed word:

Gesondheidstoestand van leerling:

Totale frekwensie	=	445
Produkmomentkorrelasiekoëffisiënt	=	0,1708
eta (η)	=	0,1785
Betekenisvolheid van η	F =	3,6214
(g.v.v. $N - K = 440$, $K - 1 = 4$)		
(p < 0,01)		
Toets vir reglynigheid	F =	0,4065
(g.v.v. $N - K = 440$, $K - 2 = 3$)		
(p > 0,05)		

Skoolprestasie:

Totale frekwensie	=	437
Produkmomentkorrelasiekoëffisiënt	=	0,3055
eta (η)	=	0,3119
Betekenisvolheid van η	F =	11,6400
(g.v.v. N - K = 432, K - 1 = 4)		
(p < 0,01)		
Toets vir reglynigheid	F =	0,6296
(g.v.v. N - K = 432, K - 2 = 3)		
(p > 0,05)		

Tyd per weeksdag bestee aan huiswerk:

Totale frekwensie	=	445
Produkmomentkorrelasiekoëffisiënt	=	0,2386
eta (η)	=	0,2497
Betekenisvolheid van η	F =	7,3122
(g.v.v. N - K = 440, K - 1 = 4)		
(p = < 0,01)		
Toets vir reglynigheid	F =	0,8464
(g.v.v. N - K = 440, K - 2 = 3)		
(p > 0,05)		

Uit die voorafgaande ontleding van die verband tussen die prestasie van Afrikaanssprekende seuns in die skaal (VU) van die OSGH en hul gesondheidstoestand, skoolprestasie en tyd per weeksdag aan huiswerk bestee, blyk dat die verband wat verkry word, deur die berekening van die korrelasieratio eta, hoër is as die produkmomentkorrelasie en ook reglynig is. Alhoewel die verband in alle gevalle reglynig is, is die verband wat verkry word deur die berekening van die korrelasieratio eta, in enkele gevalle nie hoër as die produkmomentkorrelasie nie soos uit die volgende voorbeelde blyk.

Gesondheidstoestand:

Totale frekwensie	=	438
Produkmomentkorrelasiekoëffisiënt	=	0,1836
(p < 0,01)		
eta (η)	=	0,1816
Betekenisvolheid van η	F =	3,6919
(g.v.v. N - K = 433, K - 1 = 4)		
(p < 0,01)		
Toets vir reglynigheid	F =	0,1094
(g.v.v. N - K = 433, K - 2 = 3)		
(p > 0,05)		

Die verband tussen die gesondheidstoestand van Afrikaanssprekende meisies en hul prestasie in die skaal AO (Aanvaarding van onderwys) van die OSGH is reglynig. Die produkmomentkorrelasiekoëffisiënt is egter hier toevallig hoër as eta omdat die rekenaarprogram wat vir die berekeninge gebruik is, moes werk met gegewens wat net in drie klasse ingedeel is. Du Toit (1966, p. 98) wys in dié verband ook daarop dat meer klasse 'n hoër eta sal gee as die produkmomentkorrelasiekoëffisiënt.

Skoolprestasie:

Totale frekwensie	=	250
Produkmomentkorrelasiekoëffisiënt	=	0,2620
(p < 0,01)		
eta (η)	=	0,2707
Betekenisvolheid van η	F =	6,4825
(g.v.v. N - K = 246, K - 1 = 3)		
(p < 0,01)		
Toets vir reglynigheid	F =	0,6111
(g.v.v. N - K = 246, K - 2 = 2)		
(p > 0,05)		

Die verband tussen die skoolprestasie van Engelssprekende seuns en hul telling in die skaal WM (Werkmetodes) van die OSGH is reglynig. Ook in die geval is die produkmomentkorrelasiekoëffisiënt toevallig hoër as eta omdat die gegewens net in drie klasse ingedeel is vir berekeninge deur die rekenaar.

Die produkmomentkorrelasiekoëffisiënt onderskat in enkele gevalle die sterkte van die verband soos blyk uit die ontleding van die onderstaande voorbeeld.

IK

Totale frekwensie	=	239
Produkmomentkorrelasiekoëffisiënt	=	0,1245
($p > 0,05$)		
eta (η)	=	0,2247
Betekenisvolheid van η	F =	4,1635
(g.v.v. $N - K = 235$, $K - 1 = 3$)		
($p < 0,01$)		
Toets vir reglynigheid	F =	4,3265
(g.v.v. $N - K = 235$, $K - 2 = 2$)		
($p > 0,05$)		

Uit die ontleding van die verband tussen IK en die prestasie van Engelssprekende seuns in die skaal WM (Werkmetodes) van die OSGH, blyk dat die produkmomentkorrelasie nie betekenisvol is nie, maar dat die verband wel reglynig is. Terwyl die produkmomentkorrelasiekoëffisiënt nie betekenisvol is nie, toon die korrelasieratio (η) egter 'n betekenisvolle verband. Die produkmomentkorrelasiekoëffisiënt onderskat dus hier die sterkte van die verband.

'n Negatiewe produkmomentkorrelasiekoëffisiënt is 'n aanduiding van 'n omgekeerde verband. Die vertolking van 'n omgekeerde of negatiewe verband word met behulp van die onderstaande voorbeelde toegelig. Die gegewens bereken vir die korrelasieratio (η) toon 'n betekenisvolle negatiewe of omgekeerde verband aan op die 0,01-sekerheidsvlak by Afrikaanssprekende meisies tussen die tellings behaal in die skaal AO (Aanvaarding van onderwys) van die OSGH en die getal standers op skool herhaal.


Getal standards herhaal:

Totale frekwensie	=	438
Produktmomentkorrelasiekoëffisiënt	=	-0,1904
(p < 0,01)		
eta (η)	=	0,1931
Betekenisvolheid van η	F =	4,1947
(g.v.v. N - K = 433, K - 1 = 4)		
(p < 0,01)		
Toets vir reglynigheid	F =	0,1567
(g.v.v. N - K = 433, K - 2 = 3)		
(p > 0,05)		
Gemiddelde van die kriterium	=	1,224
Standaardafwyking van die kriterium	=	0,492
Gemiddeld van die voorspeller	=	24,130
Standaardafwyking van die voorspeller	=	8,424

Die skaal A0 van die OSGH word as voorspeller geneem en die getal standards herhaal as kriterium.

Grense per kolom	2	14	20	26	32
Frekwensie per kolom	52	78	114	107	87
Gemiddeld per kolom	1,44	1,29	1,19	1,17	1,14
Standaardafwyking per kolom	0,54	0,56	0,50	0,44	0,41

In die onderstaande grafiese voorstelling van die gemiddeld per kolom stel 'n gemiddeld van 0 tot 0,99 die leerlinge voor wat nog nooit 'n standaard herhaal het nie, 'n gemiddeld van 1 tot 1,99 dié wat een keer 'n standaard herhaal het, 'n gemiddeld van 2 tot 2,99 dié wat twee keer 'n standaard herhaal het, en 'n gemiddeld van 3 tot 3,99 dié wat drie keer of meer 'n standaard herhaal het.



Uit die bostaande gegewens en grafiek blyk dat Afrikaanssprekende meisies 'n omgekeerde of negatiewe verband tussen skaal A0 van die OSGH en die getal standers herhaal vertoon.

Die Afrikaanssprekende meisies met 'n lae telling in die skaal A0 van die OSGH het meer kere 'n standerd herhaal as dié met hoë tellings.

Uit die voorafgaande voorbeelde blyk dit duidelik dat die verband van die gegewens in alle gevalle reglynig is soos dan ook aangetoon is deur die berekening van die korrelasieratio, η . Hierdie bevinding oor die reglynigheid van die verband sal as aanname dien in die bespreking van die resultate van die ondersoek.

Grafieke 5.1 tot 5.7 toon die korrelasies tussen die 7 skale van die OSGH en die tydbenutting- en biografiese veranderlikes op die 0,01 (0) en 0,05 (X) sekerheidsvlak van betekenisvolheid aan.

TABEL 5.1

TAAL : AFRIKAANS

KORRELASIES TUSSEN SKAAL(VU/DA) VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE
VERANDERLIKES


VERANDERLIKE	SKAAL (VU/DA)	
	SEUNS (N= 445)	MEISIES (N= 43)
BEROEP VAN GESINSHOOF	0,100 **	0,180 *
STUDIE-ASPIRASIE	0,199 *	0,182 *
IK	0,097	0,098
SKOOLPRESTASIE	0,306 *	0,260 *
KERE STANDERD HERHAAL	-0,120 **	-0,075
GESONDHEIDSTOESTAND	0,171 *	0,107 **
TYD BESTEE AAN HUISWERK (WEEKSDAE)	0,239 *	0,278 *
TYD BESTEE AAN HUISWERK (NAWEKE)	0,237 *	0,319 *
GETAL STOKPERDJIES	0,062	0,029
TYD BESTEE AAN STOKPERDJIES	-0,012	0,088
OPSTAANTYD (WEEKSDAE)	-0,043	0,024
TYD BESTEE AAN SPORT	0,089	0,061
TYD BESTEE AAN KULTURELE AKTIWITEITE	0,092	0,074
GETAL KERE SAANS UITGAAN	-0,094	0,061
TYD BESTEE AAN LEES	0,151 *	0,011
BIOSKOOPBESOEK	-0,078	-0,014
INRYTEATERBESOEK	0,060	-0,046
RADIO LUISTER (WEEKSDAE)	-0,126 **	-0,117 **

* is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid

** is betekenisvol op die 0,05 vlak van sekerheid

GRAFIEK 5.1

KORRELASIES TUSSEN SKAAL (VU/DA) EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES



5.3 DIE VERBAND TUSSEN DIE SKAAL "VERMYDING VAN UITSTEL (VU/DA)" VAN DIE OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES

5.3.1 Afrikaanssprekende seuns en meisies

Uit tabel 5.1 en grafiek 5.1 blyk dat daar 'n aantal tydbenutting- en biografiese veranderlikes is wat 'n betekenisvolle verband toon met tellings in die skaal Vermydning van uitstel (VU/DA) van die OSGH. Die Afrikaanssprekende seuns wat hoë tellings in die skaal behaal het neig om beter op skool te presteer, meer tyd aan huiswerk, gedurende die week asook oor naweke, te bestee, na hoër akademiese doelstellings te aspireer, minder gesondheidsprobleme te ondervind en om meer tyd aan lees te spandeer as die seuns wat lae tellings in die skaal behaal het. Die seuns wat hoë tellings behaal het luister verder ook minder na die radio gedurende die week en het minder standers op skool herhaal as dié wat lae tellings behaal het.

'n Betekenisvolle verband word by beide die Afrikaanssprekende seuns en meisies aangetref tussen die OSGH-tellings en die beroepe van hul gesinshoofde. Die indeling van Strijdom (1971, p. 29) is gebruik by die berekening van die korrelasies en dit wil voorkom asof die leerlinge wat hoë tellings behaal het se gesinshoofde, volgens die indeling van hul beroepe, neig om in die hoogste en middelste beroepstatus-kategorieë te val.

Wat die geslagsgroepe betref, blyk uit tabel 5.1 dat die meisies dieselfde neiging toon behalwe dat geen betekenisvolle verband gevind is ten opsigte van die getal standers herhaal en die tyd wat aan lees bestee word nie. Afgesien van geslagsverskille, is 'n verklaring vir die verskille ten opsigte van die betrokke twee veranderlikes moontlik geleë in die feit dat meisies in al die skale van die OSGH beduidend beter presteer as seuns (kyk tabel 4.30), en dat 5,85 persent meer seuns as dogters aangedui het dat hul reeds een keer 'n standaard herhaal het (kyk tabel 4.8).

Die negatiewe verband wat bevind is tussen beide die Afrikaanssprekende seuns en meisies se tellings in die skaal(VU)en radio luister gedurende weksdae dui daarop dat leerlinge wat die massamedium gebruik, neig tot uitstel van take en werkopdragte. Hoe meer tyd dus gedurende weksdae aan die medium bestee word, hoe meer neig die prestasie van die leerlinge na die laer tellings.

TABEL 5.2

TAAL : ENGELS

KORRELASIES TUSSEN SKAAL (VU/DA) VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE
VERANDERLIKES

VERANDERLIKE	SKAAL (VU/DA)	
	SEUNS (N= 261)	MEISIES (N= 207)
BEROEP VAN GESINSHOOF	0,020	0,139**
STUDIE-ASPIRASIE	0,219*	0,245*
IK	-0,042	-0,054
SKOOLPRESTASIE	0,262*	0,196*
KERE STANDERD HERHAAL	-0,036	-0,118
GESONDHEIDSTOESTAND	0,029	0,129
TYD BESTEE AAN HUISWERK (WEEKSDAE)	0,237*	0,328*
TYD BESTEE AAN HUISWERK (NAWEKE)	0,096	0,343*
GETAL STOKPERDJIES	0,116	0,083
TYD BESTEE AAN STOKPERDJIES	0,113	0,096
OPSTAANTYD (WEEKSDAE)	-0,131	-0,106
TYD BESTEE AAN SPORT	-0,057	0,125
TYD BESTEE AAN KULTURELE AKTIWITEITE	-0,004	0,109
GETAL KERE SAANS UITGAAN	0,007	-0,101
TYD BESTEE AAN LEES	0,088	0,058
BIOSKOOPBESOEK	-0,003	-0,086
INRYTEATERBESOEK	-0,027	-0,132
RADIO LUISTER (WEEKSDAE)	0,063	-0,044

* is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid

** is betekenisvol op die 0,05 vlak van sekerheid

5.3.2 Engelssprekende seuns en meisies

Uit tabel 5.2 en grafiek 5.1 blyk dat die hoogste korrelasie by die Engelssprekende seuns gevind word tussen die skaal Vermyding van uitstel (VU) en die tyd wat die leerlinge gedurende weksdae aan huiswerk bestee. Die seuns wat hoër tellings in die skaal behaal het neig verder om beter op skool te presteer en aspireer ook na hoër akademiese doelstellings as die seuns wat laer tellings behaal het. Die hoogste korrelasie by die Engelssprekende dogters is gevind tussen die skaal (VU) en die tyd wat die dogters oor naweke aan huiswerk bestee. Wat skoolprestasie, aspirasie na hoër akademiese doelstellings en tyd wat gedurende weksdae aan huiswerk bestee word betref, toon die meisies dieselfde neiging as die seuns.

Die bevinding dat geslag 'n rol speel by die hoeveelheid tyd wat leerlinge oor naweke aan hul huiswerk bestee (kyk tabel 4.14) kan moontlik die verklaring gee vir die feit dat geen betekenisvolle verband bevind is tussen die tellings van die seuns en die tyd wat hulle oor naweke aan hul huiswerk bestee nie.

Die verband met die beroep van die gesinshoof is slegs vir Engelssprekende meisies betekenisvol en wel op die 0,05 vlak van sekerheid. Uit grafiek 5.1 blyk egter dat die Engelssprekende leerlinge ten opsigte van die beroepe van hul gesinshoofde dieselfde neiging toon as die Afrikaanssprekende leerlinge. Die feit dat daar 'n kleiner getal Engelssprekendes in die steekproef opgeneem is moet egter deurgaans by die bespreking van die tabelle in aanmerking geneem word.

5.4 DIE VERBAND TUSSEN DIE SKAAL "WERKMETODES (WM/WM)" VAN DIE OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES

5.4.1 Afrikaanssprekende seuns en meisies

Tabel 5.3 toon die tydbenutting- en biografiese veranderlikes wat 'n betekenisvolle verband toon met die tellings van die leerlinge in die skaal Werkmetodes (WM) van die OSGH. Volgens die korrelasies van tabel 5.3 blyk dit dat die Afrikaanssprekende seuns en meisies wat gebruik maak van doeltreffende studiemetodes, werkopdragte bekwaam uitvoer en metodies te werk gaan, neig om die volgende kenmerke te toon: Die

TABEL 5.3

TAAL : AFRIKAANS

KORRELASIES TUSSEN SKAAL (WM/WM) VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE
VERANDERLIKES

VERANDERLIKE	SKAAL (WM/WM)	
	SEUNS (N= 445)	MEISIES (N= 438)
BEROEP VAN GESINSHOOF	0,150 *	0,193 *
STUDIE-ASPIRASIE	0,187 *	0,202 *
IK	0,170 *	0,226 *
SKOOLPRESTASIE	0,310 *	0,296 *
KERE STANDERD HERHAAL	-0,109 **	-0,145 *
GESONDHEIDSTOESTAND	0,223 *	0,134 *
TYD BESTEE AAN HUISWERK (WEEKSDAE)	0,111 **	0,137 *
TYD BESTEE AAN HUISWERK (NAWEKE)	0,169 *	0,191 *
GETAL STOKPERDJIES	0,139 *	0,027
TYD BESTEE AAN STOKPERDJIES	0,025	0,115 **
OPSTAANTYD (WEEKSDAE)	0,009	0,127 **
TYD BESTEE AAN SPORT	0,126 **	0,156 *
TYD BESTEE AAN KULTURELE AKTIWITEITE	0,089	0,066
GETAL KERE SAANS UITGAAN	-0,037	0,164 *
TYD BESTEE AAN LEES	0,215 *	0,160 *
BIOSKOOPBESOEK	-0,031	0,069
INRYTEATERBESOEK	0,087	0,018
RADIO LUISTER (WEEKSDAE)	-0,070	0,010

* is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid

** is betekenisvol op die 0,05 vlak van sekerheid

leerlinge presteer goed op skool, hul aspireer na hoër akademiese doel= stellings, hul geniet oor die algemeen goeie gesondheid, hul vertoon 'n negatiewe verband met druipling op skool, hul bestee voldoende tyd gedu= rende weksdae en oor naweke aan hul huiswerk en hul spandeer meer tyd aan sport en lees as die leerlinge wat oor swak werkmodes beskik.

Wat die geslagsgroepe betref, blyk verder dat seuns met goeie werk= modes meer stokperdjies beoefen as seuns met swakker werkmodes, ter= wyl dogters met goeie werkmodes meer tyd per week aan die beoefening van stokperdjies bestee as dogters met swak werkmodes. Wat die getal stokperdjies betref, kan die verskil tussen die seuns en meisies moontlik verklaar word deur die bevinding van die onderhawige ondersoek (kyk hoof= stuk 4, tabel 4.21) dat daar 'n betekenisvolle verskil op die 0,01 vlak van sekerheid is tussen die getal stokperdjies wat deur seuns en meisies beoefen word. Volgens tabel 4.21 beoefen 6,80 persent meer seuns as meisies vier of meer stokperdjies.

Volgens tabel 5.3 is daar 'n betekenisvolle verband tussen beide die geslagsgroepe se werkmodes en die beroepe van hul gesinshoofde. Soos reeds vermeld by tabel 5.1, is die indeling van Strijdom (1971) gebruik by die berekening van die korrelasies. Ook wat tabel 5.3 betref wil dit voorkom asof die leerlinge met goeie werkmodes se gesinshoofde, volgens die indeling van hul beroepe, neig om in die hoogste en middelste be= roepstatuskategorieë te val. Strijdom (1971, p. 33) sowel as Scheffer (1972, p. 167) se ondersoeke het in dié verband aan die lig gebring dat die hoër-statusseuns meer stokperdjies as die laer-statusseuns beoefen.

Tabel 5.3 toon verder 'n betekenisvolle positiewe verband tussen die werkmodes van Afrikaanssprekende meisies wat hoë tellings behaal het en die getal kere wat hul toegelaat word om saans elkeen uit te gaan vir ontspanning, vermaak en kuier. Dit blyk dus dat die Afrikaanssprekende meisies wat gebruik maak van doeltreffende studiemodes en metodies te werk gaan, nie alleen goed presteer op skool nie, maar verder ook genoeg= same tyd vind vir, en baat deur, ontspanning, vermaak en sosiale verkeer. By die bespreking van tabel 4.16 is reeds aangetoon dat seuns en meisies 'n betekenisvolle verskil toon op die 1%-vlak van sekerheid ten opsigte van die getal kere per week wat hul toegelaat word om saans alleen uit te gaan, en daar is gewys op die bevinding dat 7,28 persent meer seuns as dogters toegelaat word om drie keer en meer per week saans gedurende skoolkwartale alleen uit te gaan. Laasgenoemde bevindings verklaar moontlik waarom die Afrikaanssprekende seuns 'n negatiewe verband toon tussen hul werkmodes en die kere wat hul toegelaat word om saans uit te gaan.

TABEL 5.4

TAAL : ENGELS


KORRELASIES TUSSEN SKAAL (WM/WM) VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE
VERANDERLIKES

VERANDERLIKE	SKAAL (WM/WM)	
	SEUNS (N= 261)	MEISIES (N= 207)
BEROEP VAN GESINSHOOF	0,060	0,169**
STUDIE-ASPIRASIE	0,307*	0,262*
IK	0,125	0,104
SKOOLPRESTASIE	0,362*	0,302*
KERE STANDERD HERHAAL	-0,098	-0,135
GESONDHEIDSTOESTAND	0,052	0,094
TYD BESTEE AAN HUISWERK (WEEKSDAE)	0,104	0,113
TYD BESTEE AAN HUISWERK (NAWEKE)	0,034	0,176**
GETAL STOKPERDJIES	0,002	0,105
TYD BESTEE AAN STOKPERDJIES	0,122	0,059
OPSTAANTYD (WEEKSDAE)	-0,110	-0,067
TYD BESTEE AAN SPORT	0,034	0,216*
TYD BESTEE AAN KULTURELE AKTIWITEITE	0,037	0,143**
GETAL KERE SAANS UITGAAN	0,023	0,027
TYD BESTEE AAN LEES	0,234*	0,138**
BIOSKOOPBESOEK	-0,090	-0,079
INRYTEATERBESOEK	-0,084	-0,195*
RADIO LUISTER (WEEKSDAE)	0,099	0,032

* is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid

** is betekenisvol op die 0,05 vlak van sekerheid

KORRELASIES TUSSEN SKAAL (MM/MM) EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANSWELIKES



5.4.2 Engelssprekende seuns en meisies

Inspeksie van tabel 5.4 bring aan die lig dat daar 'n aantal tydbenutting- en biografiese veranderlikes is wat 'n betekenisvolle verband toon met die tellings van die Engelssprekende seuns en meisies in die skaal Werkmetodes van die OSGH. Beide die seuns en meisies wat hoë tellings behaal het neig om beter op skool te presteer, na hoër akademiese doelstellings te aspireer en om meer tyd aan lees te spandeer as die seuns en meisies wat lae tellings in die betrokke skaal behaal het.

Alhoewel die korrelasies nie betekenisvol is nie blyk uit tabel 5.4 en grafiek 5.2 dat sowel die Engelssprekende seuns en meisies wat oor goeie werkmetodes beskik, ten opsigte van die getal standerds herhaal, gesondheidstoestand, tyd aan huiswerk gedurende die week asook die beroep van gesinshoof, dieselfde tendens as die Afrikaanssprekende leerlinge openbaar.

Die Engelssprekende meisies wat gebruik maak van doeltreffende studiemetodes en metodies te werk gaan toon, in teenstelling met die Engelssprekende seuns, 'n betekenisvolle verband met die tyd wat hul aan kulturele aktiwiteite asook aan sport bestee. Verder dui die negatiewe verband wat bevind is tussen dié dogters se werkmetodes en weeklikste inryteaterbesoek daarop dat die leerlinge wat die massamedium besoek neig tot die gebruik van minder doeltreffende studiemetodes, asook om minder bekwaam te wees in die uitvoering van hul werkopdragte.

In hoofstuk 4 is bevind dat seuns en meisies 'n beduidende verskil toon op die 1% betekenispeil met betrekking tot die getal kere per week wat hulle die inryteaterbesoek (kyk tabel 4.25). Ongeveer 7,06 persent meer meisies as seuns besoek die inryteater een keer en meer per week. Die feit dat seuns, persentasiegewys, die inryteater minder as meisies besoek, kan moontlik verklaar waarom die negatiewe verband slegs by die meisies betekenisvol is.

5.5 DIE VERBAND TUSSEN DIE SKAAL "STUDIEGEWOONTES (SG/SH)" VAN DIE OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES

Aangesien die skaal Studiegewoontes die tellings van die twee primêre skale (VU/DA) en (WM/WH), wat reeds bespreek is, kombineer om 'n maatstaf vir akademiese gedrag daar te stel (kyk 3.3.1.4), word die betekenisvolle korrelasies van die Afrikaans- en Engelssprekende seuns en meisies vir die betrokke skaal slegs kortliks bespreek.

TABEL 5.5

TAAL : AFRIKAANS


KORRELASIES TUSSEN SKAAL (SG/SH) VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE
VERANDERLIKES

VERANDERLIKE	SKAAL (SG/SH)	
	SEUNS (N= 445)	MEISIES (N= 438)
BEROEP VAN GESINSHOOF	0,134 *	0,203 *
STUDIE-ASPIRASIE	0,205 *	0,210 *
IK	0,147 *	0,178 *
SKOOLPRESTASIE	0,329 *	0,302 *
KERE STANDERD HERHAAL	-0,122 **	-0,118 **
GESONDHEIDSTOESTAND	0,208 *	0,132 *
TYD BESTEE AAN HUISWERK (WEEKSDAE)	0,187 *	0,226 *
TYD BESTEE AAN HUISWERK (NAWEKE)	0,219 *	0,276 *
GETAL STOKPERDJIES	0,113 **	0,028
TYD BESTEE AAN STOKPERDJIES	0,007	0,107 **
OPSTAANTYD (WEEKSDAE)	-0,016	0,081
TYD BESTEE AAN SPORT	0,114 **	0,115 **
TYD BESTEE AAN KULTURELE AKTIWITEITE	0,101 **	0,073
GETAL KERE SAANS UITGAAN	-0,069	0,123 **
TYD BESTEE AAN LEES	0,195 *	0,089
BIOSKOOPBESOEK	-0,060	0,024
INRYTEATERBESOEK	0,084	-0,017
RADIO LUISTER (WEEKSDAE)	-0,103 **	-0,063

* is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid

** is betekenisvol op die 0,05 vlak van sekerheid

KORRELASIES TUSSEN SKAAL (SG/SH) EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES



5.5.1 Afrikaanssprekende seuns en meisies

Uit tabel 5.5 en grafiek 5.3 blyk dat die Afrikaanssprekende seuns en meisies wat oor goeie studiegewoontes beskik die volgende kenmerke toon: Die seuns en meisies skyn die intelligenter leerlinge te wees wat goed presteer op skool, hulle bestee voldoende tyd aan hul huiswerk gedurende die week en veral ook oor naweke, hul aspireer na hoër akademiese doelstellings, hul vertoon 'n negatiewe verband met druiping op skool, hul gesondheidstoestand is goed en hul gesinshoofde se beroepe neig om in die hoogste en middelste beroepstatuskategorieë te val.

Wat die geslagsgroepe betref word 'n betekenisvolle verband by die Afrikaanssprekende seuns aangetref tussen hul studiegewoontes en die getal stokperdjies wat hulle beoefen terwyl daar by die Afrikaanssprekende meisies in teenstelling hiermee, slegs 'n betekenisvolle verband aangetref word tussen hul studiegewoontes en die tyd wat aan stokperdjies bestee word. Wat die getal stokperdjies betref is reeds daarop gewys (kyk 5.4.1) dat daar 'n betekenisvolle verskil op die 0,01 vlak van sekerheid is tussen die getal stokperdjies wat deur seuns en meisies beoefen word.

'n Betekenisvolle verband tussen Studiegewoontes en die tyd wat die leerlinge aan sport bestee is bevind vir beide die Afrikaanssprekende seuns en meisies. Die leerlinge wat aan sport deelneem beskik dus normaalweg oor beter studiegewoontes as die wat nie deelneem nie.

Laasgenoemde verband tussen sportdeelname en goeie studiegewoontes strook met die bevinding van Strijdom (1970, p. 39) dat deelname aan sport verband hou met skoolprestasie en ook direk of indirek positief bydra tot beter skolastiese prestasie.

Tabel 5.5 toon verder 'n betekenisvolle positiewe verband tussen die tellings van die Afrikaanssprekende meisies in die skaal (SG) en die getal kere wat hulle toegelaat word om saans alleen uit te gaan vir ontspanning, vermaak en kuier. Dit blyk dus dat meisies met goeie studiegewoontes nie slegs toegelaat word om saans alleen uit te gaan nie, maar dat dit ook bevorderlik is vir hul studiegewoontes. Die afleiding, dat dié meisies metodies te werk gaan, hul tyd effektief benut en hul werk deeglik beplan, skyn hier geregverdig te wees.

TABEL 5.6

TAAL : ENGELS

KORRELASIES TUSSEN SKAAL (SG/SH) VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE
VERANDERLIKES

VERANDERLIKE	SKAAL (SG/SH)	
	SEUNS (N= 261)	MEISIES (N= 207)
BEROEP VAN GESINSHOOF	0,017	0,165**
STUDIE--ASPIRASIE	0,274*	0,272*
IK	0,044	0,024
SKOOLPRESTASIE	0,334*	0,275*
KERE STANDERD HERHAAL	-0,074	-0,131
GESONDHEIDSTOESTAND	0,044	0,118
TYD BESTEE AAN HUISWERK (WEEKSDAE)	0,177**	0,241*
TYD BESTEE AAN HUISWERK (NAWEKE)	0,065	0,286*
GETAL STOKPERDJIES	0,063	0,102
TYD BESTEE AAN STOKPERDJIES	0,129	0,082
OPSTAANTYD (WEEKSDAE)	-0,123	-0,092
TYD BESTEE AAN SPORT	-0,016	0,188*
TYD BESTEE AAN KULTURELE AKTIWITEITE	0,018	0,138**
GETAL KERE SAANS UITGAAN	0,025	-0,045
TYD BESTEE AAN LEES	0,171**	0,111
BIOSKOOPBESOEK	-0,045	-0,086
INRYTEATERBESOEK	-0,051	-0,172**
RADIO LUISTER (WEEKSDAE)	0,098	-0,003

* is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid

** is betekenisvol op die 0,05 vlak van sekerheid

'n Betekenisvolle positiewe verband is verder bevind tussen die tellings van die seuns met goeie studiegewoontes en die tyd wat deur hulle aan kulturele aktiwiteite en lees onderskeidelik bestee word. Deelname aan kulturele aktiwiteite en genoegsame tyd aan lees bestee is dus bevorderlik vir goeie studiegewoontes in die geval van die seuns. Soos reeds vermeld is daar ook vir die seuns 'n verband bevind tussen tyd bestee aan sport en goeie studiegewoontes.

Dit wil dus voorkom of die laasgenoemde bevinding ooreenstem met die bevinding van Ackermann (1973, p. 59) dat hoe groter die getal aktiwiteite soos sport, verenigings, ensovoorts, waaraan 'n leerling deelneem, hoe beter presteer hy op akademiese terrein.

Uit tabel 5.5 blyk verder dat daar 'n betekenisvolle negatiewe verband bevind is tussen die Afrikaanssprekende seuns se studiegewoontes en die tyd wat hulle gedurende die week aan radio luister bestee. Die verband dui daarop dat seuns wat baie tyd aan die massamedium bestee oor die algemeen oor swakker studiegewoontes beskik as seuns wat minder tyd daaraan bestee.

5.5.2 Engelssprekende seuns en meisies

Inspeksie van tabel 5.6 en grafiek 5.3 bring aan die lig dat die Engelssprekende seuns en meisies wat oor goeie studiegewoontes beskik neig om die volgende kenmerke te toon: Die seuns en meisies presteer goed op skool, hul aspireer in die algemeen na hoër akademiese doelstellings en hul bestee voldoende tyd aan hul huiswerk gedurende weekdae.

'n Betekenisvolle positiewe verband is verder bevind tussen die tellings van die Engelssprekende meisies met goeie studiegewoontes en die tyd wat deur hulle aan sport, kulturele aktiwiteite en huiswerk gedurende naweke onderskeidelik bestee word. Hierteenoor is daar vir die Engelssprekende seuns slegs 'n betekenisvolle verband bevind tussen goeie studiegewoontes en tyd wat aan lees bestee word. Genoegsame tyd aan lees bestee is dus, net soos in die geval van die Afrikaanssprekende seuns, bevorderlik vir goeie studiegewoontes van die Engelssprekende seuns.

TABEL 5.7

TAAL : AFRIKAANS


KORRELASIES TUSSEN SKAAL (OG/TA) VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE
VERANDERLIKES

VERANDERLIKE	SKAAL (OG/TA)	
	SEUNS (N= 445)	MEISIES (N= 438)
BEROEP VAN GESINSHOOF	0,151 *	0,234 *
STUDIE-ASPIRASIE	0,192 *	0,188 *
IK	0,133 **	0,145 *
SKOOLPRESTASIE	0,288 *	0,312 *
KERE STANDERD HERHAAL	-0,092	-0,104 **
GESONDHEIDSTOESTAND	0,120 **	0,147 *
TYD BESTEE AAN HUISWERK (WEEKSDAE)	0,062	0,156 *
TYD BESTEE AAN HUISWERK (NAWEKE)	0,129 *	0,177 *
GETAL STOKPERDJIES	0,004	-0,092
TYD BESTEE AAN STOKPERDJIES	-0,026	0,051
OPSTAANTYD (WEEKSDAE)	-0,025	0,001
TYD BESTEE AAN SPORT	0,029	0,038
TYD BESTEE AAN KULTURELE AKTIWITEITE	0,037	0,079
GETAL KERE SAANS UITGAAN	-0,057	0,010
TYD BESTEE AAN LEES	0,144 *	0,124 **
BOSKOOPBESOEK	-0,007	-0,093
INRYTEATERBESOEK	0,083	-0,065
RADIO LUISTER (WEEKSDAE)	-0,124 **	-0,060

* is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid

** is betekenisvol op die 0,05 vlak van sekerheid

KORRELASIES TUSSEN SKAAL (OG/TA) EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VARIABELIES



'n Betekenisvolle negatiewe verband is bevind tussen die Engelssprekende meisies se studiegewoontes en weeklikse inryteaterbesoek. Engelssprekende meisies met goeie studiegewoontes neig dus om die inryteater minder kere per week te besoek as dié meisies met swakker studiegewoontes. Die negatiewe verband dui dus daarop dat die Engelssprekende meisies wat die betrokke massamedium besoek neig om oor minder bevorderlike studiegewoontes te beskik.

5.6 DIE VERBAND TUSSEN DIE SKAAL "ONDERWYSER-GOEDKEURING (OG/TA)" VAN DIE OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES

5.6.1 Afrikaanssprekende seuns en meisies

Tabel 5.7 toon die tydbenutting- en biografiese veranderlikes wat 'n betekenisvolle verband toon met die tellings van die leerlinge in die skaal Onderwyser-goedkeuring (OG/TA) van die OSGH. Uit die tabel blyk dat die Afrikaanssprekende seuns en meisies, wat hoë tellings in die skaal behaal het en dus 'n gunstige houding teenoor die onderwyser openbaar en die onderwyser se optrede in die klaskamer oor die algemeen goedkeur, neig om die volgende kenmerke te toon: Die seuns en meisies presteer goed op skool, hul aspireer na hoër akademiese doelstellings, hul gesinshoofde se beroepe neig om volgens die indeling van Strijdom (1971), in die hoogste en middelste beroepstatuskategorieë te val, hul gesondheidstoestand is goed en hulle bestee meer tyd aan lees asook aan hul huiswerk gedurende naweke as die seuns en meisies wat lae tellings in die betrokke skaal behaal het. Volgens tabel 5.7 is 'n betekenisvolle negatiewe verband tussen tellings behaal in skaal (OG/TA) en die getal standerds herhaal, asook tyd bestee aan huiswerk gedurende die week, onderskeidelik, slegs bevind vir Afrikaanssprekende meisies. Inspeksie van grafiek 5.4 bring aan die lig dat, alhoewel daar vir die seuns geen soortgelyke betekenisvolle verbande bevind is nie, die Afrikaanssprekende seuns nogtans dieselfde tendens openbaar.

Die negatiewe verband wat bevind is tussen die Afrikaanssprekende seuns se tellings in die skaal (OG/TA) en radio luister gedurende weekdae dui daarop dat die seuns wat die massamedium gebruik neig om 'n minder gunstiger houding teenoor die onderwyser te openbaar en om die onderwyser se optrede in die klaskamer te bevraagteken.

TABEL 5.8

TAAL : ENGELS

KORRELASIES TUSSEN SKAAL (OG/TA) VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE
VERANDERLIKES

VERANDERLIKE	SKAAL (OG/TA)	
	SEUNS (N= 261)	MEISIES (N= 207)
BEROEP VAN GESINSHOOF	0,063	0,171 ^{**}
STUDIE-ASPIRASIE	0,180 [*]	0,219 [*]
IK	0,116	0,060
SKOOLPRESTASIE	0,208 [*]	0,198 [*]
KERE STANDERD HERHAAL	0,041	-0,047
GESONDHEIDSTOESTAND	0,001	0,093
TYD BESTEE AAN HUISWERK (WEEKSDAE)	0,118	0,150 ^{**}
TYD BESTEE AAN HUISWERK (NAWEKE)	0,088	0,156 ^{**}
GETAL STOKPERDJIES	-0,027	0,085
TYD BESTEE AAN STOKPERDJIES	0,005	-0,047
OPSTAANTYD (WEEKSDAE)	-0,139 ^{**}	-0,028
TYD BESTEE AAN SPORT	-0,123	0,077
TYD BESTEE AAN KULTURELE AKTIWITEITE	0,031	0,101
GETAL KERE SAANS UITGAAN	0,074	-0,028
TYD BESTEE AAN LEES	0,105	0,166 ^{**}
BIOSKOOPBESOEK	-0,112	-0,195 [*]
INRYTEATERBESOEK	-0,168 ^{**}	-0,172 ^{**}
RADIO LUISTER (WEEKSDAE)	-0,031	0,104

* is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid

** is betekenisvol op die 0,05 vlak van sekerheid

5.6.2 Engelssprekende seuns en meisies

Uit tabel 5.8 en grafiek 5.4 blyk dat daar 'n aantal tydbenutting- en biografiese veranderlikes is wat 'n betekenisvolle verband toon met tellings in die skaal Onderwyser-goedkeuring (OG/TA) van die OSGH. Die Engelssprekende seuns en meisies wat hoë tellings in die skaal behaal het neig om beter op skool te presteer, na hoër akademiese doelsettings te aspireer en die inryteater minder dikwels te besoek as die seuns en meisies wat lae tellings in die skaal behaal het.

Die negatiewe betekenisvolle verband wat bevind is tussen die Engelssprekende meisies se tellings in die skaal (OG/TA) en bioskoop- en inryteaterbesoek onderskeidelik, dui daarop dat die meisies wat die massamedia gereeld besoek lae tellings in die skaal behaal en neig om 'n minder gunstiger houding teenoor die onderwyser te openbaar en om die onderwyser se optrede in die klaskamer te bevraagteken. Wat die bioskoop- en inryteaterbesoek van die ondersoekgroep as geheel betref is daar reeds in hoofstuk 4 daarop gewys dat 48,66 persent van die leerlinge die bioskoop, en 34,16 persent van die leerlinge die inryteater, een keer en meer per week besoek (kyk tabelle 4.24 en 4.25).

Volgens tabel 5.8 is daar 'n negatiewe betekenisvolle verband bevind tussen die Engelssprekende seuns se tellings in die skaal (OG/TA) en hul opstaantyd in die oggend en inryteaterbesoek onderskeidelik. Engelssprekende seuns wat dus hoë tellings in die skaal behaal besoek die inryteater blykbaar minder kere per week en neig om soggens vroeër op te staan as die Engelssprekende seuns wat lae tellings behaal.

By die bespreking van die verband tussen die tellings behaal in die skaal (OG/TA) en die leerlinge se opstaantyd gedurende weksdae moet die bevinding van die huidige ondersoek, naamlik dat seuns en meisies 'n beduidende verskil toon op die 1% betekenispeil met betrekking tot hul opstaantye gedurende skooldae (kyk tabel 4.27), in gedagte gehou word. Soos aangetoon by die bespreking van tabel 4.27 staan 11,92 persent meer dogters as seuns soggens voor 6.30 vm. op. Die bevinding kan moontlik dien as verklaring waarom 'n soortgelyke betekenisvolle verband vir die Engelssprekende dogters nie bevind is nie.

TABEL 5.9

TAAL : AFRIKAANS


KORRELASIES TUSSEN SKAAL (AO/EA) VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE
VERANDERLIKES

VERANDERLIKE	SKAAL (AO/EA)	
	SEUNS (N= 445)	MEISIES (N=438)
BEROEP VAN GESINSHOOF	0,206 [*]	0,267 [*]
STUDIE-ASPIRASIE	0,312 [*]	0,337 [*]
IK	0,167 [*]	0,219 [*]
SKOOLPRESTASIE	0,384 [*]	0,376 [*]
KERE STANDARD HERHAAL	-0,174 [*]	-0,190 [*]
GESONDHEIDSTOESTAND	0,215 [*]	0,184 [*]
TYD BESTEE AAN HUISWERK (WEEKSDAE)	0,175 [*]	0,276 [*]
TYD BESTEE AAN HUISWERK (NAWEKE)	0,187 [*]	0,291 [*]
GETAL STOKPERDJIES	0,024	-0,011
TYD BESTEE AAN STOKPERDJIES	-0,025	0,083
OPSTAANTYD (WEEKSDAE)	-0,050	0,051
TYD BESTEE AAN SPORT	0,094	0,072
TYD BESTEE AAN KULTURELE AKTIWITEITE	0,072	0,073
GETAL KERE SAANS UITGAAN	-0,089	0,028
TYD BESTEE AAN LEES	0,223 [*]	0,135 [*]
BIOSKOOPBESOEK	-0,100 ^{**}	-0,059
INRYTEATERBESOEK	0,062	-0,108 ^{**}
RADIO LUISTER (WEEKSDAE)	-0,126 ^{**}	-0,139 [*]

* is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid

** is betekenisvol op die 0,05 vlak van sekerheid

KORRELASIES TUSSEN SKAAL (AD/EA) EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES



Die Engelssprekende dogters wat hoë tellings in die betrokke skaal behaal het bestee volgens tabel 5.8 meer tyd aan lees en aan huiswerk gedurende die week en oor naweke as die Engelssprekende dogters wat lae tellings behaal het. Alhoewel geen betekenisvolle verband vir Engelssprekende seuns bevind is ten opsigte van tyd bestee aan lees en huiswerk nie toon hul nogtans dieselfde neiging soos blyk uit grafiek 5.4.

5.7 DIE VERBAND TUSSEN DIE SKAAL "AANVAARDING VAN ONDERWYS (AO/EA)" VAN DIE OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES

5.7.1 Afrikaanssprekende seuns en meisies

Tabel 5.9 toon die veranderlikes wat verband hou met die tellings van die leerlinge in die skaal Aanvaarding van onderwys (AO/EA) van die OSGH. Volgens die korrelasies van tabel 5.9 blyk dat die Afrikaanssprekende seuns en meisies wat hoë tellings in dié skaal behaal het, en dus in 'n hoë mate opvoedkundige ideale, doelstellings, praktyke en vereistes aanvaar het, neig om die volgende kenmerke te toon: Die seuns en meisies blyk die intelligenter leerlinge te wees wat goed presteer op skool, hulle bestee voldoende tyd aan hul huiswerk gedurende die week en ook oor naweke, hul vertoon 'n negatiewe verband met druiping op skool, hul aspireer na hoër akademiese doelstellings, hul gesondheidstoestand is goed, hul gesinshoofde se beroepe neig om, volgens die indeling van Strijdom (1971), in die hoogste en middelste beroepstatuskategorieë te val en hulle bestee meer tyd aan lees as die Afrikaanssprekende seuns en meisies wat lae tellings in die skaal Aanvaarding van onderwys behaal het.

Die negatiewe verband wat bevind is tussen die Afrikaanssprekende seuns se tellings in die skaal en hul bioskoopbesoek asook die tyd bestee aan radio luister gedurende weksdae onderskeidelik, dui daarop dat seuns wat hoë tellings in die betrokke skaal van OSGH behaal minder tyd aan radio luister spandeer en die bioskoop minder kere per week besoek en dus, by implikasie, ook opvoedkundige doelstellings, praktyke en vereistes in 'n groter mate aanvaar as seuns met lae tellings in die skaal.

TABEL 5.10

TAAL : ENGELS

KORRELASIES TUSSEN SKAAL (AO/EA) VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE
VERANDERLIKES

VERANDERLIKE	SKAAL (AO/EA)	
	SEUNS (N= 261)	MEISIES (N= 207)
BEROEP VAN GESINSHOOF	0,053	0,236*
STUDIE-ASPIRASIE	0,333*	0,295*
IK	0,092	0,044
SKOOLPRESTASIE	0,378*	0,245*
KERE STANDARD HERHAAL	-0,074	-0,086
GESONDHEIDSTOESTAND	0,066	0,120
TYD BESTEE AAN HUISWERK (WEEKSDAE)	0,275*	0,259*
TYD BESTEE AAN HUISWERK (NAWEKE)	0,162**	0,236*
GETAL STOKPERDJIES	-0,051	0,097
TYD BESTEE AAN STOKPERDJIES	0,058	0,041
OPSTAANTYD (WEEKSDAE)	-0,164**	-0,079
TYD BESTEE AAN SPORT	-0,021	0,051
TYD BESTEE AAN KULTURELE AKTIWITEITE	0,061	0,121
GETAL KERE SAANS UITGAAN	0,055	-0,105
TYD BESTEE AAN LEES	0,176**	0,092
BIOSKOOPBESOEK	-0,173**	-0,211*
INRYTEATERBESOEK	-0,108	-0,237*
RADIO LUISTER (WEEKSDAE)	0,017	0,030

* is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid

** is betekenisvol op die 0,05 vlak van sekerheid

Die negatiewe verband wat bevind is tussen die Afrikaanssprekende meisies se telling in die skaal van die OSGH en die tyd wat hulle aan radio luister bestee gedurende die weekdae dui op dieselfde tendens as wat by die seuns bevind is. Soos blyk uit tabel 5.9 is die verband by die dogters egter sterker. Wat die tyd wat die leerlinge aan radio luister bestee betref is daar reeds in hoofstuk 4 gewys op die feit dat geslag die tyd wat aan radio luister bestee word betekenisvol beïnvloed op die 1%-betekenispeil (kyk tabel 4.23) en dat 9,67 persent meer meisies as seuns meer as drie uur per dag na die radio luister.

Die negatiewe betekenisvolle korrelasie ten opsigte van die Afrikaanssprekende meisies se inryteaterbesoek dui daarop dat meisies wat hoër tellings in die skaal behaal die massamedium minder besoek as meisies wat lae tellings behaal. Die korrelasie ten opsigte van die Afrikaanssprekende seuns se inryteaterbesoek is in teenstelling met dié van die meisies, positief maar nie betekenisvol nie. In hoofstuk vier is reeds daarop gewys dat daar 'n beduidende verskil op die 1%-betekenispeil gevind is tussen die inryteaterbesoek van seuns en meisies (kyk tabel 4.25) en daar is gewys op die feit dat 7,06 persent meer meisies as seuns die inryteater een keer en meer per week besoek. Genoemde bevindings kan moontlik verklaar waarom daar geen negatiewe verband vir die seuns bevind is ten opsigte van hul inryteaterbesoek nie.

5.7.2 Engelssprekende seuns en meisies

Tabel 5.10 toon die tydbenutting- en biografiese veranderlikes wat 'n betekenisvolle verband toon met die tellings van die Engelssprekende leerlinge in die skaal Aanvaarding van onderwys (AO/EA). Volgens tabel 5.10 blyk dat die Engelssprekende seuns en meisies wat hoër tellings in die skaal behaal het, en dus in 'n hoër mate opvoedkundige ideale, doelstellings, praktyke en vereistes aanvaar het, neig om die volgende kenmerke te toon: Die seuns en meisies presteer goed op skool, hul aspireer na hoër akademiese doelstellings en hulle bestee meer tyd aan hul huiswerk gedurende die week en oor naweke as die seuns en meisies wat lae tellings in die skaal van die OSGH behaal het.

Die negatiewe verband wat bevind is tussen die tellings in die betrokke skaal en bioskoopbesoek (by sowel die seuns as meisies) dui daarop dat die Engelssprekende seuns en meisies wat lae tellings behaal het die bioskoop weekliks meer dikwels besoek as die seuns en meisies met hoë tellings. Die seuns en meisies wat die betrokke massamedium meer dikwels besoek neig dus om in 'n mindere mate opvoedkundige ideale, doelstellings, praktyke en vereistes te aanvaar.

Die negatiewe korrelasie ten opsigte van die Engelssprekende seuns se opstaantyd suggens dui daarop dat seuns wat hoë tellings in die skaal behaal neig om soggens vroeër op te staan as die seuns wat lae tellings behaal. Wat dié verskil betref word daar verwys na die bespreking van die geslagsverskille ten opsigte van die opstaantye soos uiteengesit by punt 5.6.2.

'n Betekenisvolle positiewe verband is verder bevind tussen die Engelssprekende seuns se telling in die skaal (AO/EA) en die tyd wat weekliks aan lees bestee word. Seuns wat 'n hoë telling in die skaal behaal het bestee oor die algemeen dus meer tyd per week aan lees as dié wat lae tellings behaal het.

Die negatiewe betekenisvolle korrelasie ten opsigte van die Engelssprekende meisies se inryteaterbesoek bevestig dieselfde tendens wat by die voorafgaande bespreking van die Afrikaanssprekende meisies bevind is.

5.8 DIE VERBAND TUSSEN DIE SKAAL "STUDIEHOUDINGS (SH/SA)" VAN DIE OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES

Aangesien die skaal Studiehoudings die tellings van die twee primêre skale (OG/TA) en (AO/EA), wat reeds bespreek is, kombineer om 'n maatstaf van die leerlinge se vertroue in skolastiese doelwitte te verskaf (kyk 3.3.1.4), word die betekenisvolle korrelasies van die Afrikaans- en Engelssprekende seuns en meisies vir die betrokke skaal slegs kortliks bespreek.

TABEL 5.11

TAAL : AFRIKAANS

KORRELASIES TUSSEN SKAAL (SH/SA) VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE
VERANDERLIKES


VERANDERLIKE	SKAAL (SH/SA)	
	SEUNS (N= 445)	MEISIES (N= 438)
BEROEP VAN GESINSHOOF	0,189*	0,265*
STUDIE-ASPIRASIE	0,263*	0,272*
IK	0,148*	0,193*
SKOOLPRESTASIE	0,353*	0,366*
KERE STANDERD HERHAAL	-0,137*	-0,158*
GESONDHEIDSTGESTAND	0,176*	0,181*
TYD BESTEE AAN HUISWERK (WEEKSDAE)	0,124**	0,223*
TYD BESTEE AAN HUISWERK (NAWEKE)	0,168*	0,246*
GETAL STOKPERDJIES	0,015	-0,061
TYD BESTEE AAN STOKPERDJIES	-0,025	0,073
OPSTAANTYD (WEEKSDAE)	-0,040	0,026
TYD BESTEE AAN SPORT	0,063	0,056
TYD BESTEE AAN KULTURELE AKTIWITEITE	0,060	0,083
GETAL KERE SAANS UITGAAN	-0,079	0,021
TYD BESTEE AAN LEES	0,194*	0,140*
BIOSKOOPBESOEK	-0,056	-0,082
INRYTEATERBESOEK	0,077	-0,085
RADIO LUISTER (WEEKSDAE)	-0,132*	-0,100**

* is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid

** is betekenisvol op die 0,05 vlak van sekerheid

GRAFIEK 5.0

KORRELASIES TUSSEN SKAAL (SH/SA) EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE AFHANDELIKES



TABEL 5.12

TAAL : ENGELS

KORRELASIES TUSSEN SKAAL (SH/SA) VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE
VERANDERLIKES

VERANDERLIKE	SKAAL (SH/SA)	
	SEUNS (N= 261)	MEISJES (N= 207)
BEROEP VAN GESINSHOOF	0,060	0,213*
STUDIE-ASPIRASIE	0,277*	0,273*
IK	0,108	0,058
SKOOLPRESTASIE	0,318*	0,235*
KERE STANDERD HERHAAL	-0,017	-0,078
GESONDHEIDSTOESTAND	0,035	0,115
TYD BESTEE AAN HUISWERK (WEEKSDAE)	0,208*	0,215*
TYD BESTEE AAN HUISWERK (NAWEKE)	0,132	0,208*
GETAL STOKPERDJIES	-0,039	0,097
TYD BESTEE AAN STOKPERDJIES	0,033	-0,006
OPSTAANTYD (WEEKSDAE)	-0,166**	-0,058
TYD BESTEE AAN SPORT	-0,076	0,071
TYD BESTEE AAN KULTURELE AKTIWITEITE	0,047	0,121
GETAL KERE SAANS UITGAAN	0,069	-0,070
TYD BESTEE AAN LEES	0,152**	0,144**
BIOSKOOPBESOEK	-0,149**	-0,214*
INRYTEATERBESOEK	-0,150**	-0,219*
RADIO LUISTER (WEEKSDAE)	-0,004	0,077

* is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid

** is betekenisvol op die 0,05 vlak van sekerheid

5.8.1 Afrikaanssprekende seuns en meisies

Tabel 5.11 toon die tydbenutting en biografiese veranderlikes wat 'n betekenisvolle verband toon met die tellings van die Afrikaanssprekende seuns en meisies in die skaal Studiehoudings (SH/SA) van die OSGH.

Uit die tabel blyk dat die Afrikaanssprekende seuns en meisies, wat hoë tellings in die skaal behaal het en dus vertrou het in skolastiese doelwitte, die volgende kenmerke toon: Die seuns en meisies neig om beter op skool te presteer, die meer intelligenter leerling te wees, na hoër akademiese doelstellings te aspireer, minder gesondheidsprobleme te ondervind, meer tyd aan huiswerk gedurende die week asook oor naweke te spandeer, hul het minder standers op skool herhaal, hulle bestee meer tyd aan lees en hul luister minder na die radio as die seuns en meisies wat lae tellings in die skaal behaal het.

Wat die beroep van hul gesinshoofde betref blyk dat die seuns en meisies met hoë tellings in die skaal(SH/SA)se gesinshoofde se beroepe neig om, volgens die indeling van Strijdom (1971), in die hoogste en middelste beroepstatuskategorieë te val.

Wat die studiehouding van die Afrikaanssprekende seuns en meisies betref is dit belangrik om daarop te let dat feitlik al die betekenisvolle verbande wat bevind is, betekenisvol is op die 0,01 vlak van sekerheid. Slegs die verband tussen die Afrikaanssprekende seuns se studiehouding en tyd wat gedurende die week aan huiswerk bestee word en die verband tussen die Afrikaanssprekende meisies se studiehouding en die tyd wat hulle gedurende die week aan radio luister bestee, is betekenisvol op die 0,05 vlak van sekerheid.

5.8.2 Engelssprekende seuns en meisies

Uit tabel 5.12 blyk dat die Engelssprekende seuns en meisies wat vertrou het in skolastiese doelstellings en dus hoë tellings in die skaal Studiehoudings behaal het die volgende kenmerke toon: Die seuns en meisies neig om beter op skool te presteer, na hoër akademiese doelstelling te aspireer, meer tyd aan lees, asook hul huiswerk gedurende weekdae te bestee en om beide die bioskoop en inryteater minder kere per week te besoek as die Engelssprekende seuns en meisies wat lae tellings in die skaal Studiehoudings behaal het.

TABEL 5.13

TAAL : AFRIKAANS

KORRELASIES TUSSEN SKAAL (SO) VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE
VERANDERLIKES


VERANDERLIKE	SKAAL (SO)	
	SEUNS (N= 445)	MEISIES (N= 438)
BEROEP VAN GESINSHOOF	0,173 *	0,253 *
STUDIE-ASPIRASIE	0,254 *	0,265 *
IK	0,157 *	0,200 *
SKOOLPRESTASIE	0,367 *	0,362 *
KERE STANDARD HERHAAL	-0,142 *	-0,153 *
GESONDHEIDSTOESTAND	0,205 *	0,170 *
TYD BESTEE AAN HUISWERK (WEEKSDAE)	0,168 *	0,245 *
TYD BESTEE AAN HUISWERK (NAWEKE)	0,208 *	0,282 *
GETAL STOKPERDJIES	0,068	-0,020
TYD BESTEE AAN STOKPERDJIES	-0,013	0,099 **
OPSTAANTYD (WEEKSDAE)	-0,032	0,057
TYD BESTEE AAN SPORT	0,093	0,091
TYD BESTEE AAN KULTURELE AKTIWITEITE	0,086	0,081
GETAL KERE SAANS UITGAAN	-0,075	0,072
TYD BESTEE AAN LEES	0,209 *	0,128 *
BOSKOOPBESOEK	-0,058	-0,028
INRYTEATERBESOEK	0,085	-0,058
RADIO LUISTER (WEEKSDAE)	-0,129 *	-0,088

* is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid

** is betekenisvol op die 0,05 vlak van sekerheid

GRAFIK 5.7

KORRELASIEFS TUSSEN SKAAL (SO) EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKS



Die negatiewe betekenisvolle verband wat bevind is tussen die Engels-sprekende seuns se tellings in die betrokke skaal en hul opstaantyd gedurende die week dui daarop dat die seuns wat lae tellings behaal het, soggens laat opstaan en minder vertrouwe het in skoolastiese doelsettings as die seuns wat hoër tellings behaal het en soggens vroeër opstaan. Soos reeds in hoofstuk 4 aangedui, toon seuns en meisies 'n verskil op die 1% betekenispeil met betrekking tot hul opstaantye gedurende skooldae (kyk tabel 4.27). Volgens laasgenoemde tabel staan 47,82 persent van die ondersoekgroep, as 'n geheel, soggens voor 6.30 vm. op terwyl 11,92 persent meer dogters as seuns soggens voor 6.30 vm. opstaan. Genoemde bevindinge kan moontlik verklaar waarom daar slegs vir die seuns 'n negatiewe betekenisvolle verband tussen studiehouding en opstaantyd bevind is.

Alhoewel daar slegs vir dogters 'n betekenisvolle verband bevind is tussen hul tellings behaal in die skaal Studiehoudings en tyd bestee aan huiswerk gedurende naweke, blyk dit dat die seuns volgens grafiek 5.6 dieselfde neiging toon.

5.9 DIE VERBAND TUSSEN DIE SKAAL "STUDIE-ORIËNTASIE (SO)" VAN DIE OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES

Die sekondêre skaal Studie-oriëntasie is 'n samevatting van die vier primêre en twee sekondêre skale wat reeds bespreek is en verskaf 'n gesamentlike maatstaf van die leerlinge se studiegewoontes en -houdings (kyk 3.3.1.4). Tabelle 5.13 en 5.14 toon die korrelasies vir die betrokke skaal en die twee taalgroepe onderskeidelik.

5.9.1 Afrikaanssprekende seuns en meisies

Volgens tabel 5.13 blyk dat die Afrikaanssprekende seuns en meisies wat oor goeie studiegewoontes en -houdings beskik die volgende kenmerke toon: Die seuns en meisies skyn die intelligenter leerlinge te wees wat neig om beter op skool te presteer, na hoër akademiese doelsettings te aspireer, meer tyd aan hul huiswerk oor naweke en gedurende die week te bestee, minder standerds op skool herhaal het, minder gesondheidsprobleme ondervind en meer tyd aan lees spandeer as die leerlinge wat lae tellings behaal het en dus oor swak studiegewoontes en -houdings beskik.

TABEL 5.14

TAAL : ENGELS

KORRELASIES TUSSEN SKAAL (SO) VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE
VERANDERLIKES

VERANDERLIKE	SKAAL (SO)	
	SEUNS (N= 261)	MEISIES (N= 207)
BEROEP VAN GESINSHOOF	0,041	0,205*
STUDIE-ASPIRASIE	0,301*	0,296*
IK	0,079	0,047
SKOOLPRESTASIE	0,356*	0,272*
KERE STANDERD HERHAAL	-0,048	-0,114
GESONDHEIDSTOESTAND	0,044	0,127
TYD BESTEE AAN HUISWERK (WEEKSDAE)	0,221*	0,246*
TYD BESTEE AAN HUISWERK (NAWEKE)	0,117	0,263*
GETAL STOKPERDJIES	0,009	0,107
TYD BESTEE AAN STOKPERDJIES	0,082	0,040
OPSTAANTYD (WEEKSDAE)	-0,161**	-0,076
TYD BESTEE AAN SPORT	-0,050	0,134
TYD BESTEE AAN KULTURELE AKTIWITEITE	0,035	0,141**
GETAL KERE SAANS UITGAAN	0,049	-0,064
TYD BESTEE AAN LEES	0,173**	0,133
BIOSKOOPBESOEK	-0,108	-0,169**
INRYTEATERBESOEK	-0,107	-0,212*
RADIO LUISTER (WEEKSDAE)	0,044	0,042

* is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid

** is betekenisvol op die 0,05 vlak van sekerheid

Die negatiewe betekenisvolle verband wat bevind is tussen die tellings van die Afrikaanssprekende seuns in die skaal(SO)en die tyd wat hulle bestee aan radio luister dui daarop dat die seuns wat baie tyd aan die massamedium bestee neig om oor swak studiegewoontes en -houdings te beskik. Alhoewel die korrelasie vir die meisies nie betekenisvol is nie blyk uit grafiek 5.7 dat hulle dieselfde tendens toon.

Tabel 5.13 toon verder 'n betekenisvolle verband vir die Afrikaanssprekende meisies tussen die tellings behaal in die skaal Studie-oriëntasie en die tyd wat hulle aan die beoefening van stokperdjies bestee. By die bespreking van die seuns en meisies se studiegewoontes (kyk punt 5.5) is daar reeds gewys op die skynbaar teenstellende verband by die twee geslagsgroepe ten opsigte van die getal stokperdjies en die tyd wat bestee word aan die beoefening van stokperdjies. Die verband wat by die meisies bevind is dui egter daarop dat meisies wat oor goeie studiegewoontes en -houdings beskik meer tyd aan die beoefening van stokperdjies bestee as dogters wat oor swak studiegewoontes en -houdings beskik. Die bevinding kan moontlik ooreenstemming toon met die uitspraak van Ackerman (1973, p. 59) dat hoe groter die getal aktiwiteite soos sport, verenigings, ensovoorts, waaraan 'n leerling deelneem, hoe beter is sy prestasie op akademiese terrein. Volgens grafiek 5.7 blyk dit egter dat sowel seuns as dogters ten opsigte van beide die veranderlikes 'n soortgelyke neiging toon.

5.9.2 Engelssprekende seuns en meisies

Uit tabel 5.14 blyk dat die Engelssprekende seuns en meisies wat hoë tellings in die skaal Studie-oriëntasie behaal het en dus oor goeie studiegewoontes en -houdings beskik die volgens kenmerke toon: Die Engelssprekende seuns en meisies neig om beter op skool te presteer, na hoër akademiese doelstelling te aspireer en om meer tyd aan hul huiswerk gedurende weekdae te bestee as die seuns en meisies wat oor swak studiegewoontes en -houdings beskik.

Die Engelssprekende meisies met goeie studiegewoontes en -houdings bestee volgens tabel 5.14 ook meer tyd gedurende naweke aan huiswerk as die meisies met swak studiegewoontes en -houdings. 'n Soortgelyke verband vir die seuns is nie bevind nie. 'n Betekenisvolle verband is egter vir die Engelssprekende seuns bevind tussen hul tellings en die skaal Studie-oriëntasie en tyd bestee aan lees. Seuns met goeie studiegewoontes en -houdings bestee dus meer tyd per week aan lees as seuns met swak studiegewoontes en -houdings. Alhoewel 'n soortgelyke positiewe verband vir meisies ten opsigte van tyd aan lees bestee nie bevind is nie toon hul nogtans dieselfde neiging soos blyk uit grafiek 5.7.

Die betekenisvolle positiewe verband wat vir Engelssprekende meisies bevind is tussen hul tellings behaal in die skaal(SO) en die tyd wat hulle aan kulturele aktiwiteite bestee, dui daarop dat meisies met goeie studiegewoontes en -houdings meer tyd aan kulturele aktiwiteite bestee as die Engelssprekende meisies met swak studiegewoontes en -houdings. In hoofstuk 4 is daar reeds aangetoon dat seuns en dogters 'n betekenisvolle verskil toon op die 1% betekenispeil ten opsigte van die tyd wat hulle aan kulturele aktiwiteite bestee (kyk tabel 4.20), en daar is gewys op die bevinding dat 11,33 persent meer meisies as seuns drie uur en meer per week aan kulturele aktiwiteite bestee. Genoemde bevindinge kan moontlik dien as verklaring vir die feit dat daar slegs vir die meisies 'n verband bevind is.

Die negatiewe verband wat bevind is tussen die Engelssprekende meisies se studiegewoontes en hul bioskoop- en inryteaterbesoek onderskeidelik, dui daarop dat die meisies wat die betrokke massamedia gereeld besoek neig om oor swakker studiegewoontes en -houdings te beskik.

Volgens tabel 5.14 is daar 'n betekenisvolle negatiewe verband bevind tussen die Engelssprekende seuns se tellings in die skaal(SO) en hul opstaantyd gedurende die week. Die verband dui daarop dat die Engelssprekende seuns wat lae tellings behaal het in die skaal soggens later opstaan as die seuns met goeie studiegewoontes en -houdings. Die bevindinge van hoofstuk 4 in hierdie verband is reeds by 5.8.2 bespreek en moet ook hier in gedagte gehou word.

Die verband tussen die Engelssprekende seuns en meisies se tellings in die skale van die OSGH en die beroep van hul gesinshoofde is nie toegelig in die voorafgaande besprekings nie, omdat daar slegs vir meisies by elke skaal van die OSGH 'n betekenisvolle verband bevind is. Daar is gevolglik besluit om die betrokke verband slegs by die skaal Studie-oriëntasie te bespreek aangesien dié skaal 'n samevatting is van die vier primêre en twee sekondêre skale wat reeds bespreek is en ook 'n gesamentlike maatstaf verskaf van die leerlinge se studiegewoontes en -houdings.

Die betekenisvolle verband wat bevind is tussen die Engelssprekende meisies se tellings in al sewe die skale en die beroep van hul gesinshoofde dui daarop dat meisies wat hoë tellings in die onderskeie skale behaal het se gesinshoofde se beroepe neig om, volgens die indeling van Strijdom (1971), in die hoogste en middelste beroepstatuskategorieë te val.

5.10 SAMEVATTING

In hoofstuk 5 is die bevindinge van die ondersoek aangebied en bespreek. 'n Kort aanduiding is eerstens gegee van hoe die produkmomentkorrelasiekoëffisiënte bereken is en waarom die verband van die gegewens getoets is vir reglynigheid deur die berekening van die korrelasieratio, η . Die verband tussen die sewe skale van die OSGH en die tydbenutting- en biografiese veranderlikes is daarna aan die hand van die tabelle en grafieke vir elke afsonderlike skaal en die twee betrokke taalgroepe onderskeidelik bespreek. Slegs die korrelasies wat betekenisvol is op sowel die 0,01 as die 0,05 vlak van sekerheid is gebruik by die bespreking van die verband. Die korrelasies wat nie betekenisvol is nie is egter ook in die tabelle aangedui.

Met die oog op gemaklike vergelykings en ter samevatting word 'n samevattende tabel van elk van die taal- en geslagsgroepe se korrelasies in al sewe die skale van die OSGH in hoofstuk 6 gegee.

6.1 INLEIDING

Uit 'n oorsig van die literatuur blyk dat daar reeds verskeie ondersoek gedoen is oor die verband tussen studiegewoontes en -houdings en akademiese prestasie, biografiese veranderlikes en akademiese prestasie, asook oor die vryetydsbesteding van skoliere en studente. Dit blyk verder dat die vraagstuk van watter tydbenuttingspatrone en biografiese veranderlikes verband hou met studiegewoontes en -houdings van standaard agt-leerlinge egter nog nie ondersoek is nie.

In hoofstuk 1 is verder aangetoon dat die daarstelling van die televisienetwerk in Suid-Afrika die navorsing oor die studiegewoontes en -houdings en tydbenutting van die skoolgaande jeug kompliseer, en die noodsaaklikheid van ondersoek wat kan dien as voor-blootstellingsbasis vir latere vergelykingsdoeleindes, met die oog op kort- middel- en langtermyn navorsing, beklemtoon.

Die huidige ondersoek na die verband tussen die studiegewoontes en -houdings en enkele tydbenuttingspatrone van standaard agt-leerlinge vorm deel van 'n groter projek wat deur die RGN onderneem word met die doel om mettertyd die invloed van televisie in Suid-Afrika te bepaal. Die gegewens wat in die huidige ondersoek gebruik word is in 1974, dus voor die koms van televisie, ingesamel. Die gegewens kan dus gebruik word as basis vir latere vergelykingsdoeleindes in televisienavorsing.

Hierdie laaste hoofstuk sal eerstens gewy word aan 'n samevatting van die huidige ondersoek. Samevattende tabelle sal verder gebruik word om die bevindinge van die ondersoek toe te lig, waarna die implikasies van die ondersoek vir die voorligter en onderwyser kortliks bespreek sal word. Ten slotte sal enkele aanbevelings gemaak word.

6.2 DOEL MET DIE ONDERSOEK

Die doel met die ondersoek was om

- (a) enkele tydbenuttingspatrone van standaard agt-leerlinge vas te stel;
- (b) die verband tussen studiegewoontes en -houdings en sekere tydbenuttingspatrone van die leerlinge te ondersoek en om
- (c) vas te stel of sommige biografiese faktore die studiegewoontes en -houdings van leerlinge in standaard agt beïnvloed.

6.3 METODE VAN ONDERSOEK

6.3.1 Die steekproef

'n Gestratifiseerde ewekansige steekproef is op 'n nasionale grondslag getrek uit die bevolking van blanke skoolgaande leerlinge in die provinsiale skole

van die vier provinsies in die RSA. Die steekproef is volgens provinsie, stedelik- nie-stedelike gebiede en taalmedium gestratifiseer. 'n Totaal van 1 381 standaard agt-leerlinge uit 40 sekondêre skole is in die steekproef ingesluit.

6.3.2 Meetinstrumente

Vir die doel van die ondersoek is die vraelys, Die Opname van Studiegewoontes en -houdings Vorm H, gebruik asook die Biografiese Vraelys en Tydbenuttingsvraelys wat deur die Instituut vir Kommunikasie-navorsing van die RGN saamgestel is.

6.3.3 Statistiese tegnieke

Korrelasies tussen die verskillende skale van die OSGH en die tydbenutting- en biografiese veranderlikes is bepaal deur die berekening van Bravais-Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt. Die gegewens is getoets vir reglynigheid deur berekening van die Korrelasieverhouding, η (η).

Die Chi-kwadraattoets is in hoofstuk 4 gebruik om die beduidenheid van verskille tussen die geslagsgroepe te bepaal.

6.4 BEVINDINGE

6.4.1 Biografiese en agtergrondgegewens

Betekenisvolle korrelasies is bevind tussen die OSGH-tellings en 6 van die 13 agtergrondveranderlikes wat in die ondersoek gebruik is. 'n Kort samevatting van die bevindinge ten opsigte van die taal- en geslagsgroepe word vervolgens weergegee.

6.4.1a. Afrikaanssprekende seuns en meisies. (Kyk tabelle 6.1 en 6.2.)

1. Beroep van gesinshoof

'n Betekenisvolle verband tussen die beroep van die gesinshoof en tellings behaal in al 7 die skale van die OSGH is vir beide die Afrikaanssprekende seuns en meisies bevind. Al die korrelasies, met die uitsondering van die vir skaal (WU/DA) in die geval van seuns, is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid. Soos reeds vermeld neig die beroepe van die gesinshoofde, van die leerlinge wat hoër tellings in die verskillende skale behaal het, om in die hoogste en middelste beroepstatuskategorieë te val. Die beroep van die gesinshoof is dus 'n beduidende veranderlike vir goeie studiegewoontes en -houdings.

TABEL 6.1

TAAL: Afrikaans

GESLAG: Manlik

KORRELASIES TUSSEN DIE SEWE SKALE VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE
VERANDERLIKES (N = 445)

VERANDERLIKES	OSGH - SKALE						
	VU	WM	OG	AO	SG	SH	SO
BEROEP VAN GESINSHOOF	0,100**	0,150*	0,151*	0,206*	0,134*	0,189*	0,173*
STUDIE-ASPIRASIE	0,199*	0,187*	0,192*	0,312*	0,205*	0,263*	0,254*
IK	0,097	0,170*	0,113**	0,167*	0,147*	0,148*	0,157*
SKOOLPRESTASIE	0,306*	0,310*	0,288*	0,384*	0,329*	0,353*	0,367*
KERE STANDERDS HERHAAL	-0,120**	-0,109**	-0,092	-0,174*	-0,122**	-0,137*	-0,142*
GESONDHEIDSTOESTAND	0,171*	0,223*	0,120**	0,215*	0,208*	0,176*	0,205*
TYD BESTEE AAN HUISWERK (WEEKSDAE)	0,239*	0,111**	0,062	0,175*	0,187*	0,124**	0,168*
TYD BESTEE AAN HUISWERK (NAWEKE)	0,237*	0,169*	0,129*	0,187*	0,219*	0,168*	0,208*
GETAL STOKPERDJIES	0,062	0,139*	0,004	0,024	0,113**	0,015	0,068
TYD BESTEE AAN STOKPERDJIES	-0,012	0,025	-0,026	-0,025	0,007	-0,025	-0,013
OPSTAANTYD (WEEKSDAE)	-0,043	0,009	-0,025	-0,050	-0,016	-0,040	-0,032
TYD BESTEE AAN SPORT	0,089	0,126**	0,029	0,094	0,114**	0,063	0,093
TYD BESTEE AAN KULTURELE AKTIWITEITE	0,092	0,089	0,037	0,072	0,101**	0,060	0,086
GETAL KERE SAANS UITGAAN ...	-0,094	-0,037	-0,057	-0,089	-0,069	-0,079	-0,075
TYD BESTEE AAN LEES	0,151*	0,215*	0,144*	0,223*	0,195*	0,194*	0,209*
BIOSKOOPBESOEK	-0,078	-0,031	-0,007	-0,100**	-0,060	-0,056	-0,058
INRYTEATERBESOEK	0,060	0,087	0,083	0,062	0,084	0,077	0,085
RADIO LUISTER (WEEKSDAE) ...	-0,126**	-0,070	-0,124**	-0,126**	-0,103**	-0,132*	-0,129*

* is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid

** is betekenisvol op die 0,05 vlak van sekerheid

TABEL 6.2

TAAL: Afrikaans

GESLAG: Vroulik

KORRELASIES TUSSEN DIE SEWE SKALE VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE
VERANDERLIKES (N = 438)

VERANDERLIKES	OSGH - SKALE						
	VU	WM	OG	AO	SG	SH	SO
BEROEP VAN GESINSHOOF	0,180*	0,193*	0,234*	0,267*	0,203*	0,265*	0,253*
STUDIE-ASPIRASIE	0,182*	0,202*	0,188*	0,337*	0,210*	0,272*	0,265*
IK	0,098	0,226*	0,145*	0,219*	0,178*	0,193*	0,200*
SKOOLPRESTASIE	0,260*	0,296*	0,312*	0,376*	0,302*	0,366*	0,362*
KERE STANDERDS HERHAAL	-0,075	-0,145*	-0,104**	-0,190*	-0,118**	-0,158*	-0,153*
GESONDHEIDSTOESTAND	0,107**	0,134*	0,147*	0,184*	0,132*	0,181*	0,170*
TYD BESTEE AAN HUISWERK (WEEKSDAE)	0,278*	0,137*	0,156*	0,276*	0,226*	0,223*	0,245*
TYD BESTEE AAN HUISWERK (NAWEKE)	0,319*	0,191*	0,177*	0,291*	0,276*	0,246*	0,282*
GETAL STOKPERDJIES	0,029	0,027	-0,092	-0,011	0,028	-0,061	-0,020
TYD BESTEE AAN STOKPERDJIES	0,088	0,115**	0,051	0,083	0,107**	0,073	0,099**
OPSTAANDTYD (WEEKSDAE)	0,024	0,127**	0,001	0,051	0,081	0,026	0,057
TYD BESTEE AAN SPORT	0,061	0,156*	0,038	0,072	0,115**	0,056	0,091
TYD BESTEE AAN KULTURELE AKTIWITEITE	0,074	0,066	0,079	0,073	0,073	0,083	0,081
GETAL KERE SAANS UITGAAN ...	0,061	0,164*	0,010	0,028	0,123**	0,021	0,072
TYD BESTEE AAN LEES	0,011	0,160*	0,124**	0,135*	0,089	0,140*	0,128*
BIOSKOOPBESOEK	-0,014	0,069	-0,093	-0,059	0,024	-0,082	-0,028
INRYTEATERBESOEK	-0,046	0,018	-0,065	-0,108**	-0,017	-0,085	-0,058
RADIO LUISTER (WEEKSDAE) ...	-0,117**	0,010	-0,060	-0,139*	-0,063	-0,100**	-0,088

* is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid

** is betekenisvol op die 0,05 vlak van sekerheid

2. Studie-aspirasie

Tabelle 6.1 en 6.2 bring aan die lig dat daar 'n beduidende verband tussen die seuns en meisies se studie-aspirasie en al 7 die skale van die OSGH bestaan. Al die korrelasies is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekereheid. Die strewe na hoër opvoedkundige doelstellings is dus bevorderlik vir seuns en meisies se studiegewoontes en -houdings.

3. Intelligensie

'n Beduidende verband is bevind tussen die Afrikaanssprekende seuns en meisies se intelligensie (totaaltelling in die NSAG) en 6 van die skale van die OSGH. Slegs in die geval van die primêre skaal Vermyding van uitstel (VU/DA) is geen betekenisvolle verband vir sowel seuns as meisies bevind nie.

4. Skoolprestasie

Wat die biografiese en agtergrondgegevens betref is die hoogste verband bevind tussen skoolprestasie en die Afrikaanssprekende seuns en meisies se studiegewoontes en -houdings. In al 7 die skale van die OSGH is daar vir sowel die seuns as dogters korrelasies bevind wat beduidend is op die 0,01 vlak van sekereheid. Dit blyk dus dat die OSGH 'n goeie voorspeller van skoolprestasie is. Die bevinding is in ooreenstemming met die bevindinge van Blumberg (1969) en Du Toit (1970). Wat die skoolprestasie van die ondergroep betref moet die bevinding van die huidige ondersoek, dat daar 'n betekenisvolle verskil is tussen die skoolprestasie van seuns en meisies (kyk tabel 4.12), hier in gedagte gehou word.

5. Kere standaard herhaal

'n Betekenisvolle negatiewe verband is vir beide die Afrikaanssprekende seuns en meisies bevind tussen hul studiegewoontes en -houdings en druiping op skool. Soos blyk uit tabelle 6.1 en 6.2 is die korrelasies vir sowel die seuns as meisies betekenisvol op die 0,01 vlak van sekereheid in die skale Aanvaarding van onderwys (AO/EA), Studiehoudings (SH/SA) en Studie-oriëntasie (SO). 'n Betekenisvolle korrelasie op die 0,01 vlak van sekereheid is verder ook bevind vir die meisies in die skaal Werkmetodes (WM/WM), terwyl die korrelasie vir die seuns in die betrokke skaal slegs betekenisvol is op die 0,05 vlak van sekereheid. Die getal kere wat 'n leerling gedruip het is dus 'n belangrike veranderlike by die voorspelling van sy prestasie in die OSGH sowel as sy skoolprestasie. Die ondersoeke van Ackermann (1973) en Smit (1971) bevestig die bevinding van die huidige ondersoek.

6. Gesondheidstoestand

Betekenisvolle positiewe korrelasies is gevind tussen die studiegewoontes en -houdings van seuns en dogters en hulle gesondheidstoestand. Die korrelasies, behalwe in die geval van die skaal Onderwyser-goedkeuring (OG/TA) vir die seuns en die skaal Vermydning van uitstel (VU/DA) vir die meisies, is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid. Daar kan dus aanvaar word dat die leerlinge se gesondheidstoestand 'n belangrike veranderlike is wat hul prestasie in die OSGH positief beïnvloed.

6.4.1b Engelssprekende seuns en meisies (Kyk tabelle 6.3 en 6.4)

1. Beroep van gesinshoof

'n Betekenisvolle verband tussen die beroep van die gesinshoof en tellings behaal in al sewe die skale van die OSGH is vir die Engelssprekende meisies bevind. Die korrelasies vir die skale Studiehoudings (SH/SA), Studie-oriëntasie (SO) en Aanvaarding van onderwys (AO/EA) is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid, terwyl die korrelasies vir die ander skale slegs betekenisvol is op die 0,05 vlak van sekerheid. Dit blyk dus dat die beroep van die gesinshoof veral 'n beduidende veranderlike is vir die Engelssprekende dogters se studiehoudings.

2. Studie-aspirasie

'n Betekenisvolle verband is bevind tussen sowel die Engelssprekende seuns as meisies se studie-aspirasie en al 7 die skale van die OSGH. Al die korrelasies is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid. Die strewe na hoër opvoedkundige doelstellings is dus, net soos in die geval van die Afrikaanssprekende leerling, bevorderlik vir die Engelssprekende seuns en meisies se studiegewoontes en -houdings.

3. Skoolprestasie

'n Beduidende verband op die 0,01 vlak van sekerheid is bevind tussen sowel die Engelssprekende seuns as meisies se skoolprestasie en hul prestasie in al 7 die skale van die OSGH. Dit blyk dus dat die OSGH 'n goeie voorspeller van skoolprestasie is. Die bevinding is in ooreenstemming met die bevinding vir die Afrikaanssprekende seuns en meisies (kyk 6.4.1a.4.)

6.4.2 Tydbenuttingsveranderlikes

Betekenisvolle korrelasies op die 5%-peil en beter is bevind tussen die OSGH-tellings en 11 van die 16 tydbenuttingsveranderlikes. Die bevindinge ten opsigte van die taal- en geslagsgroepe word vervolgens weergegee.

TABEL 6.3

TAAL: Engels

GESLAG: Manlik

KORRELASIES TUSSEN DIE SEWE SKALE VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE
VERANDERLIKES (N = 261)

VERANDERLIKES	OSGH - SKALE						
	VU	WM	OG	AO	SG	SH	SO
BEROEP VAN GESINSHOOF	0,020	0,060	0,063	0,053	0,017	0,060	0,041
STUDIE-ASPIRASIE	0,219*	0,307*	0,180*	0,333*	0,274*	0,277*	0,301*
IK	-0,042	0,125	0,115	0,092	0,044	0,108	0,079
SKOOLPRESTASIE	0,262*	0,362*	0,208*	0,378*	0,334*	0,318*	0,356*
KERE STANDERDS HERHAAL ...	-0,036	-0,098	0,041	-0,074	-0,074	-0,017	-0,048
GESONDHEIDSTOESTAND	0,029	0,052	0,001	0,066	0,044	0,035	0,044
TYD BESTEE AAN HUISWERK (WEEKSDAE)	0,237*	0,104	0,118	0,275*	0,177**	0,208*	0,221*
TYD BESTEE AAN HUISWERK (NAWEKE)	0,096	0,034	0,088	0,162**	0,065	0,132	0,117
GETAL STOKPERDJIES	0,115	0,002	-0,027	-0,051	0,063	-0,039	0,009
TYD BESTEE AAN STOKPERDJIES	0,113	0,122	0,005	0,058	0,129	0,033	0,082
OPSTAANTYD (WEEKSDAE)	-0,131	-0,110	-0,139**	-0,164**	-0,123	-0,166**	-0,161**
TYD BESTEE AAN SPORT	-0,057	0,034	-0,123	-0,021	-0,016	-0,076	-0,050
TYD BESTEE AAN KULTURELE AKTIWITEITE	-0,004	0,037	0,031	0,061	0,018	0,047	0,035
GETAL KERE SAANS UITGAAN ..	0,007	0,023	0,074	0,055	0,025	0,069	0,049
TYD BESTEE AAN LEES	0,088	0,234*	0,105	0,176**	0,171**	0,152**	0,173**
BIDSKOOPBESOEK	-0,003	-0,090	-0,112	-0,173**	-0,045	-0,149**	-0,108
INRYTEATERBESOEK	-0,027	-0,084	-0,168**	-0,108	-0,051	-0,150**	-0,107
RADIO LUISTER (WEEKSDAE) ..	0,063	0,099	-0,031	0,017	0,098	-0,004	0,044

* is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid

** is betekenisvol op die 0,05 vlak van sekerheid

TABEL 6.4

TAAL: Engels

GESLAG: Vroulik

KORRELASIES TUSSEN DIE SEWE SKALE VAN OSGH EN TYDBENUTTING- EN BIOGRAFIESE
VERANDERLIKES (N = 207)

VERANDERLIKES	OSGH - SKALE						
	VU	WM	OG	AO	SG	SH	SO
BEROEP VAN GESINSHOOF	0,139**	0,169**	0,171**	0,236*	0,165**	0,213*	0,205*
STUDIE-ASPIRASIE	0,245*	0,262*	0,219*	0,295*	0,272*	0,273*	0,296*
IK	-0,054	0,104	0,060	0,044	0,024	0,058	0,047
SKOOLPRESTASIE	0,196*	0,302*	0,198*	0,245*	0,275*	0,235*	0,272*
KERE STANDERDS HERHAAL	-0,118	-0,135	-0,047	-0,086	-0,131	-0,078	-0,114
GESONDHEIDSTOESTAND	0,129	0,094	0,093	0,120	0,118	0,115	0,127
TYD BESTEE AAN HUISWERK (WEEKSDAE)	0,328*	0,113	0,150**	0,259*	0,241*	0,215*	0,246*
TYD BESTEE AAN HUISWERK (NAWEKE)	0,343*	0,176**	0,156**	0,236*	0,286*	0,208*	0,263*
GETAL STOKPERDJIES	0,083	0,105	0,085	0,097	0,102	0,097	0,107
TYD BESTEE AAN STOKPERDJIES	0,096	0,059	-0,047	0,041	0,082	-0,006	0,040
OPSTAANTYD (WEEKSDAE)	-0,106	-0,067	-0,028	-0,079	-0,092	-0,058	-0,076
TYD BESTEE AAN SPORT	0,125	0,216*	0,077	0,051	0,188*	0,071	0,134
TYD BESTEE AAN KULTURELE AKTIWITEITE	0,109	0,143**	0,101	0,121	0,138**	0,121	0,141**
GETAL KERE SAANS UITGAAN ..	-0,101	0,027	-0,028	-0,105	-0,045	-0,070	-0,064
TYD BESTEE AAN LEES	0,058	0,138**	0,166**	0,092	0,111	0,144**	0,133
BIOSKOOPBESOEK	-0,086	-0,079	-0,195*	-0,211*	-0,086	-0,214*	-0,169**
INRYTEATERBESOEK	-0,132	-0,195*	-0,172**	-0,237*	-0,172**	-0,219*	-0,212*
RADIO LUISTER (WEEKSDAE) ..	-0,044	0,032	0,104	0,030	-0,003	0,077	0,042

* is betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid

** is betekenisvol op die 0,05 vlak van sekerheid

6.4.2a Afrikaanssprekende seuns en meisies. (Kyk tabelle 6.1 en 6.2)

1. Tyd bestee aan huiswerk (weeksdag)

'n Betekenisvolle positiewe verband is vir beide die Afrikaanssprekende seuns en meisies bevind tussen hul studiegewoontes en -houdings en die tyd wat gedurende die week aan huiswerk bestee word. Die korrelasies vir die meisies is in al 7 die skale betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid, terwyl daar in die geval van die seuns betekenisvolle korrelasies in 6 van die 7 skale bevind is. Die leerlinge met goeie studiegewoontes en -houdings neig dus om meer tyd gedurende die week aan hul huiswerk te bestee as dié met swak studiegewoontes en -houdings. Beide die kwaliteit en kwantiteit van studie is egter belangrik en lang ure van obsessiewe dog oneffektiewe studie sal nie skoolprestasie en sukses bevorder nie. Deeglike beplanning en effektiewe gebruik van die tyd wat aan studie bestee word moet dus by die betrokke veranderlike 'n vanselfsprekende rol speel.

2. Tyd bestee aan huiswerk (naweke)

Al die skale van die OSGH korreleer betekenisvol op die 0,01 vlak van sekerheid met die tyd wat Afrikaanssprekende seuns en dogters oor naweke aan hul huiswerk bestee. Die tyd wat leerlinge oor naweke aan hul huiswerk bestee is dus 'n belangrike veranderlike en ook bevorderlik vir goeie studiegewoontes en -houdings.

3. Stokperdjies

(a) Getal stokperdjies

'n Betekenisvolle positiewe verband is vir die Afrikaanssprekende seuns bevind tussen die getal stokperdjies wat hulle beoefen en hul OSGH-tellings in die skale Werkmetodes (WM/WM) en Studiegewoontes (SG/SH). Die seuns wat hoër tellings behaal het en wel stokperdjies beoefen gaan dus meer metodies te werk en beskik oor beter studiegewoontes as dié wat swakker presteer in die betrokke skale en minder aandag aan die beoefening van stokperdjies bestee. Geen betekenisvolle korrelasies ten opsigte van die betrokke veranderlike is vir die meisies bevind nie.

(b) Tyd bestee aan stokperdjies

In teenstelling met die seuns, vir wie daar negatiewe dog onbeduidende korrelasies bevind is, korreleer die tyd wat die Afrikaanssprekende meisies weekliks aan die beoefening van stokperdjies bestee positief en betekenisvol met hul werkmetodes (WM), studiegewoontes (SG) en studie-oriëntasie (SO).

4. Opstaantyd (weeksdag)

'n Positiewe verband is bevind tussen die opstaantyd van die Afrikaanssprekende meisies en hul werkmetodes (WM). Meisies wat oor goeie werkmetodes beskik staan dus gedurende die week vroeër op en gaan meer metodies te werk as die meisies wat soggens later opstaan.

5. Tyd bestee aan sport

'n Betekenisvolle positiewe verband is vir Afrikaanssprekende seuns en dogters bevind tussen die tyd wat hulle aan sport bestee en hulle werkmetodes (WM) en studiegewoontes (SG). Deelname aan sportaktiwiteite is dus bevorderlik vir goeie studiegewoontes.

6. Tyd bestee aan kulturele aktiwiteite

Studiegewoontes (SG) korreleer betekenisvol op die 0,05 vlak van sekerheid met die tyd wat Afrikaanssprekende dogters aan kulturele aktiwiteite bestee. 'n Soortgelyke verband is nie vir die seuns bevind nie.

7. Getal kere saans uitgaan

Die werkmetodes (WM) en studiegewoontes (SG) van Afrikaanssprekende meisies korreleer betekenisvol, op die 0,05 vlak van sekerheid en beter, met die getal kere per week wat hulle toegelaat word om alleen in die aand uit te gaan vir ontspanning, vermaak en kuier. Wat die betrokke veranderlike betref is daar vir die seuns negatiewe, dog onbeduidende, korrelasies bevind.

8. Tyd bestee aan lees

'n Betekenisvolle verband op die 0,01 vlak van sekerheid is bevind tussen die tyd wat Afrikaanssprekende seuns weekliks aan lees bestee en al sewe die skale van die OSGH. Met die uitsondering van die skale Vermydning van uitstel (VU) en Studiegewoontes (SG) is betekenisvolle korrelasies ook vir die meisies bevind. Die tyd wat leerlinge aan lees bestee bevorder dus oor die algemeen goeie studiegewoontes en -houdings.

9. Bioskoop- en inryteaterbesoek

'n Betekenisvolle negatiewe verband is bevind tussen die tellings van die Afrikaanssprekende seuns in die skaal Aanvaarding van onderwys (AO) van die OSGH en hul bioskoopbesoek gedurende die week. 'n Negatiewe verband is ook vir die meisies bevind tussen die skaal (Aanvaarding van onderwys (AO) en hul inryteaterbesoek. Die negatiewe verbande dui daarop dat besoeke aan die betrokke massamedia nie bevorderlik is vir die leerlinge se aanvaarding van opvoedkundige ideale, doelstellings, praktyke en vereistes nie.

10. Radio Luister (weeksdag)

'n Betekenisvolle negatiewe verband is vir die Afrikaanssprekende seuns bevind tussen die tyd wat hulle gedurende die week aan radio luister bestee en hul OSGH-tellings in die skale Vermyding van uitstel (VU), Onderwyser-goedkeuring (OG), Aanvaarding van onderwys (AO), Studiegewoontes (SG), Studiehoudings (SH) en Studie-oriëntasie (SO). Dit blyk dus duidelik dat die betrokke massamedium die studiegewoontes en -houdings van die seuns negatief beïnvloed.

'n Negatiewe verband is ook vir die dogters bevind in die skale Vermyding van uitstel (VU), Aanvaarding van onderwys (AO) en Studiehoudings (SH). Dogters wat dus baie tyd bestee aan radio luister neig dus om hul werkopdragte uit te stel (VU), hul openbaar minder positiewe houdings tot die skool en skolastiese ideale in die algemeen (AO) en hul het minder vertroue in skolastiese doelwitte (SH).

6.4.2b Engelssprekende seuns en meisies (Kyk tabelle 6.3 en 6.4)

1. Tyd bestee aan huiswerk (weeksdag)

Betekenisvolle korrelasies is bevind tussen die studiegewoontes en -houdings van die Engelssprekende seuns en meisies en die tyd wat hulle gedurende die week aan hul huiswerk bestee. Die leerlinge met goeie studiegewoontes en -houdings neig dus om meer tyd gedurende die week aan huiswerk te spandeer as die leerlinge wat swakker tellings behaal het.

2. Tyd bestee aan huiswerk (naweke)

'n Betekenisvolle verband is vir die Engelssprekende meisies bevind tussen die tyd wat hulle oor naweke aan hul huiswerk spander en hul tellings in al die skale van die OSGH. Die meisies wat oor goeie studiegewoontes en -houdings beskik bestee dus oor naweke meer tyd aan hul huiswerk as die wat swak tellings in die OSGH behaal het. Slegs die skaal Aanvaarding van onderwys (AO) korreleer in die geval van die seuns betekenisvol met die tyd wat hulle oor naweke aan huiswerk spandeer. Die verband dui daarop dat die seuns wat naweke genoegsame tyd aan hul huiswerk spandeer ook die leerlinge is wat tot 'n groot mate opvoedkundige ideale, doelstellingen en praktyke aanvaar.

3. Opstaantyd (weeksdag)

'n Betekenisvolle negatiewe verband is slegs in die geval van die Engelssprekende seuns bevind tussen hul opstaantyd gedurende die week en hul prestasie in die OSGH. Die negatiewe verband dui daarop dat seuns wat vroeër opstaan neig om oor gunstiger studiehoudings (SH) te beskik, opvoedkundige ideale, doelstellingen en praktyke meer geredelik te aanvaar (AO) en om 'n gunstiger houding teenoor die onderwyser en sy optrede in die klaskamer te openbaar (OG).

4. Tyd bestee aan sport en kulturele aktiwiteite

'n Betekenisvolle positiewe verband is vir die Engelssprekende meisies bevind tussen die tyd wat hulle aan sport en kulturele aktiwiteite bestee en hul tellings in die skale Werkmetodes (WM) en Studiegewoontes (SG). Die leerlinge se deelname aan sport en kulturele aktiwiteite is dus bevorderlik vir hul studiegewoontes. Geen soortgelyke betekenisvolle verband is vir die seuns bevind nie.

5. Tyd bestee aan lees

Volgens tabelle 6.3 en 6.4 is 'n betekenisvolle verband vir sowel die Engelssprekende seuns as meisies bevind tussen die tyd wat hulle aan lees bestee en hul studiehoudings.

6. Bioskoop- en inryteaterbesoek

'n Betekenisvolle negatiewe verband is vir die Engelssprekende seuns en meisies bevind tussen hul inryteater- en bioskoopbesoek en studiehoudings. Die seuns en meisies wat die betrokke massamedia gereeld gedurende die week besoek se vertroue in skolastiese doelwitte word dus daardeur benadeel (SH). 'n Negatiewe verband is verder ook vir die Engelssprekende meisies bevind tussen hul studiegewoontes en inryteaterbesoek. Gereelde besoeke aan die inryteater is dus ook nie bevorderlik vir die meisies se akademiese gedrag nie (SG).

6.5 AANBEVELINGS

Die resultate van die ondersoek toon 'n verband tussen die studiegewoontes en -houdings van die leerlinge en sekere tydbenutting- en biografiese veranderlikes aan. Die bevindinge van die ondersoek bring sekere implikasies vir die onderwyser en voorligter mee aangesien voorligting plaasvind in elke situasie waar daar bewustelik en onbewustelik opgevoed en onderwys word. Enkele aanbevelings ten opsigte van persoonlikheids-, opvoedkundige- en beroepsvoorligting sal dus kortliks gemaak word.

6.5.1 Aanbevelings ten opsigte van die voorligter en onderwyser

- (a) Die voorligter en onderwyser moet kennis neem van die betrokke tydbenutting- en biografiese veranderlikes wat die studiegewoontes en -houdings van die leerlinge positief of negatief beïnvloed. Die kind is altyd as totale mens betrokke in die opvoedingsituasie, en op grond van hul kennis van die

kind se vermoëns, aanlegte, belangstelling en prestasies kan beide die voorligter en onderwyser die kind in 'n belangrike mate bystaan en lei tot die aanleer van goeie studiegewoontes en studiehoudings.

- (b) Die positiewe betekenisvolle verband wat bevind is tussen beide studie=
gewoontes en studiehoudings en skoolprestasie beklemtoon die belangrikheid
van positiewe studiehoudings en goeie studiegewoontes in die akademiese
situasie. 'n Positiewe studiehouding is uiters noodsaaklik vir goeie
studiegewoontes en daarom moet die voorligters en onderwysers dit in hulle
daaglikse werk nie slegs in aanmerking neem nie, maar voortdurend daarna
strewe om by die leerlinge die nodige positiewe selfbeeld, selfvertroue
en gemotiveerdheid te bewerkstellig wat bevorderlik sal wees vir hul studie=
houdings en studiegewoontes.
- (c) Die studie-aspirasies van die leerlinge korreleer betekenisvol met hul
studiegewoontes en studiehoudings. Die strewe van die leerling na hoër
opvoedkundige doelstellings moet egter altyd realisties wees en daarom
is dit die taak van die voorligter en onderwyser om die kind so te lei
dat sy studie-aspirasies in ooreenstemmingsal wees met sy vermoëns, be=
langstellings, aanleg, vakkeuse, skoolprestasie, studiegewoontes en stu=
diehoudings.
- (d) Die betekenisvolle verband wat bevind is ten opsigte van die tyd wat die
leerlinge gedurende die week en oor naweke aan hul huiswerk bestee beklem=
toon die positiewe waarde van gereelde huiswerk en effektiewe studie vir
goeie studiegewoontes en -houdings. Die voorligter en elke onderwyser
moet die basiese beginsels ten grondslag van huiswerk voortdurend in ge=
dagte hou en toesien dat huiswerkopdragte nie alleen die klaswerk op 'n
sinvolle wyse aanvul nie, maar ook die belangstelling van die leerlinge
stimuleer en hul aktiveer tot selfstandige, gedissiplineerde en gereelde
studie. Huiswerk moet gereeld en sistematies gegee word en dit is uiters
noodsaaklik dat vakonderwysers hulle leerlinge doelbewus sal voorlig hoe
om in hulle betrokke vakke te studeer. Die waarde van 'n studierooster,
beplanning van huiswerk, korrekte gebruik van fisiese geriewe, soos 'n
geskikte lokaal, lessenaar ensovoorts moet verder ook in die voorligtings=
periodes toegelig word. Gesonde samewerking tussen ouer en onderwyser is
in dié verband nie alleen noodsaaklik nie maar sal ook die gehalte van die
kind se huiswerk bevorder.
- (e) Die bevindinge van die ondersoek met betrekking tot die tydbenutting en
vryetydsaktiwiteite van die leerlinge bring aan die lig dat die behoefte
van die kinders aan positiewe leiding en aktivering ten opsigte van ge=
balanseerde en effektiewe tydbenutting tans dringend is. Die voorligter en

onderwyser sal die leerling so moet lei dat die vryetydsbesteding van die kind hom in sy totaliteit gebalanseerd sal laat ontwikkel.

Onderhoude en berading oor die leerlinge se tydbenutting kan lei tot 'n beter insig aan die kant van die leerling oor die wyse waarop hy sy tyd benut, en bied ook geleentheid aan die voorligter om die kennis wat hy reeds van die kind het te gebruik sodat die kind gelei kan word tot konstruktiewe naskoolse tydbenutting.

Die bevindinge van die ondersoek ten opsigte van die positiewe waarde van vryetydsaktiwiteite soos deelname aan sport en kulturele aktiwiteite, die beoefening van stokperdjies, tyd wat aan lees bestee word en opstaantyd gedurende weksdae kan vir die voorligter van waarde wees met die oog op voorkomende opvoeding in die voorligtingsituasie. Deeglike kennis moet in dié verband ook geneem word van die negatiewe verbande wat bevind is tussen studiegewoontes en -houdings en die massamedia.

- (f) As gevolg van die instelling van die televisienetwerk in Suid-Afrika in 1976 kan grootskaalse veranderinge in die lewenspatroon van die gemeenskap verwag word. Die wyse waarop die leerlinge hulle tyd benut sal beslis geraak word. Die voorligter, onderwyser en ouer sal dus moet toesien dat die kind nie te veel van sy tyd aan televisie bestee nie, want dan bestaan die moontlikheid dat die kind ander aktiwiteite wat noodsaaklik is vir sy normale ontwikkeling kan misloop.

6.5.2 Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing

- (a) In die lig van die bevindinge van die huidige ondersoek word aanbeveel dat verdere ondersoek ingestel word na die faktore wat die studiegewoontes en studiehoudings van standerd agt-leerlinge beïnvloed.
- (b) 'n Ander gebied vir moontlike navorsing is die persoonlikheidsfaktore wat met die tydbenutting van sekondêre leerlinge verband hou.
- (c) Daar word aanbeveel dat die negatiewe invloed wat die massamedia op die studiegewoontes en studiehoudings van leerlinge in die sekondêre skool het verder ondersoek word.
- (d) Daar word aanbeveel dat die invloed van televisie op die studiegewoontes en -houdings en tydbenuttingspatrone van leerlinge in die sekondêre skool op sowel kort- as langtermynbasis nagevors sal word.

U.3
SLUTOPMERKING

Daar is gepoog om deur middel van hierdie ondersoek 'n beskeie bydrae te lewer tot die oplossing van die probleem van swak studiegewoontes en studiehoudings. Omrede korrelasiestudies nie 'n aanduiding gee van die oorsake van verbande wat gevind word nie, besef die ondersoeker dat die laaste woord oor die probleme wat in hierdie studie aan die orde gestel is, beslis nog nie gespreek is nie. Die moontlike waarde van die huidige ondersoek is egter dat dit kan dien as 'n voor-blootstellingsbasis met die oog op latere vergelykingsdoeleindes tydens die televisie-era.

SUMMARY

In this study, which forms part of a more extensive project being undertaken by the HSRC with the eventual aim of determining the influence of television in South Africa, certain time utilization and biographical variables which are possibly related to the study habits and attitudes of Standard Eight pupils were investigated.

Four groups of respondents were used in the investigation, viz 1381 White Afrikaans-speaking and English-speaking Standard 8 boys and girls, who were distributed on a random basis throughout the RSA. Only pupils in provincial schools were involved.

The Survey of Study Habits and Attitudes (SSHA) Form H, as well as the Biographical and Time Utilization Questionnaires, compiled by the Institute for Communication Research of the HSRC for the project "The influence of television on school-going young people", were used for the aim of the investigation.

Correlations between the various scales of the SSHA and the time utilization and biographical variables were determined by calculating Bravais-Pearson's product moment correlation coefficient. The data were tested for straightness by calculating the Correlation Ratio η .

Positive and negative statistically significant relationships were found between both the study habits and attitudes of the pupils and certain time utilization and biographical variables.

Significantly positive correlations were found between the pupils' study habits and attitudes and biographical variables such as the occupation of the father, the state of health of the pupils, intelligence and the study aspirations of the pupils. It would furthermore appear that the SSHA is an effective predictor of school achievement and that there is a negative relationship between positive study habits and attitudes and failure at school.

As regards the time utilization of the pupils it was found, inter alia, that the time which the pupils devote to their homework during the week and particularly over week-ends, the pursuit of hobbies, participation in and time spent on sport and the time which the pupils devote to reading are variables which have a

positive influence on study habits and attitudes. The negative relationships which were found between the pupils' study habits and attitudes and their listening to the radio and visiting cinemas and drive-in theatres indicate that the mass media concerned are not conducive to sound study habits and attitudes.

The advent of television has complicated the research on the time utilization and study habits and attitudes of school-going pupils and this stresses the necessity for investigations which may serve as a pre-exposure basis for later purposes of comparison.

- 1 ACKERMANN, P.L.S. Die voorspelling van matrieksukses met behulp van IK en biografiese gegewens. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskap=like Navorsing, 1973.
- 2 AIKEN, L.R. Jr. The prediction of academic success and early attrition by means of a multiple-choice biographical inventory. American Educational Research Journal 1, 1964: 127-135.
- 3 ALLPORT, G.W. "Attitudes." In: Murchisson, C. ed. A Handbook of Social Psychology. Massachusetts, Clark University Press, 1935, pp. 798-844.
- 4 ANASTASI, A. Psychological Testing. London, Collier-MacMillan Ltd., 1968.
- 5 ASBURY, C.A. Selected factors influencing over- and underachievement in young school-age children. Review of Educational Research 44(4), 1974: 409-427.
- 6 BERNSTEIN, B. Some sociological determinants of perception: An enquiry into sub-cultural differences. British Journal of Sociology 9, 1958: 159-174.
- 7 BIEKER, R.F. Social and economic determinants of the educational achievement of selected eleventh grade students in rural Kentucky: An exploratory study. Dissertation Abstracts 31(8-A), 1971: 3739.
- 8 BIGGS, J.B. Faculty patterns in study behaviour. Australian Journal of Psychology 22(2), 1970: 161-174.
- 9 BLAIR, G.M. JONES, R.S. and SIMPSON, R.H. Educational Psychology. 3rd. London, Macmillan Co., 1969.
- 10 BLUMBERG, J.C. The study habits and attitudes of students, with special reference to the Johannesburg College of Education. Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1969, (Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling.)
- 11 BOTHA, A.G. Suksesvolle en minder suksesvolle akademiese presteerders - 'n sielkundige ondersoek. Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch, 1971, (D.Phil-proefskrif.)
- 12 BROWN, W.F. and HOLTZMAN, W.H. A Study-attitude questionnaire for predicting academic success. Journal of Educational Psychology 46, 1955: 75-84.
- 13 BRUWER, W.J. 'n Ondersoek na die verband van studiehouding en -metode met akademiese sukses. Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch, 1957, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling.)
- 14 BRUWER, W.J. Motivering, houding en studiemetode as bepalende faktore in akademiese prestasie. Potchefstroom, Potchefstroomse Universiteit vir CHO, 1973, (D.Phil-proefskrif.)
- 15 BRYANT, T.W. The relationship of physical fitness and other selected factors to academic over and under achievement in junior high school boys. Dissertation Abstracts 31, (6-A), 1970: 2723.
- 16 BURGESS, E. Personality factors of over- and under-achievers in engineering. Journal of Educational Psychology 47, 1956: 89-99.
- 17 CAIN, M.A. A study of relationships between selected factors and the school achievement of Mexican-American immigrant children. Dissertation Abstracts 31(8-A), 1971: 3947.

- 18 CATTELL, R.B. Personality: a systematic, theoretical and factual study. New York, McGraw-Hill, 1950.
- 19 CATTELL, R.B., SEALY, A.P. and SWENEY, A.B. What can personality and motivation source trait measurements add to the prediction of school achievement? British Journal of Educational Psychology 36, 1966: 280-295.
- 20 CHILD, D. Some aspects of study habits in higher education. Educational Sciences 4, May 1970: 11-20.
- 21 CHRISTENSEN, C.M. A Note on Borrow's College Inventory of Academic Adjustment. Journal of Educational Research 50, 1956: 55-58.
- 22 CLIFFORD, A.B.E. The prediction of academic achievement of Mexican-American students. Dissertation Abstracts 31(9-A), 1971: 4535.
- 23 CUFF, N.B. Study habits in grades four to twelve. The Journal of Educational Psychology 28, 1937: 295-301.
- 24 DANGKIN, D.G. and BURNETT, C.W. Study techniques of those superior students. Personnel and Guidance Journal 31, 1952: 181-186.
- 25 DE CECCO, J.P. The Psychology of learning and instruction. New Jersey, Prentice-Hall, Inc., 1968.
- 26 DENOYER, R.A. A Study of the effect of age and sex on school achievement in grades three, six, seven and nine. Dissertation Abstracts 31 (8-A), 1971: 3950.
- 27 DIENER, C.L. A Comparison of over-achieving and under-achieving students at the University of Arkansas. Dissertation Abstracts 17, 1957: 1692.
- 28 DIE UNIE. Televisie: Implikasies vir die Onderwys. Orgaan van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie 72, Maart 1976: 344-345.
- 29 DU TOIT, J.M. Statistiese metodes. Stellenbosch, Kosmo-uitgewery, 1966.
- 30 DU TOIT, L.B.H. Die verband tussen studiegewoontes en -houdings en akademiese prestasie in die middelbare skool. Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1970, (Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling.)
- 31 DU TOIT, L.B.H. Die verband tussen enkele nie-intellektuele faktore en die akademiese prestasie van eerstejaarstudente aan universiteite en onderwyskolleges. Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1972, (Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif.)
- 32 ENGLISH, B. and ENGLISH, A.C. A Comprehensive Dictionary of Psychological and Psychoanalytical Terms. London, Longmans, 1958.
- 33 ENTWISTLE, N.J. Motivation and study habits. Higher Education 3, Nov. 1974: 379-395.
- 34 ENTWISTLE, N.J. and ENTWISTLE, D. The relationship between study methods and academic performance. British Journal of Educational Psychology 40, 1970: 132-141.
- 35 EVANS, K.M. Attitudes and interests in education. London, Routledge and Kegan Paul, 1965.
- 36 FISHMAN, J.A. and PASANELLA, A.K. College admission-selection studies. Review of Educational Research 30, 1960: 198-310.
- 37 FULLARD, J.P.P. 'n Ondersoek na die biografiese eienskappe van studente met hoë en lae prestasie-motivering. Port Elizabeth, Universiteit van Port Elizabeth, 1969, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling.)
- 38 FURU, T. Television and children's life: a before- after study. Tokio, Japan Broadcasting Corporation and Television Research Institute, 1962.

- 39 GIBBONS, K.C. and SAVAGE, R.D. Intelligence, study habits and personality factors in academic success - a preliminary report. Durham Research Review 16, 1956: 8-12.
- 40 GOLDFRIED, M.R. and D'ZURILLA, T.J. Prediction of academic competence by means of the survey of study habits and attitudes. Journal of Educational Psychology 64(1), 1973: 116-122.
- 41 GOOSEN, D.S. 'n Sosiologiese ondersoek na die vordering en aanpassing van eerstejaarstudente aan 'n universiteit. Potchefstroom, Potchefstroomse Universiteit vir CHO, 1957, (Ongepubliseerde D.Phil.-proef=skrif.)
- 42 GORDON, H.P. Study habit inventory scores and scholarship. Journal of Applied Psychology 25, 1941: 101-107.
- 43 GOUWS, D.J. Die akademiese vordering en aanpassing van eerstejaar-universiteitstudente. Pretoria, Van Schaik, 1961.
- 44 GULFORD, J.P. Personality. New York, McGraw-Hill, 1959.
- 45 HIMMELWEIT, H.T., OPPENHEIM, A.N. and VINCE, P. Television and the child: an empirical study of the effect of television on the young. London, Oxford University Press, 1958.
- 46 HOLTZMAN, W.H. and BROWN, W.F. Study habits and attitudes in the prediction of academic success. The American Psychologist 8, 1953: 369.
- 47 HOLTZMAN, W.H. and BROWN, W.F. Evaluating the study habits and attitudes of high school students. Journal of Educational Psychology 59(6) 1968: 404-409.
- 48 HOLTZMAN, W.H., BROWN, W.F. and FARQUHAR, W.G. The Survey of study habits and attitudes: a new instrument for the prediction of scholastic success. Educational and psychological Measurement 14, 1954: 726-732.
- 49 JEX, F.B. and MERRILL, R.M. Intellectual and personal characteristics of University of Utah students. Journal of Educational Research 53, 1959: 118-120.
- 50 KAPLAN, M. Leisure: theory and policy. New York, John Wiley and Sons, Inc., 1975.
- 51 KHAN, S.B. Affective correlates of academic achievement. Journal of Educational Psychology 60(3), 1969: 216-221.
- 52 KLAUSMEIER, H.J. and GOODWIN, W. Learning and human abilities. 2nd. New York, Harper and Row, 1966.
- 53 KNAAK, N. A Study of the characteristics of academically successful and unsuccessful freshmen women who entered Northwestern University in the Fall of 1954. Dissertation Abstracts 17, 1957: 304-305
- 54 KRAUS, R.G. Recreation and the schools. New York, Macmillan, 1964.
- 55 KURTZ, J.J. and SWENSON, E.J. Factors related to over-achievement and under-achievement in school. The School Review 59, 1951: 472-480.
- 56 LANDMAN, W.J.J. 'n Sosiaal-pedagogiese analise van die vryetydsbesteding van st. 8, 9 en 10 leerlinge in Afrikaansmediumskole in Durban. Pietermaritzburg, Universiteit van Natal, 1972, (Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling.)
- 57 LÄTTI, V.I. Die voorspelling van skolastiese sukses met behulp van biografiese gegewens. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1972.

- 58 LAVIN, D.E. The Prediction of academic performance. A Theoretical analysis and review of research. New York, Russel Sage Foundation, 1965.
- 59 LUNDBERG, G.A., KOMAROVSKY, M. and McINNERY, M.A. Leisure: a suburban study. New York, Agathon Press, 1969.
- 60 McCausland, D.F. and STEWART, N.E. Academic aptitude, study skills and attitudes and college GPA. Journal of Educational Research 67(8), 1974: 354-357.
- 61 MAHER, H. Follow-up on the validity of a forced-choice study activity questionnaire in another setting. Journal of Applied Psychology 43, 1959: 293-295.
- 62 MARCHIONY, J.A. Interrelationship of socio-economic status and sex on school achievement. Dissertation Abstracts 31, (4-A), 1970: 1513.
- 63 MELTON, J.H. An investigation of the influence of environmental factors in the home on school achievement among grade six children. Dissertation Abstracts 31, (1-A), 1970: 230.
- 64 MINER, B. Sociological background variables affecting school achievement. Journal of Educational Research 61(8), 1968: 372-381.
- 65 MÖLLER, N.J. ’n Ondersoek na die invloed van enkele nie-intellektuele faktore op universiteitsprestasie. Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1965, (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif.)
- 66 MÖLLER, P.H. Die vryetydsbesteding van voltydse studente aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1970, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling.)
- 67 MORROW, W.R. and WILSON, R.R. Family relations of bright high-achieving and under-achieving high school boys. Child Development 32, 1961: 501-510.
- 68 MOTLEY, H.C. A Study of the predictive value of certain factors related to test performance, academic achievement, and educational aspirations. Dissertation Abstracts 30, (7-A), 1970: 2807.
- 69 PIETERSE, J.E. red. Jeug en vrye tyd. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1967.
- 70 POPHAM, W.J. and MOORE, M.R. A Validity check on the Brown-Holtzman Survey of Study Habits and Attitudes and the Borrow College Inventory of Academic Adjustment. Personnel and Guidance Journal 38, 1960: 552-554.
- 71 PRESTON, R.C. Improving the item validity of study habits inventories. Educational and Psychological Measurement 21, 1961: 129-131.
- 72 RANDHAWA, B.S. and FU, L.L.W. Assesment and effect of some classroom environment variables. Review of Educational Research 43(3), 1973: 303-321.
- 73 REEDER, C.W. Study habits. School and Society 42, 1935: 413-415.
- 74 RIP, C.M. en SCHURINK, W.J. Vryetydsaktiwiteite in ’n kleiner gemeenskap wat aan ’n groot stad grens. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1974.
- 75 ROBINSON, J.P. Television and leisure time: yesterday, today, and (maybe) tomorrow. Public Opinion Quarterly 33(2), 1969: 211.

- 76 ROOS, W.L. Die intellektueel-superieure leerling: 'n agtergrondbeskrywing op standaard ses-vlak. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1970.
- 77 ROOS, W.L. Die 1967-talentopnametoetsprogram. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1972.
- 78 ROOS, W.L. Die 1969-talentopnametoetsprogram. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1975.
- 79 ROSEN, B.C. Family structure and achievement motivation. American Sociological Review 26, 1961: 574-585
- 80 RUTHVEN, W.J. Die betekenis van binnenshuise vermaak in die vryetydsbesteding van Blanke jeugdige in die Republiek van Suid-Afrika: 'n sosiologiese studie. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1967, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling.)
- 81 SCHEFFER, P. Die invloed van sosiale status op die opvoeding van 'n groep afrikaanssprekende hoërskoolseuns. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1972.
- 82 SCHOONOVER, S.M. The relationship of intelligence and achievement to birth order, sex of sibling and age interval. Journal of Educational Psychology 50, 1959 : 143-146.
- 83 SCHRAMM, W., LYLE, J. and PARKER, E.B. Television in the lives of our children. Stanford, Stanford University Press, 1961.
- 84 SENEKAL, H.B. Vryetydsbesteding in groepsverband by blanke jeugdige in die Republiek van Suid-Afrika: 'n sosiologiese studie. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1967, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling.)
- 85 SIMMONS, M.C. A Comparative study of attitudes, school environment, home environment and achievement of selected twelfth grade students in rural and urban high schools in Utah. Dissertation Abstracts 30, (8-A), 1970: 3287.
- 86 SLAK, S. Study habits and attitudes toward learning as factors of scholastic achievement. Psychological Abstracts 51, 3908, 1974: 480.
- 87 SMIT, G.J. Die verband tussen bepaalde nie-intellektuele faktore en akademiese sukses. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1971, (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif.)
- 88 SNYMAN, N. Die verband tussen persoonlikheidsbehoefte en die seleksie van onderwerpe uit die massamedia. Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1975, (M.A.-verhandeling.)
- 89 STRIJDOM, H.B. Enkele vryetydsaktiwiteite, houdings en aspirasies van afrikaanssprekende standaard ses-seuns afkomstig uit gesinne van verskillende sosiale status. Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1970, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling.)
- 90 STRIJDOM, H.G. Sosiale status en die verband daarvan met vryetydsaktiwiteite, houdings en aspirasies van afrikaanssprekende standaard ses-seuns. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1971.
- 91 STRYDOM, A.E. Sportdeelname, skoolprestasie en aanpassing van standaard ses-seuns. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1970.
- 92 STRYDOM, J.A. 'n Sosiologiese ondersoek van die vryetydsbesteding van 'n groep leerlinge aan 'n parallelmedium hoër seunskool. Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1970, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling.)

- 93 TODAY, D. How undergraduates work. University Quarterly 11, 1957: 172-181.
- 94 UNIVERSITEIT VAN PRETORIA. Verslag van die studentevoorligtingskomitee insake 'n ondersoek na die akademiese aanpassing en vordering van eerstejaarstudente aan die Universiteit van Pretoria. Pretoria, 1957.
- 95 UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH. Eerstejaarsverslag van die Universiteit van Stellenbosch, 1955. Stellenbosch, 1956.
- 96 VAN NIEKERK, J.F. Studiegewoontes en -metodes van matriekleerlinge en eerstejaarstudente aan die universiteit - 'n vergelykende studie. Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch, 1972, (Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif.)
- 97 VERHOEF, W. Die invloed van skoolverwisseling op skoolprestasie. Refe= raat gelewer tydens SIRSA-kongres, Stellenbosch, September 1971.
- 98 WATTS, D.B. A Study of social characteristics affecting certain over-achieving and under-achieving rural high school senior boys as compared to their urban counterparts. Dissertation Abstracts 30, (7-A), 1970: 2735.
- 99 WEIGEL, R.G. and WEIGEL, V.N. The relationship of knowledge and usage of study skill techniques to academic performance. Journal of Educational Research 61(2), 1967: 78-80.
- 100 WILSON, R.C. and MORROW, W.R. School and career adjustment of bright high-achieving school boys. Journal of Genetic Psychology 101, 1962: 91-103.